UNIVERSITY
OF
JOHANNESBURG

COPYRIGHT AND CITATION CONSIDERATIONS FOR THIS THESIS/ DISSERTATION

creative commons

BY NC SA

- Attribution — You must give appropriate credit, provide a link to the license, and indicate if changes were made. You may do so in any reasonable manner, but not in any way that suggests the licensor endorses you or your use.
- NonCommercial — You may not use the material for commercial purposes.
- ShareAlike — If you remix, transform, or build upon the material, you must distribute your contributions under the same license as the original.

**How to cite this thesis**

Surname, Initial(s). (2012) Title of the thesis or dissertation. PhD. (Chemistry)/ M.Sc. (Physics)/ M.A. (Philosophy)/M.Com. (Finance) etc. [Unpublished]: University of Johannesburg. Retrieved from: https://ujdigispace.uj.ac.za (Accessed: Date).

GM10
CAST

# MAATSKAPLIKE PROBLEMATIEK VAN SORGSENTRUMS

deur

LEONIE ALMA VAN CASTRICUM

**SKRIPSIE**

voorgelê ter gedeeltelike vervulling
van die vereistes vir die graad

**MAGISTER IN DIE**

**LETTERE EN WYSBEGEERTE**

in

**MAATSKAPLIKE WERK**

in die

**FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE**

aan die

**RANDSE AFRIKAANSE UNIVERSITEIT**

**STUDIELEIER : DR J B S NEL**

**JUNIE 1994**

OPGEDRA AAN MY EGGENOOT

CASSIE

**DANKBETUIGINGS :**

Ek betuig graag my opregte dank teenoor die volgende persone en instansies wat die voltooiing van hierdie skripsie vir my moontlik gemaak het :

* My Hemelse Vader, vir krag en groot genade;

* Dr Hanna Nel wat bereid was om as studieleier op te tree, vir haar hulp en inspirasie;

* Spesiale dank aan my man Cassie, vir volgehoue ondersteuning, sowel as praktiese hulp;

* My kinders Marius, Nita en Amanda vir hulle aanmoediging en ondersteuning;

* My kleinseun Jaco vir sy inspirasie;

* Fonnie, Letia en Willie vir hulp met die rekenaarwerk;

* My werkgewer, Germiston Kinder- en Gesinsorgvereniging en al my kollegas vir hulle onbaatsugtige en spontane ondersteuning;

* Die sorgsentrumbestuurders en die haweloses vir hulle bereidwilligheid om aan die ondersoek deel te neem. Sonder hulle sou die studie nie moontlik gewees het nie;

* Vir alle ander persone en instansies wat op direkte of indirekte wyse hulp en bystand verleen het om hierdie studie moontlik te maak.

## INTRODUCTION

Homelessness is a phenomenon that cannot be universally ignored. Even South Africa has not escaped this problem and the current poor economical situation and extensive unemployment has left many people without the security of a home and poverty stricken. Many children are also exposed to this problem and have already be left homeless at an early stage.

Many homeless people take refuge in care centres. Care centres are relatively new manifestations, are rapidly increasing and there is little known about them. The researcher has become intensively aware of the problems that people in care centres are exposed to, and the far-reaching effects that it is having, especially on the family life.

A realisation has also materialised that a deficiency exists from within the social work profession with regards to services for the homeless. The researcher has also arrived at the shocking discovery that care centres often serve as a dumping-ground for the homeless, without any further involvement or provision of services.

## RESEARCH OBJECTIVES

The principle objective of the study was to explore the needs experience and circumstances of the homeless who are living in care centres, as well as the factors which led to their homelessness.

## RESEARCH METHODOLOGY

This study was based on qualitative research methodology and was basically exploratory, seeing as though it was aimed at the gathering of knowledge and insight. The study can also be defined as a self-initiated research as a result of the researcher's interest in the phenomenon of homelessness. As a result of the extensiveness of the problem, the study was limited to the homeless that stay in care centres in the Germiston area, of which there were four, during April 1994, when the study was undertaken.

A thorough literal study was conducted, which brought to light that other countries, especially America, have already undertaken various studies to research the phenomenon of homelessness. The cross-sectional survey was chosen as the research design, which also generated hypotheses. Interview schedules were used in the collection of data and respondents were selected through systematic sampling from the target group which consisted of the total number of inhabitants of the four care centres.

## RESEARCH RESULTS

Research results revealed the following :

* Care centres fulfils the great housing need of homeless people, but the provision of accommodation is not in itself a solution for homelessness;

* Homelessness correlates with the presence of numerous social problems;

* There are great similarities between the homeless in South-Africa and those in the rest of the world;

* The homeless generally lack support systems and are extremely lonely people;

* A pertinent fact was that the situation to which homeless children are exposed, has a far reaching effect on development of their personalities and future performances.

## RECOMMENDATIONS

As a result of these conclusions the researcher was able to make the following recommendations which can be summarised as follows :

* Intensive research with regards to the phenomenon of homelessness as well as care centres are necessary;

* Legislative regulations, especially with regards to the management and control of care centres need to be considered, as well as possible financial support in the form of subsidies;

* The social work profession needs to give urgent attention to the development of an intervention program that will be able to address the problem not only of homelessness as an individual problem, but also as a preventative program on a national level.

**CONCLUSION**

The researcher hopes that this study will serve as a sound motivation for other researchers to accept the recommendations, more especially the challenge to the social work profession to develop an intervention model for the homeless in South Africa.

# INHOUDSOPGAWE

**BLADSY**

**HOOFSTUK 1 : ALGEMENE ORIëNTERING TOT DIE STUDIE** 1

1.1 INLEIDING 1

1.2 MOTIVERING VIR DIE STUDIE 2

1.3 DOEL VAN DIE STUDIE 3

1.4 HIPOTESES 5

1.5 METODE VAN ONDERSOEK 5

1.6 BEGRENSING EN AFBAKENING VAN DIE TERREIN 6

1.7 PROBLEME WAT ONDERVIND IS 7

1.8 BEGRIPSOMSKRYWING 7

1.8.1 HAWELOOSHEID 8

1.8.2 SORGSENTRUM 9

1.8.3 ERVARINGS 9

1.8.4 ARMOEDE 9

1.8.5 BEHOEFTES 11

1.8.6 WERKLOOSHEID 11

1.8.7 MAATSKAPLIKE WERK 12

1.8.8 MAATSKAPLIKE ONDERSTEUNINGSISTEME 12

1.8.9 MAATSKAPLIKE PROBLEMATIEK 13

1.8.10 GEVOELENS 13

1.8.11 VERSKYNSEL 13

1.9 INDELING VAN DIE HOOFSTUKKE 14

1.10 SAMEVATTING 15

**HOOFSTUK 2 : TEORETIESE FUNDERING; SORGSENTRUMS EN HAWELOOSHEID** 16

2.1 INLEIDING 16

| | | |
|---|---|---|
| 2.2 | AGTERGROND EN OMVANG VAN SORGSENTRUMS | 16 |
| 2.3 | DIE BELANGRIKHEID EN FUNKSIES VAN 'N HUIS | 19 |
| 2.4 | DIE VERLIES VAN 'N HUIS | 19 |
| 2.5 | DIE EFFEK VAN OMGEWING OP DIE MENS | 20 |
| 2.6 | TIPES HAWELOOSHEID | 23 |
| 2.6.1 | ONSKADELIKE HAWELOOSHEID | 24 |
| 2.6.2 | SKADELIKE HAWELOOSHEID | 25 |
| 2.6.3 | KRONIESE HAWELOOSHEID | 27 |
| 2.6.4 | PERIODIEKE HAWELOOSHEID | 27 |
| 2.6.5 | TYDELIKE HAWELOOSHEID | 27 |
| 2.6.6 | TOTALE HAWELOOSHEID | 28 |
| 2.7 | OORSAKE VAN HAWELOOSHEID | 28 |
| 2.7.1 | WERKLOOSHEID EN GEPAARDGAANDE FINANSIëLE PROBLEME | 29 |
| 2.7.2 | UITSETTING VAN WOONPLEK | 30 |
| 2.7.3 | ARMOEDE | 30 |
| 2.7.4 | GESINSKONFLIK | 30 |
| 2.7.5 | DRANK- EN DWELMMISBRUIK | 31 |
| 2.7.6 | ONTBREKING VAN ONDERSTEUNINGSISTEME | 31 |
| 2.7.7 | MOBILITEIT | 32 |
| 2.7.8 | ONTSLAG UIT 'N INRIGTING | 32 |
| 2.7.9 | HAWELOOS UIT EIE KEUSE | 32 |
| 2.7.10 | ONGELUKKE OF NATUURRAMPE | 33 |
| 2.7.11 | SOSIO-EKONOMIESE FAKTORE | 33 |
| 2.8 | DIE GEVOLGE VAN HAWELOOSHEID EN DIE BETEKENIS VAN 'N HAWELOSE BESTAAN | 35 |
| 2.9 | DIE INVLOED VAN HAWELOOSHEID OP KINDERS | 37 |
| 2.10 | ALGEMENE KENMERKE VAN HAWELOSE KINDERS | 39 |
| 2.10.1 | ONTWIKKELINGSPROBLEME | 39 |

| | | |
|---|---|---|
| 2.10.2 | REGRESSIEWE GEDRAG | 40 |
| 2.10.3 | AGGRESSIEWE GEDRAG | 40 |
| 2.11 | SAMEVATTING | 41 |

**HOOFSTUK 3 : TEORETIESE MODELLE VAN HAWELOOSHEID** 42

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | INLEIDING | 42 |
| 3.2 | TIPOLOGIEë, MODELLE EN TEORIEë AS KONSEPTUELE RAAMWERK | 42 |
| 3.2.1 | TIPOLOGIEë | 42 |
| 3.2.2 | MODELLE | 43 |
| 3.2.3 | TEORIEë | 44 |
| 3.3 | SHINN EN WEITZMAN SE MODEL TEN OPSIGTE VAN HAWELOOSHEID | 45 |
| 3.3.1 | FAKTORE OP DIE PERSOONLIKE VLAK WAT MET HAWELOOSHEID GEASSOSIEER KAN WORD | 45 |
| 3.3.2 | MAATSKAPLIKE FAKTORE WAT MET HAWELOOSHEID GEASSOSIEER KAN WORD | 46 |
| 3.3.3 | HAWELOOSHEID EN DIE SOSIO-EKONOMIESE KONTEKS | 47 |
| 3.3.4 | DINAMIESE VERHOUDING TUSSEN DIE FAKTORE | 48 |
| 3.4 | ROPERS (1988) SE MODEL TEN OPSIGTE VAN HAWELOOSHEID | 50 |
| 3.4.1 | EKSTERNE VERANDERINGE | 51 |
| 3.4.2 | FAKTORE IN DIE INDIVIDU SELF GELEë | 52 |
| 3.4.3 | GEBREK OF GESTREMDHEID | 52 |
| 3.5 | GRIGSBY (1990) SE MODEL OOR HAWELOOSHEID | 53 |
| 3.6 | DIE HULPVERLENINGSMODEL VAN ZIEFERT EN BROWN | 57 |
| 3.6.1 | FAKTORE WAT IN AG GENEEM MOET WORD BY DIE ONTWIKKELING VAN 'N INTERVENSIEPROGRAM | 57 |
| 3.6.2 | ESSENSIëLE ASPEKTE IN 'N INTERVENSIEPROGRAM | 58 |
| 3.6.2.1 | ASSESSERINGSFASE | 58 |
| 3.6.2.2 | DIREKTE DIENSLEWERING | 59 |
| 3.6.2.3 | INVERBINDING STEL MET ONDERSTEUNINGSISTEME | 59 |

| | | |
|---|---|---|
| 3.6.2.4 | VERWYSING NA ANDER HULPDIENSTE | 60 |
| 3.6.2.5 | TERAPIE EN VERRYKINGSPROGRAMME | 60 |
| 3.6.2.6 | BEKOM VAN BEHUISING | 61 |
| 3.6.2.7 | VERHOGING VAN LEWENSVAARDIGHEDE | 62 |
| 3.6.3 | SAMEVATTING VAN DIE MODEL VAN ZIEFERT EN BROWN | 62 |
| 3.7 | GEÏNTEGREERDE MODEL VANUIT DIE VERSKILLENDE VIER MODELLE | 63 |
| 3.8 | SLOT OPMERKINGS | 63 |
| **HOOFSTUK 4 : NAVORSINGSMETODOLOGIE** | | 65 |
| 4.1 | INLEIDING | 65 |
| 4.2 | DIE NAVORSINGSONTWERP | 66 |
| 4.3 | NAVORSINGSTRATEGIE | 67 |
| 4.4 | DATA-INSAMELINGSMETODE | 69 |
| 4.4.1 | ONTWERP VAN 'N ONDERHOUDSKEDULE | 70 |
| 4.4.2 | HUUR EN OPLEIDING VAN ONDERHOUDSVOERDERS | 72 |
| 4.4.3 | STEEKPROEFTREKKING | 72 |
| 4.4.4 | VERKRYGING VAN TOESTEMMING VAN RESPONDENTE | 76 |
| 4.4.5 | BEPLANNING VAN DIE ONDERHOUD | 76 |
| 4.4.6 | VAARDIGHEDE IN ONDERHOUDSVOERING | 77 |
| 4.5 | SAMEVATTING | 78 |
| **HOOFSTUK 5 : NAVORSINGSBEVINDINGE** | | 80 |
| 5.1 | INLEIDING | 80 |
| 5.2 | BESPREKING VAN DIE SORGSENTRUMS WAT BY DIE NAVORSINGS-ONDERSOEK BETROKKE WAS | 80 |
| 5.2.1 | SORGSENTRUM EEN | 81 |
| 5.2.2 | SORGSENTRUM TWEE | 83 |
| 5.2.3 | SORGSENTRUM DRIE | 87 |

| | | |
|---|---|---|
| 5.2.4 | SORGSENTRUM VIER | 89 |
| 5.3 | KOMMENTAAR VAN SORGSENTRUMBESTUURDERS NA AANLEIDING VAN DIE ONDERHOUDSKEDULE | 91 |
| 5.3.1 | GROOTTE VAN DIE SORGSENTRUMS EN DIE HOEVEELHEID MENSE WAT GEAKKOMMODEER KAN WORD | 92 |
| 5.3.2 | FAKTORE WAT AANLEIDING TOT AANSTELLING AS BESTUURDER VAN DIE SORGSENTRUM GEGEE HET | 92 |
| 5.3.3 | STAPPE WAT DIE STIGTING VOORAF GEGAAN HET | 93 |
| 5.3.4 | VERBLYF IN ANDER SORGSENTRUMS | 94 |
| 5.3.5 | DOELSTELLINGS EN TOELATINGSVEREISTES | 94 |
| 5.3.6 | TYDPERK VAN VERBLYF | 96 |
| 5.3.7 | REDES WAAROM MENSE DIE SORGSENTRUMS VERLAAT | 96 |
| 5.3.8 | BRONNE VAN VERWYSING NA SORGSENTRUMS | 97 |
| 5.3.9 | VERSKAFFING VAN HUISVESTING AAN VERSKILLENDE BEVOLKINGS-GROEPE | 98 |
| 5.3.10 | INSTANDHOUDING | 99 |
| 5.3.11 | VRYETYDSBESTEDING VAN HAWELOSES | 99 |
| 5.3.12 | FINANSIëLE ASPEKTE | 99 |
| 5.3.13 | AARD VAN DIENSLEWERING | 100 |
| 5.3.14 | BETROKKENHEID VAN PROFESSIONELE PERSONE | 101 |
| 5.3.15 | BEHOEFTE AAN MAATSKAPLIKE WERKERS | 102 |
| 5.3.16 | OORSAKE VAN HAWELOOSHEID | 103 |
| 5.3.17 | MOONTLIKE OPLOSSINGS GEBASEER OP DIE ERVARINGSVELD VAN SORGSENTRUMBESTUURDERS | 104 |
| 5.3.18 | GEMEENSKAPSBETROKKENHEID BY SORGSENTRUMS | 105 |
| 5.3.19 | KOMMENTAAR EN AANBEVELINGS DEUR SORGSENTRUMBESTUURDERS | 105 |
| 5.4 | RESULTATE NA AANLEIDING VAN DIE ONDERHOUDSKEDULE MET HAWELOSE VOLWASSENES | 106 |
| 5.4.1 | PROFIEL VAN DIE HAWELOSE VOLWASSENE | 106 |
| 5.4.1.1 | GESLAG | 106 |
| 5.4.1.2 | HUISTAAL | 107 |

| | | |
|---|---|---|
| 5.4.1.3 | HUWELIKSTAAT | 107 |
| 5.4.1.4 | OUDERDOMSVERSPREIDING VAN HAWELOSES | 108 |
| 5.4.1.5 | GESINSGROOTTE | 109 |
| 5.4.1.6 | OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIES | 110 |
| 5.4.1.7 | HAWELOSES SE BEROEP | 111 |
| 5.4.2 | TYDPERK IN SORGSENTRUM WOONAGTIG | 112 |
| 5.4.3 | WERKSGESKIEDENIS | 113 |
| 5.4.3.1 | HAWELOSE SE MOTIVERING OM TE WERK | 114 |
| 5.4.3.2 | ONTVANGS VAN 'N STAATSTOELAAG | 115 |
| 5.4.4 | REDES VIR HAWELOOSHEID | 115 |
| 5.4.5 | KEUSE VER VERBLYF | 117 |
| 5.4.6 | TOESTAND VAN HAWELOOSHEID | 117 |
| 5.4.7 | BEWEEGLIKHEID VAN HAWELOSE MENSE | 119 |
| 5.4.8 | HAWELOSES SE TOEKOMSVERWAGTINGE EN LEWENSIDEALE | 120 |
| 5.4.9 | MANIFESTERING VAN MAATSKAPLIKE PROBLEME | 121 |
| 5.4.10 | GESONDHEIDSTOESTAND | 122 |
| 5.4.11 | FISIESE OMSTANDIGHEDE IN DIE SORGSENTRUM | 123 |
| 5.4.12 | ALGEMENE OMSTANDIGHEDE | 124 |
| 5.4.13 | BETALING VAN LOSIES | 125 |
| 5.4.14 | VRYETYDSBESTEDING | 126 |
| 5.4.15 | OMSTANDIGHEDE VAN KINDERS WAT SAAM MET OUERS IN SORGSENTRUMS WOON | 127 |
| 5.4.16 | PROBLEME WAT OUERS MET KINDERS ERVAAR | 128 |
| 5.4.17 | ONDERSTEUNINGSISTEME | 128 |
| 5.4.18 | PROFESSIONELE DIENSLEWERING AAN HAWELOSES | 129 |
| 5.4.19 | OORSAKE VAN HAWELOOSHEID | 131 |
| 5.4.20 | VOORKOMING EN BEKAMPING VAN DIE PROBLEEM | 133 |
| 5.4.21 | OPMERKINGS EN AANBEVELINGS VAN HAWELOSES | 134 |

| | | |
|---|---|---|
| 5.5 | RESULTATE NA AANLEIDING VAN DIE ONDERHOUDSKEDULE VAN HAWELOSE KINDERS WAT IN SORGSENTRUMS WOONAGTIG IS | 134 |
| 5.5.1 | IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE | 134 |
| 5.5.2 | OUDERDOMSVERSPREIDING | 135 |
| 5.5.3 | GESINSAMESTELLING | 136 |
| 5.5.4 | BEHUISINGSOMSTANDIGHEDE | 137 |
| 5.5.5 | TYDPERK IN SORGSENTRUM WOONAGTIG | 137 |
| 5.5.6 | REDES VIR HAWELOOSHEID SOOS DEUR DIE KIND BELEEF | 138 |
| 5.5.7 | WOONAGTIG IN ANDER SORGSENTRUMS | 139 |
| 5.5.8 | WOONPLEK VOOR HAWELOOSHEID | 140 |
| 5.5.9 | INVLOED VAN OMGEWING OP DIE KIND SE LEWE | 141 |
| 5.5.10 | OMSKRYWING VAN 'N SORGSENTRUM | 142 |
| 5.5.11 | BLOOTSTELLING AAN TOTALE HAWELOOSHEID | 143 |
| 5.5.12 | WERKSOMSTANDIGHEDE VAN HAWELOSE KIND SE OUERS | 145 |
| 5.5.13 | MANIFESTERING VAN MAATSKAPLIKE PROBLEME | 145 |
| 5.5.14 | BELEWING VAN MATERIëLE WELVAART | 145 |
| 5.5.15 | OPVOEDKUNDIGE FAKTORE | 146 |
| 5.5.15.1 | SKOOLBYWONING | 146 |
| 5.5.15.2 | SKOLASTIESE PRESTASIE | 147 |
| 5.5.15.3 | AANTAL SKOLE BYGEWOON | 148 |
| 5.5.16 | OMSTANDIGHEDE IN DIE SORGSENTRUMS | 149 |
| 5.5.17 | VRYETYDSBESTEDING | 150 |
| 5.5.18 | PERSOONLIKE FUNKSIONERING | 150 |
| 5.5.18.1 | ERVARING VAN PROBLEME | 150 |
| 5.5.18.2 | IS DIE KIND GELUKKIG | 151 |
| 5.5.18.3 | NA WIE TOE GAAN DIE KIND VIR HULP | 151 |
| 5.5.19 | MAATSKAPLIKE WERK | 152 |
| 5.5.20 | OORSAKE VAN HAWELOOSHEID EN OPLOSSINGS VIR DIE BEKAMPING VAN DIE PROBLEEM | 153 |

| | | |
|---|---|---|
| 5.6 | SAMEVATTING | 155 |
| **HOOFSTUK 6 : GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS** | | 157 |
| 6.1 | INLEIDING | 157 |
| 6.2 | DOELSTELLINGS | 157 |
| 6.2.1 | VERKENNING VAN HAWELOOSHEID DEUR 'N TOEPASLIKE LITERATUURSTUDIE TE ONDERNEEM | 158 |
| 6.2.2 | EKSPLORERING VAN DIE PROBLEME EN BEHOEFTES VAN DIE INWONERS VAN SORGSENTRUMS | 159 |
| 6.2.3 | EKSPLORERING VAN DIE AARD EN DOELSTELLINGS VAN SORGSENTRUMS | 161 |
| 6.2.3.1 | SORGSENTRUMS AS VERSORGINGSOORD | 161 |
| 6.2.3.2 | PROGRAMME WAT AANGEBIED WORD | 162 |
| 6.2.3.3 | FINANSIES | 162 |
| 6.2.3.4 | SORGSENTRUMS AS GEMEENSKAPSBRON | 163 |
| 6.2.3.5 | TYDPERK VAN VERBLYF | 163 |
| 6.3 | AANBEVELINGS | 164 |
| 6.3.1 | NAVORSING | 164 |
| 6.3.2 | SORGSENTRUMS AS VERSORGINGSOORDE | 164 |
| 6.3.3 | MAATSKAPLIKEWERK-PROFESSIE | 165 |
| 6.3.4 | HIPOTESES | 165 |
| 6.4 | SLOTGEDAGTES | 167 |
| **HOOFSTUK 7 : OPSOMMING** | | 168 |
| 7.1 | INLEIDING | 168 |
| 7.2 | NAVORSINGSDOELSTELLINGS | 168 |
| 7.3 | NAVORSINGSMETODOLOGIE | 169 |
| 7.4 | NAVORSINGSBEVINDINGE | 169 |
| 7.5 | AANBEVELINGS | 170 |
| 7.6 | SLOTBESKOUING | 171 |

# LYS VAN TABELLE


| TABEL | BESKRYWING | BLADSY |
|---|---|---|
| 5.1 | GETAL HAWELOSES WOONAGTIG IN SORGSENTRUMS | 92 |
| 5.2 | SORGSENTRUMS SE VERWYSINGSBRONNE | 98 |
| 5.3 | PROFESSIONELE DIENSLEWERING | 101 |
| 5.4 | GESLAG VAN DIE HAWELOSE PERSOON | 106 |
| 5.5 | HUISTAAL VAN DIE HAWELOSE | 107 |
| 5.6 | HUWELIKSTAAT VAN DIE HAWELOSE | 107 |
| 5.7 | OUDERDOMSVERSPREIDING VAN DIE HAWELOSE | 108 |
| 5.8 | BEWEGING VAN KINDERS | 109 |
| 5.9 | OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIES | 110 |
| 5.10.1 | BEROEP VAN HAWELOSE MANS | 111 |
| 5.10.2 | BEROEP VAN HAWELOSE VROUENS | 112 |
| 5.11 | TYDPERK IN SORGSENTRUM WOONAGTIG | 112 |
| 5.12 | HUIDIGE WERKSITUASIE VAN HAWELOSE PERSOON | 113 |
| 5.13 | TYDPERK VAN WERKLOOSHEID | 113 |
| 5.14 | MOTIVERING OM WERK TE KRY | 114 |
| 5.15 | REDES VIR HAWELOOSHEID | 116 |
| 5.16 | KEUSE VIR VERBLYF | 117 |
| 5.17 | BLOOTSTELLING AAN TOTALE HAWELOOSHEID | 118 |
| 5.18 | VERBLYF IN ANDER SORGSENTRUMS | 119 |
| 5.19 | ERVARING VAN MAATSKAPLIKE PROBLEME | 121 |
| 5.20 | TIPE PROBLEME WAT ERVAAR WORD | 121 |
| 5.21 | ERVARING VAN GESONDHEIDSPROBLEME | 122 |
| 5.22 | ERVARING VAN DEPRESSIWITEIT | 123 |

| | | |
|---|---|---|
| 5.23 | INWONERS SE BELEWENIS VAN DIE ALGEMENE OMSTANDIGHEDE IN DIE SORGSENTRUMS | 124 |
| 5.24 | BYDRAES VIR LOSIES WAT VERSKAF WORD | 125 |
| 5.25 | BEHUISINGSOMSTANDIGHEDE TEN OPSIGTE VAN HAWELOSES SE KINDERS | 127 |
| 5.26 | BESKIKBAARHEID VAN ONDERSTEUNINGSISTEME | 128 |
| 5.27 | HULPVERLENING DEUR 'N MAATSKAPLIKE WERKER | 129 |
| 5.28 | OORSAKE VAN HAWELOOSHEID | 131 |
| 5.29 | VOORSTELLE VAN HAWELOSES VIR DIE BEKAMPING VAN DIE PROBLEEM VAN HAWELOOSHEID | 132 |
| 5.30 | GESLAG VAN HAWELOSE KINDERS | 135 |
| 5.31 | OUDERDOMSVERSPREIDING | 135 |
| 5.32 | GESINSAMESTELLING VAN DIE HAWELOSE KIND | 136 |
| 5.33 | PLEK VAN VERBLYF EN KONTAK MET ANDER OUER | 137 |
| 5.34 | TYDPERK WOONAGTIG IN SORGSENTRUM | 138 |
| 5.35 | REDES VIR HAWELOOSHEID | 139 |
| 5.36 | VOORHEEN IN ANDER SORGSENTRUMS WOONAGTIG | 140 |
| 5.37 | WOONPLEK VOOR HAWELOOSHEID | 140 |
| 5.38 | PLEK VAN BELANG IN DIE KIND SE LEWE | 141 |
| 5.39 | BLOOTSTELLING AAN TOTALE HAWELOOSHEID | 144 |
| 5.40 | BELEWING VAN MATERIëLE WELVAART | 146 |
| 5.41 | SKOLASTIESE PRESTASIE | 147 |
| 5.42 | AANTAL KERE GEDRUIP | 147 |
| 5.43 | AANTAL SKOLE BYGEWOON | 148 |
| 5.44 | HULPSISTEME VAN HAWELOSE KINDERS | 151 |
| 5.45 | HULPVERLENING DEUR 'N MAATSKAPLIKE WERKER | 152 |
| 5.46 | OORSAKE VAN HAWELOOSHEID | 153 |
| 5.47 | OPLOSSING VIR DIE PROBLEEM VAN HAWELOOSHEID | 154 |

# LYS VAN FIGURE


| FIGUUR | BESKRYWING | BLADSY |
|---|---|---|
| 3.1 | DIE MAATSKAPLIKE PROSESMODEL VAN VERSKANSING IN HAWELOOSHEID | 56 |
| 3.2 | TEORETIESE MODEL TEN OPSIGTE VAN DIE PROSES VAN HAWELOOSHEID | 64 |

# HOOFSTUK 1

# ALGEMENE ORIëNTERING TOT DIE STUDIE

## 1.1 INLEIDING

Armoede is een van die ergste probleme wat die wêreld vandag in die gesig staar. Hoewel die verskynsel vir baie jare reeds bestudeer is, word daar juis as gevolg van die omvangrykheid daarvan huidiglik, met nuwe oë weer daarna gekyk.

Ook Suid-Afrika het die probleem nie vrygespring nie en daar kan met reg gesê word dat armoede sonder twyfel beskou kan word as een van die ergste probleme wat Suid-Afrika moet hanteer. Volgens die Buro van Marknavorsing het 44,8% van die totale bevolking in 1989 onder die minimum bestaanspeil gelewe. Dit beteken dat ongeveer 16,6 miljoen mense in 1989 hulleself onder die minimum bestaanspeil bevind het. 'n Konserwatiewe beraming vir 1993 gee die syfer van 18 miljoen mense wat onder die minimum bestaanspeil leef (Venter,1993:1). Wat kommerwekkend is, is dat 'n verdere 3 tot 4 miljoen mense hulle in maatskaplike nood bevind en dat hierdie groep hulleself in 'n marginale gebied bokant die minimum bestaanspeil bevind. Hulle is uiters kwesbaar vir gebeure in hulle lewensomgewing en kan deursak na die groep onder die minimum bestaanspeil.

Die Wêreldbank het armoede gedefinieer as "... the inability to attain a minimum standard of living". Oral waar armoede in die internasionale gemeenskap voorkom geld daar wesenskenmerke van die verskynsel, soos byvoorbeeld 'n lae ekonomiese groeikoers van die land, 'n hoë voorkoms van werkloosheid, die afname in die koopkrag van die land se bestaansmiddele, 'n hoë voorkoms van sosiaal patalogiese

verskynsels en 'n lae welsynstatus van die bevolking.

Galbraith (1979:60) wys daarop dat armoede pynlik bly, of mense daarby aangepas het of nie, en om die feit te aanvaar dat armoede bestaan, beteken nie noodwendig om die onvermydelikheid daarvan te aanvaar nie. Wilson en Ramphele (1989:15) beweer : "Poverty is not one-dimentional, it has many faces".

Van die sigbaarste kenmerke van armoede is seker werkloosheid en haweloosheid. In die laaste dekade het haweloosheid ook meer algemeen geword en het baie nuwe aspekte van die probleem na vore gekom. Behalwe vir die geweldige toename in getalle, is vandag se haweloses heelwat jonger as in vorige tye en dit sluit baie meer vrouens en kinders in, asook mense wat werk.

Die huidige swak ekonomiese situasie en omvangryke werkloosheid wat daarmee gepaard gaan, het talle andersins selfstandige mense die sekuriteit van 'n werk en vaste inkomste ontneem en haweloos gelaat. Mense wat voorheen 'n sukkelbestaan gevoer het, vind dit onder die huidige omstandighede moeiliker om 'n bestaan te maak.

Die gevolge van haweloosheid, veral ten opsigte van mense se eiewaarde, asook hulle waarde vir die gemeenskap, is reeds in so 'n mate aangetas dat dit dringend aandag vereis. Baie kinders word aan armoede blootgestel en is op 'n vroeë leeftyd haweloos waar ander weer op 'n voortdurende basis deur armoede bedreig word. 'n Groot deel van die land se toekomstige burgers is dus reeds ernstig aan die probleem blootgestel.

## 1.2 MOTIVERING VIR DIE STUDIE

Weens die navorser se noue betrokkenheid by gesinsorgdienste het sy 'n besondere

belangstelling in alle aspekte wat betrekking het op die gesin. Die navorser het ook uit die aard van die praktyk intens bewus geword van die armoedeprobleem en die ingrypende effek wat dit veral op die gesinslewe het.

Germiston word oorval met 'n toename in hawelose mense en veral gesinne. Baie van hierdie mense neem hulle toevlug na sorgsentrums, beter bekend as "missions", omdat daar vir hulle geen ander heenkome is nie. Hierdie sentrums is 'n redelik nuwe verskynsel en daar is min van hulle bekend. Wat egter nie ontken kan word nie, is dat hierdie sentrums onmiskenbaar in 'n behoefte voorsien.

Die navorser het deur die praktyk besef watter leemtes daar in dienslewering bestaan, veral in gevalle waar daar nie 'n genoegsame kennisbasis opgebou is wat gegrond is op die nodige navorsing nie. Vanuit die professionele verantwoordelikheid van die navorser, is besluit om die navorsing op 'n gebied wat nog 'n redelike onbekende terrein in Suid-Afrika is, naamlik haweloosheid, te onderneem.

Haweloosheid as 'n maatskaplike probleem word in 'n groot mate stilswyend aanvaar en word selfs geïgnoreer. Die gemeenskap is geneig om haweloses eenkant te skuif, welsynsorganisasies en ander instellings kan niks of weinig vir hulle doen en selfs die Staat ontduik die verantwoordelikheid met die veronderstelling dat elke persoon vir sy eie welstand verantwoordelik is.

## 1.3 DOEL VAN DIE STUDIE

Die oorkoepelende **doelstelling** van die studie was om 'n verkenning van die aard en behoeftes van die mense woonagtig in sorgsentrums in die Germiston gebied te doen,

sowel as van die faktore wat aanleiding tot hulle haweloosheid gegee het. Dié fokus sal veral val op die maatskaplikewerk-praktyk en -dienslewering aan hierdie persone. Volgens Mouton en Marais (1990:45) is die oogmerke met sodanige verkenning uiteenlopend van aard naamlik :

* om nuwe insigte oor die domeinverskynsel in te win;
* as 'n voorondersoek tot 'n meer gestruktureerde studie van die verskynsel;
* om prioriteite vir verdere navorsing vas te stel; en
* om nuwe hipoteses oor 'n bestaande verskynsel te ontwikkel.

Ten einde die doelstelling te bereik, is die volgende doelwitte daargestel :

(a) om 'n verkenning van haweloosheid as 'n relatief onbekende terrein deur 'n oorsig van bestaande en toepaslike literatuur te onderneem;

(b) Om die probleme en behoeftes van die inwoners woonagtig in sorgsentrums, die faktore wat aanleiding tot hulle haweloosheid gegee het, sowel as hulle belewenis daarvan, te peil;

(c) Om die aard en doelstellings van sorgsentrums as versorgingsoorde te ondersoek;

(d) Om nuwe hipoteses aan die einde van die studie te ontwikkel; en

(e) Om aanbevelings vanuit bogenoemde doelwitte te maak, met die oog op die ontwikkeling van 'n intervensieprogram vir welsynsorganisasies in 'n latere stadium.

## 1.4 HIPOTESES

Volgens Mouton en Marais (1991:137) is 'n hipotese 'n stelling wat 'n vermeende verband tussen twee of meer veranderlikes of verskynsels postuleer. Die outeur sê verder dat in meer ongestruktureerde navorsing die navorser nuwe verbande identifiseer en uit waarnemings, ervarings, verbeelding, ensovoorts, hipoteses genereer. In hierdie studie sal hipoteses aan die einde van die studie, in hoofstuk 6, ontwikkel word.

## 1.5 METODE VAN ONDERSOEK

Soos vroeër vermeld (1.2), is daar redelik min oor haweloosheid as fenomeen bekend en is kennis oor en dienslewering aan die hawelose persoon in die maatskaplikewerk-praktyk, 'n relatief onbekende terrein. Die navorser het beoog om met die navorsingstudie **kennis te ontgin** oor die persoon en om daardeur te poog om sy/haar optrede te verstaan. Daarom is die studie aan die hand van kwalitatiewe navorsingsbenadering gedoen wat basies verkennend van aard is, waar die dwarssnit opname as navorsingsontwerp gekies is (De Vos,1993:16).

Deur 'n kwalitatiewe navorsingstrategie aan te wend, word hoofsaaklik, soos Collins (1991:2) ook tereg sê "van binne na buite gekyk". 'n Breedvoerige omskrywing van die navorsingsmetodologie word in hoofstuk 4 gevind.

As data-insamelingsmetode is daar op 'n maatskaplike opname besluit, wat die identifisering van sleutelpersone en sleutelinstansies wat op 'n sinvolle manier by die teikengroep betrokke is, behels.

In hierdie betrokke studie is die **teikenpopulasie**, die **haweloses**, woonagtig in die 4 sorgsentrums in die Germiston gebied. Wat die steekproeftrekking betref is die universum in 'n aantal strata verdeel, met betrekking tot getroude pare, enkellopende persone, kinders en sorgsentrumbestuurders. 'n Lys van name van die aantal inwoners wat in elke sorgsentrum woonagtig was, is deur die sorgsentrumbestuurders tot beskikking van die navorser gestel, waarna die respondente op 'n sistematiese wyse getrek is. 'n Volledige bespreking sal in hoofstuk 4 (4.4.3) gevind word.

Die data is ingesamel met behulp van 'n deeglike literatuurstudie en **66** onderhoude is aan die hand van onderhoudskedules, met die teikengroepe gevoer. Die begrip **onderhoudskedule** word meer volledig in hoofstuk 4 (4.4) toegelig.

Ten slotte is al hierdie data ontleed en verwerk, ten einde die teorie en praktyk bymekaar uit te bring.

## 1.6 BEGRENSING EN AFBAKENING VAN DIE TERREIN

Die aanvanklike intensie van die navorser was om te fokus op die verskynsel van haweloosheid; op die persoonlike sowel as die sosio-ekonomiese vlak, die probleme wat aanleiding tot haweloosheid gegee het, sowel as die impak daarvan. Met die aanvang van die studie het dit geblyk dat die bestek van die onderwerp te wyd lê vir die doeleindes van 'n skripsie en is daar besluit om die studie te beperk tot die ondersoek van die maatskaplike problematiek van hawelose persone woonagtig in sorgsentrums in die Germiston gebied.

## 1.7 PROBLEME WAT ONDERVIND IS

Vanweë die gebrekkige navorsing wat nog in Suid-Afrika gedoen is ten opsigte van hawelooshcid, was die navorser in 'n groot mate aan haar eie inisiatief oorgelaat om die studie te loods.

Die navorser het egter nie ernstige probleme ondervind met die empiriese navorsing nie. Respondente was oop en toeganklik en sommige het uit eie beweging die navorser genader en wou graag 'n bydrae lewer oor haweloosheid. Onderhoude is by die sorgsentrums gedoen, dikwels na-ure en oor naweke. Sorgsentrumbestuurders het hulle volle samewerking verleen.

Wat wel 'n vertraging veroorsaak het met die navorsing was 'n woeste bomontploffing wat plaasgevind het net buite een van die sorgsentrums waar die navorser besig was met onderhoudvoering. Aangesien dit tydens die verkiesing (April 1994) was, was die bom sekerlik polities geïnspireer en hoewel dit waarskynlik nie gemik was op die inwoners van die sentrum nie, is talle van die mense ernstig beseer en is baie skade aan die gebou aangerig. As gevolg van die trauma kon die navorser nie voortgaan met die onderhoudsvoering nie, aangesien dit die betroubaarheid en geldigheid van die navorsing kon beïnvloed. Aangesien die inwoners van die spesifieke sorgsentrum deel was van die teikengroep, was dit belangrik om hulle wel te betrek by die navorsing en is die onderhoudvoering eers in 'n latere stadium gedoen.

## 1.8 BEGRIPSOMSKRYWING

Vir die doeleindes van hierdie studie word die volgende begrippe omskryf :

### 1.8.1 HAWELOOSHEID

Definiëring van haweloosheid is moeilik en dit is veral in 'n internasionale en selfs nasionale konteks nog meer gekompliseerd, want in baie minder ontwikkelde gemeenskappe woon groot gedeeltes van die samelewing permanent onder fisiese toestande, wat minder bevredigend is as die lewensomstandighede wat in die meeste sorgsentrums voorsien word.

Ropers (1988:67) definieer haweloosheid as : "...those individuals and families who lack resources and community ties necessary to provide for their own adequate shelter". Ropers redeneer verder dat die omvang van die hoeveelheid haweloses meer is as net die getal mense wat letterlik op straat is en maak die stelling dat dit ook diegene insluit wat in skuilings en tuistes vir haweloses woonagtig is. Die outeur se redenasie daarvoor is dat daar in die meeste tuistes vir haweloses net in hulle basiese behoeftes voorsien word en hy beskryf hulle as "sheltered homeless" (Ropers,1988:67).

Bahr en Caplow (1988:55) sluit hierby aan as hulle haweloosheid beskryf as : "... detachment from society, characterized by the absence or attenuation of the affiliation bonds that link settled persons to a network of interconnected social interactions".

Die Verklarende Afrikaanse Woordeboek (1993:255) definieer haweloosheid as armoedig, verflenter, slordig, verwaarloos, sonder besittings en sonder herberg.

Samevattend kan dus gesê word dat haweloosheid 'n multi-dimensionele probleem is, wat individue en gesinne insluit wat nie oor die nodige lewensmiddele beskik om in hulle eie behuisingsbehoeftes te voorsien nie en wat van die gemeenskap se

ondersteuningsisteme afgesluit is.

### 1.8.2 'n SORGSENTRUM

Volgens 'n verslag van die Departement Gesondheidsdienste en Welsyn (1992:3) word met 'n sorgsentrum wat dikwels ook bekend staan as 'n "mission" die volgende bedoel : "'n Residensiële fasiliteit, dikwels met 'n religieuse inslag, onder privaatbestuur, waar mense wat weens verskeie faktore haweloos is, vir 'n korter of langer tydperk geherberg en versorg word, uit bydraes wat hoofsaaklik deur die publiek verskaf word".

Vir die doeleindes van hierdie studie word 'n sorgsentrum beskou as 'n residensiële fasiliteit vir hawelose persone, waar hulle tydelik woon, eet, slaap, ontspan en waar moontlik, die individu opgehef kan word om weer selfstandig in die samelewing te kan funksioneer.

### 1.8.3 ERVARINGS

Dit wat 'n persoon beleef en hoe hy sekere gebeurtenisse aan sy lyf voel, word gedefinieer as sy ervarings of belewenisse. Praktiese kennis van bepaalde sake is ook ervarings. 'n Ander sinoniem is ondervindings (Labuschagne en Eksteen,1993:178).

### 1.8.4 ARMOEDE

Wilson en Ramphele (1991:5) beskryf armoede soos volg : "Poverty is partly a matter

of income and partly a matter of human dignity. It is one thing to have a very low income, but to be treated with respect by your compatriots; it is quite another matter to have a very low income and to be harshly depreciated by more powerful compatriots. Let us speak then of human impoverishment : low income plus harsh disrespect .... To speak of impoverishment in this sense is to speak of human degradation so profound as to undermine any reasonable and decent standard of human life". Die navorsers (1991:15) konstateer ook dat armoede baie fasette het en nie uit een enkele dimensie bestaan nie.

Galbraith (1979:60) beweer : "Poverty remains a painful thing whether people have accommodated to it or not. And to accept the fact of accommodation is not to accept the inevitability of poverty".

Dye (1991:107) vra die vraag, ".... hoe arm is arm en wie is die arme werklik?" Die navorser beweer verder dat definiëring van die begrip sal bepaal wat die omvang van armoede sal wees en wie die armes is. Afhangende van die definisie kan armoede dus selfs in gegoede gemeenskappe voorkom. "Poverty occurs in many different kinds of families and in all environmental settings. However, the incidence of poverty varies sharply among groups living under different circumstances, and several groups experience poverty in greater proportions than the national average. Some people think they have less income or material possessions than most other people, and they believe they are entitled to more" (Dye,1991:110).

Vir die doeleindes van hierdie studie word die begrip armoede gedefinieer as die onvermoë om basiese items soos voedsel en huisvesting te kan bekostig, wat noodsaaklik is vir oorlewing.

### 1.8.5 BEHOEFTES

Dit wat 'n persoon nodig het om van hom 'n tevrede, gelukkige persoon te maak, word sy behoeftes genoem. Behoeftes kan fisies, emosioneel, geestelik, psigies of selfaktualiserend van aard wees. Die Verklarende Woordeboek (1993:65) beskou behoeftes as dit wat nodig is, innerlike drang, nooddurf - dit wat nodig is om behoorlik te bestaan.

### 1.8.6 WERKLOOSHEID

Ter verduideliking van die term moet onderskei word tussen twee begrippe, naamlik :

* **Werkloosheid**

  Met die begrip werkloosheid word bedoel daardie persoon wat weens toestande buite sy beheer, byvoorbeeld ekonomiese resessie, werkloos is en graag weer wil werk.

* **Werkskuheid**

  Met 'n werksku persoon word bedoel 'n persoon wat :

  * in staat is om te werk;
  * wat behoort te werk;
  * vir wie daar geskikte werk bestaan, maar wat nie wil werk nie; of,
  * baie ongereeld werk.

### 1.8.7 MAATSKAPLIKE WERK

Vir die doeleindes van hierdie navorsing sal die volgende definisie soos omskryf deur Skidmore et al. (1991:7), aanvaar word : "Maatskaplike werk is 'n kuns, 'n wetenskap, 'n professie wat mense help om persoonlike-, groeps- en gemeenskapsprobleme op te los, deur die maatskaplikewerk-praktyk wat gevalle-, groep- en gemeenskapswerk, administrasie en navorsing insluit.

Die maatskaplikewerk-praktyk van vandag is dikwels generies van aard, wat al die genoemde metodes insluit. Die belangrikste fokus is op die vermindering van probleme wat in menslike verhoudings geleë is en op die verryking van lewe deur verbeterde menslike interaksie".

### 1.8.8 MAATSKAPLIKE ONDERSTEUNINGSISTEME

Barrera et al. (1983:462) beskryf maatskaplike ondersteuning as die verskillende maniere waarop mense mekaar help, byvoorbeeld, emosionele aanmoediging, advies, verskaffing van inligting, leiding, tasbare hulp of konkrete bystand.

Tracey en Whittaker (1990:462) sluit hierby aan en sê dat maatskaplike ondersteuning spontaan voorsien kan word deur die natuurlike hulpverleningsnetwerk van familie of vriende, of dit kan gemobiliseer word deur professionele intervensie. Maatskaplike ondersteuning wat voorsien word deur die informele hulpnetwerksisteem word gekenmerk deur gemeenskaplikheid, wederkerigheid en informaliteit, wat nie altyd teenwoordig is in die formele hulpverleningsverhouding nie.

### 1.8.9 MAATSKAPLIKE PROBLEMATIEK

Volgens Labuschagne en Eksteen (1993:478) beteken die begrip **maatskaplike**, betreffende die samelewing, wat weer 'n aanduiding is van die wat met mekaar saamleef. **Problematiek** is die vervlegtheid en verwikkeldheid van moeilike oplosbare en verklaarbare sake of situasies en is 'n onderwerp van 'n bepaalde lewensaangeleentheid.

Vir die doeleindes van hierdie skripsie word maatskaplike problematiek omskryf as probleme wat die welsyn (well-being) en belang van die mens se fisiese, emosionele, geestelike en ekonomiese behoeftes betref, in verhouding met sy of haar saamleef met ander.

### 1.8.10 GEVOELENS

Volgens Van Zyl (1993:19) is gevoelens die bewustheid van dit wat op die emosionele, innerlike vlak ervaar word en wat van 'n mens 'n gevoelsmens maak. Gevoelens kan positief of negatief van aard wees en gevoelens veroorsaak meestal die een of ander reaksie daarop. Voorbeelde van gevoelens van 'n positiewe aard is : blydskap, vreugde, genoegdoening, tevredenheid, warmte en toegeneentheid. Gevoelens van 'n negatiewe aard is : woede, frustrasie, hartseer, emosionele pyn, ontnugtering, vernedering, ensovoorts.

### 1.8.11 VERSKYNSEL

Volgens die Verklarende Woordeboek (1993:1014) is 'n verskynsel iets wat verskyn

en wat 'n kenmerk van iets is wat sigbaar is. 'n Sinoniem vir die woord is fenomeen.

## 1.9 INDELING VAN DIE HOOFSTUKKE

Die skripsie bestaan uit ses hoofstukke wat soos volg ingedeel is :

**Hoofstuk 1** is 'n inleiding en algemene oriëntering ten opsigte van die navorsingsondersoek.

**Hoofstuk 2** word gewy aan die teoretiese fundering ten opsigte van sorgsentrums en haweloosheid as verskynsel.

**Hoofstuk 3** gee 'n oorsig van reeds bestaande modelle vir die bestudering van haweloosheid, sowel as 'n intervensiemodel vir die hantering van die hawelose persoon.

**Hoofstuk 4** is gewy aan die navorsingsmetodologie en die praktiese uitvoering daarvan.

In **Hoofstuk 5** word die navorsingsbevindinge weergegee; en

**Hoofstuk 6** dek die gevolgtrekkings en enkele aanbevelings.

## 1.10 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is 'n kort inleiding vir die studie verskaf.

Die algemene beplanning vir die navorsingsverslag is bespreek en enkele belangrike begrippe is omskryf. In die volgende hoofstuk word die teoretiese fundering vir die studie deur 'n literatuurstudie oor sorgsentrums en haweloosheid as verskynsel verskaf.

# HOOFSTUK 2

# TEORETIESE FUNDERING : SORGSENTRUMS EN HAWELOOSHEID

## 2.1 INLEIDING

Ten einde haweloosheid as konsep te verstaan, is dit nodig om 'n geheelbeeld van die verskynsel te verkry. Aandag sal ook aan sorgsentrums as huisvestingsmoontlikheid vir haweloses gegee word.

'n Veelvoud van omskrywings, metings en verbandhoudende aspekte van die verskynsel van haweloosheid word in die literatuur gedokumenteer. In hierdie hoofstuk word aandag gegee aan 'n beskrywing van die aard en omvang van sorgsentrums, die betekenis van 'n huis en die verlies daarvan, omskrywings en klassifikasies van verskillende soorte haweloosheid, die oorsake van haweloosheid, die betekenis van 'n hawelose bestaan en ook die gevolge wat dit vir 'n kind het.

## 2.2 AGTERGROND EN OMVANG VAN SORGSENTRUMS

Volgens 'n verslag van die Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn (1992:1) is sorgsentrums (in die algemeen bekend as "missions") 'n redelik nuwe verskynsel en is daar min van hulle bekend. Die verslag sê verder dat dit ook op die oog af wil voorkom asof sommige van hierdie sentrums oorhaastig en onbeplan ontstaan het en nie opgewasse is vir hulle selfopgelegde taak nie.

Volgens die verslag het die oudste sentrum in Suid-Afrika in 1971 tot stand gekom.

Na Januarie **1990** is **59,14%** van die sorgsentrums gestig en in die eerste ses maande van **1992** het **8** sorgsentrums tot stand gekom. Op 30 April 1992 was daar **2 897** persone in sorgsentrums gehuisves (Departement van Gesondheidsdienste en Welsyn, 1992:16). Hierdie inligting is verkry deur 'n nasionale opname van al die geïdentifiseerde sorgsentrums, deur middel van onderhoudskedules wat deur die departement se eie amptenare in samewerking met die besture van die sentrums, voltooi is.

Volgens 'n opname wat deur die navorser met die hulp van die Verenigde Sorgsentrumvereniging (waarvan die meeste van die sorgsentrumbestuurders lid is) gedoen is, was daar op 30 April 1994 slegs aan die Rand reeds 43 sorgsentrums, wat gesamentlik **4 195** mense huisves. Behalwe hierdie sentrums is daar nog ander soortgelyke sentrums wat nie aan die Verenigde Sorgsentrumvereniging behoort nie en is die getal mense wat hulle huisves ook nie bekend nie. In sorgsentrums slegs aan die Witwatersrand is daar dus reeds dubbel die getal haweloses, as wat daar twee jaar gelede in sorgsentrums in die hele Suid-Afrika was.

Volgens die Departementele Verslag (1992:11) was daar op 30 April 1992, **1 198** mense in sorgsentrums in die genoemde gebied geakkommodeer. Dit toon 'n toename van 2 997 hawelose mense oor 'n tydperk van twee jaar, wat 'n ontstellende toename in die hoeveelheid hawelose mense is.

Hierdie getalle sluit ook nie die hawelose mense in wat heeltemal sonder skuiling is en wat in die strate, parke, onbewoonde geboue en ander plekke slaap en woon nie. Dit is moeilik om 'n opname van die werklike getalle van hierdie haweloses te maak, omdat daar nêrens 'n lys van name is van wie haweloos is en wie nie. Soos Breakey en Fisher (1990:32) tereg sê is die meeste haweloses nie anders in voorkoms en gedrag

as gewone mense van die laer sosio-ekonomiese klas nie en kan hulle dus nie so maklik buite sentrums vir haweloses geïdentifiseer word nie. Hierdie groep mense sal dus nie by hierdie navorsingsondersoek betrek word nie.

Uit die geweldige toename in die omvang van haweloosheid aan die Witwatersrand, blyk dit dat baie mense hulle toevlug neem tot die gebied, moontlik met die hoop op beter werksgeleentheid en gepaardgaande behuising. Bingham et al. (1987:42) gee verskeie redes hoekom daar meer hawelose mense in die groot stede is, naamlik :

* dat daar meer sentrums is waar hawelose mense gehuisves kan word;
* dat werkloses na die stede met die persepsie van meer werksgeleenthede getrek word;
* dat dit makliker is om minder opvallend en "onsigbaar" te wees; en
* dat mense deur owerhede en ander instansies op kleiner plekke na die stede verwys word en selfs van bus- en treinkaartjies voorsien word. Bingham et al. (1988:42) verwys daarna as die "greyhound therapy".

'n Ander tendens wat nie buite rekening gelaat moet word nie, is die talle kinders wat haweloos is en in die algemeen bekend is as straatkinders. Om hulle getalle te bepaal en selfs om hulle op te spoor, is net so moeilik as om die totale omvang van haweloosheid te bepaal en wat 'n navorsingstudie van sy eie sal verg. Slegs hawelose kinders wat woonagtig is in die sorgsentrums wat betrek is by hierdie navorsing, sal bespreek word.

Voordat haweloosheid as verskynsel verder bespreek gaan word, is dit belangrik om te kyk na die belangrikheid en funksies van 'n huis, om sodoende werklik te kan begryp wat die verlies daarvan vir die mens beteken.

## 2.3 DIE BELANGRIKHEID EN FUNKSIES VAN 'n HUIS

Soos in die vorige hoofstuk aangetoon is, is haweloosheid geen nuwe verskynsel nie. Soos Roper (1988:15) tereg sê, is haweloosheid niks nuuts nie, maar ook niks minder as 'n groot tragedie nie, 'n tragedie wat toenemend in die tye waarin ons leef op die voorgrond tree. Kraljic (1992:7) beweer dat saam met voedsel, gesondheid en persoonlike veiligheid, daar seker nie 'n groter basiese behoefte vir enige mens is as huisvesting nie. Die outeur sê verder "... Indeed, aside from loss of these other three fundamental necessities, nothing is more likely to scar the psyche and soul of any individual than homelessness. For many in society, the prospect of homelessness is perhaps the most frightening of societal ills because it tends to be the most visible."

Die betekenis van 'n huis is meer as net 'n fisiese skuiling. 'n Huis bied 'n sin van sekuriteit, van permanensie, van die besit van jou eie plek. Inteendeel, waar jy bly en waar jy vandaan kom is dikwels die kern van jou self-identiteit (Kraljic,1992:25). 'n Huis voorsien individue van die basis van waar hulle take vir die daaglikse lewe kan bemeester.

## 2.4 DIE VERLIES VAN 'n HUIS

As gevolg van die vele funksies van 'n huis, beteken die verlies daarvan betekenisvolle

persoonlike probleme en swaarkry. Die verlies van 'n huis is traumaties vir enige mens. Veral vir 'n kind is die verlies ingrypend en kom dit op 'n tydstip in sy/haar lewe wanneer die afwesigheid van 'n stabiele, versorgende omgewing die meeste skade kan veroorsaak. Dit is gedurende die kinderjare wanneer die kind 'n bewustheid van hom-/haarself begin ontwikkel, 'n sin van 'n eie identiteit, van wat hy/sy in staat is om te doen, en eie waarde. Volgens Rivlin (1990:9) is dit 'n tyd wanneer 'n mate van bestendigheid vir die ontwikkeling van persoonlike identiteitsprosesse nodig is.

Buiten die betekenis van 'n huis, is dit ook belangrik om te kyk na die effek wat die omgewing op die mens het en veral die rol wat dit in die identiteitsvorming van 'n kind speel.

## 2.5 DIE EFFEK VAN DIE OMGEWING OP DIE MENS

Alle ervarings vind in 'n spesifieke omgewing plaas. Boxill (1990:9) ondersteun die stelling en konstateer in hierdie verband : "All experiences are grounded in places, in settings filled with people, animals, vegetation, with sights, smells, sounds and tastes of blandness, sweetness, sourness, bitterness or saltiness". Die impak van leefruimte moet dus beklemtoon word, want ervaring is onafskeidbaar van die konteks waarin dit plaasvind. Van geboorte af en moontlik selfs voor dit, begin kinders se omgewing hulle lewens, asook hulle persoonlikhede, hulle kognitiewe, maatskaplike en emosionele ontwikkeling vorm. Met erkenning vir die betekenis van die sentrale versorgingspersone wat die kind omring, sal die interpersoonlike ervarings ook in 'n konteks van verskillende tipe plekke voorkom en kan die volgende twee komponente onderskei word, naamlik :

* die ontwikkeling van 'n betekenis vir persoonlike ruimte; en
* die belangrikheid van persoonlike plekke.

Die term persoonlike spasie of leefruimte kan soos volg beskryf word : "... small protective sphere or bubble that an organism maintains between itself and others. This bubble, which is shaped by the early experiences and the culture, remains a part of the person forever, defining the comfort zone of close and distant contacts. From the experience within the intimate zone that is part of the personal space, emerge the most detailed and articulated sense of the world as children touch, taste, hear and smell their immediate surroundings" (Rivlin,1990:46). Provence en Lipton in Rivlin (1990:46) bevestig ook die stelling en beweer dat stimulering binne die sone essensieel is ten opsigte van ontwikkeling en dat gedepriveerde stimulering ernstige skade aan 'n kind kan doen. Die samedromming van mense, al die geluide en lawaai in veral 'n oorvol tuiste vir haweloses, kan weer te veel stimulering veroorsaak, wat ook ernstige skade aan 'n kind se geestesgesondheid en skoolprestasie kan aanrig.

In die vroegste ontwikkelingsjare is daar dus twee omgewingsverwante eienskappe wat ontwikkel, naamlik :

* onderskeiding van die mate waarin die fisiese nabyheid van ander persone gemaklik is; en

* onderskeiding van die graad waarin stimulering van die omgewing òf gesuiwer kan word òf teensinnig word.

Genoemde is belangrike kwaliteite wat veral in die lewens van hawelose kinders in aanmerking geneem moet word.

'n Ander eienskap van persoonlike leefruimte hou verband met die vermoë om kontrole oor insette van die buitewêreld uit te oefen, te wete die vermoë om fisies, alleen of saam met ander, of psigies, te onttrek. Dit is met ander woorde die ontwikkeling van strategieë om uit moeilike situasies te kan ontsnap. Hierdie behoefte is net so belangrik vir kinders as vir volwassenes, omdat kinders net soos volwassenes ook 'n behoefte aan privaatheid het. As kinders aan oorbewoonde omstandighede blootgestel word, byvoorbeeld in 'n sorgsentrum, is daar nie veel geleentheid vir kontrole oor hulle leefruimte nie.

Die vermoë om leefruimte te kontroleer het omvattende implikasies in 'n kind se lewe naamlik, dat dit hulle van 'n basis om hulle eie rolle, asook hulle eie kwaliteite en vermoëns te verstaan, voorsien. "What is especially impressive is children's recognition that it is important for them to have privacy at times, the expression of a need that can be identified clearly in children as early as first grade" (Boxill,1985:11).

Verpersoonliking van leefruimte en die besit van individuele plekke, voorsien aan kinders en adolessente 'n gevoel van uniekheid en dat hulle van ander verskil. Volgens Rivilin in Boxill (1990:49) kan hierdie dimensie oor mense se identiteite bepaal word deur hulle uit te vra oor plekke wat in die loop van hulle lewe, insluitend hulle kinderdae, vir hulle belangrik was. As die inligting in aanmerking geneem word, kan die volgende vrae gevra word naamlik watter invloed 'n sentrum vir haweloses op 'n kind se lewe het, watter herinneringe hulle aan hulle verblyf daar het en ook watter bydrae dit tot hulle identiteitsvorming gemaak het.

In die sentrums vir haweloses waar gesinne fasiliteite met ander onbekende persone moet deel, waar privaatheid amper onmoontlik is, waar persoonlike aktiwiteite soos byvoorbeeld opvoeding en dissiplinering van kinders, die nuttiging van maaltye,

ensovoorts, in die teenwoordigheid van ander geskied, word daar nie 'n gevoel van "by die huis" ervaar nie. Omdat hawelose mense onder soortgelyke omstandighede verkeer, vind sosialisering en ondersteuning van mekaar plaas, maar daar is gewoonlik ook suspisie, verleentheid en distansiëring teenwoordig. Volgens Boxill (1990:15) is die motivering vir die aanwesigheid van laasgenoemde drie negatiewe gedragswyses van die haweloses in sentrums vir haweloses, om te kan oorleef.

Uit bogenoemde besprekings blyk dit duidelik dat die omgewing 'n belangrike rol in die identiteitsvorming van 'n kind speel. In aansluiting hierby sal daar vervolgens aandag gegee word aan die verskillende tipes haweloosheid.

## 2.6 TIPES HAWELOOSHEID

Volgens Jahiel in Bingham, et al. (1987:99) kan die uitdrukking "toestand van haweloosheid" twee betekenisse hê :

* Dit kan die toestande soos wat dit deur die hawelose persoon beleef word beteken; of

* die toestand van haweloosheid soos wat dit deur die gemeenskap beleef word.

Daar is egter 'n groot mate van verskil in die graad van "swaarkry" wat met haweloosheid gepaard gaan. Op grond van die kriteria van die graad van ontbering, kan daar tussen ses tipes haweloosheid onderskei word. Haweloosheid wat onskadelik is en haweloosheid wat skadelik vir die mens is word deur Jahiel (1988:100) onderskei, terwyl Rivlin in Boxill (1990:7) van vier tipes melding maak, naamlik

kroniese haweloosheid, periodieke haweloosheid, tydelike haweloosheid en totale haweloosheid. Vervolgens word hierdie ses tipes haweloosheid bespreek.

### 2.6.1 ONSKADELIKE HAWELOOSHEID

Volgens Jahiel in Bingham et al. (1987:100) beteken **onskadelike haweloosheid** 'n toestand van haweloosheid wat relatief min swaarkry veroorsaak, vir 'n relatief kort tydperk duur, nie gou weer voorkom nie en dat dit vir die haweloses wat daaraan blootgestel is relatief maklik is om weer 'n eie huis te kry en selfstandigheid te herwin.

Volgens Bingham, et al. (1988:101) is daar by haweloosheid wat relatief onskadelik verloop, sekere algemene konstante kenmerke teenwoordig, wat vervolgens bespreek sal word :

* Die hawelose persoon beskik oor die lewensondervinding, geestesvermoë, fisiese vermoë en die maatskaplike ondersteuning wat hy nodig het om doeltreffende of geskikte stappe te neem om weer 'n huis te kan bekom;

* Hulpmiddels is beskikbaar om in die lewensbehoeftes te voorsien en verligting te gee of te fasiliteer, terwyl die persoon die nodige stappe neem om behuising te bekom. Hierdie bronne kan aan die hawelose behoort of dit kan deur vriende, familie of organisasies voorsien word;

* Die hawelose persoon het vaardighede wat markverwant is of die persoon is geregtig op die ontvangs van sekere voordele, byvoorbeeld werkloosheids-voordele;

* Die behuisingsmark is sodanig dat dit redelik maklik is om behuising te vind wat voldoen aan die persoon se inkomste, met of sonder die hulp van 'n staatsubsidie.

### 2.6.2 SKADELIKE HAWELOOSHEID

Skadelike haweloosheid is 'n toestand van haweloosheid wat met baie ontbering geassosieer kan word en wat selfs permanente skade aan die persoon wat haweloos is, kan veroorsaak. Die toestand kan vir 'n lang tydperk duur of kan in kort tussenposes herhaal word. Buitengewone pogings moet deur die hawelose aangewend word om weer 'n eie huis te kry en die pogings wat aangewend word, is dikwels onsuksesvol.

Die faktore wat hier deurslaggewend is, is heeltemal die teenoorgestelde van die wat reeds vir onskadelike haweloosheid genoem is en volgens Bingham et al. (1988:105) is dit soos volg :

* Armoede, nie net alleen van die betrokke persoon nie, maar ook van betekenisvolle ander persone soos familie en vriende;

* Gebrek aan werksgeleentheid, veral omdat die hawelose oor nie-markverwante vaardighede of gebrekkige opleiding beskik of ongeskik is vir werk;

* Beperking van die stappe wat geneem moet word om behuising te bekom as gevolg van die afwesigheid van die nodige hulpmiddels, byvoorbeeld die persoon besit nie 'n identiteitsdokument nie, struikelblokke en vooroordeel in

die algemene samelewing of 'n onvermoë of gebrek aan kennis van die hawelose persoon;

* Onvoldoende beskikbaarheid van lae-koste- of gesubsidieerde behuising.

Namate die situasie vererger, speel addisionele faktore 'n rol, naamlik :

* Die stryd om die nodigste bestaansmiddele en skuiling te vind en om vir die skadelike hawelose en sy/haar besittings te beskerm, kan so tyd- en energierowend wees, dat dit nie plek laat vir enige ander aktiwiteite nie;

* Die fisiese voorkoms van die hawelose persoon verander en word soos die van "straatmense" wat 'n addisionele struikelblok kan laat ontstaan;

* Beserings, siektes, wanvoeding of diefstal van jou besittings en ander ontberings, soos byvoorbeeld 'n tekort aan slaap, kan n persoon se vermoëns verder verminder;

* Die belewing van herhaalde teleurstellings, verwerping, uitbuiting of om op verskillende maniere beseer te word, kan tot apatie, depressie, uitermatige agterdog of selfs selfmoordpogings lei.

As gevolg van die verskillende faktore ontstaan 'n bose kringloop of kan 'n afwaartse spiraal geskep word. Sommige hawelose mense het 'n groot mate van elastisiteit en kan vir lang tydperke teen die afwaartse "trek" weerstand bied, wat selfs vir jare kan voortduur. Ander gee gou moed op. Soos Bingham et al. (1988:106) dit stel "After one or two weeks in the streets they have deteriorated noticeably. They frequently

lose whatever ambition they came with. Their daily activities become focused exclusively on day-to-day survival. The future becomes a lost concept".

In aansluiting by die tipes haweloosheid wat reeds bespreek is, kan Rivlin in Boxill (1990:7) nog die volgende ander vier tipes byvoeg :

### 2.6.3 KRONIESE HAWELOOSHEID

Dit is 'n stereotiepe haweloosheid en gaan dikwels met dwelm- en alkoholmisbruik gepaard.

### 2.6.4 PERIODIEKE HAWELOOSHEID

Dit sluit verskillende .pes haweloosheid in, byvoorbeeld mense wat as gevolg van persoonlike probleme soos finansiële druk hulle huis moet verlaat, of trekarbeiders wat soms met hulle hele gesin van plek na plek moet trek.

### 2.6.5 TYDELIKE HAWELOOSHEID

Dit ontstaan gewoonlik na 'n onverwagte krisis, gewoonlik 'n natuurramp soos byvoorbeeld brand, aardbewings, vloede, ensovoorts. Mense wat op hierdie wyse haweloos raak, het gewoonlik persoonlike materiële bronne en ondersteuningsisteme om hulle te help en diesulkes pas meestal maklik aan.

### 2.6.6 TOTALE HAWELOOSHEID

Dit behels totale verlies van 'n huis, maatskaplike bronne, maatskaplike ondersteuning en bande met die gemeenskap.

Dit kan die gevolg wees van 'n natuurlike of mensgemaakte ramp, ekonomiese katastrofe of ernstige persoonlikheidsprobleme, waar laasgenoemde die moeilikste is om te oorkom. Hierdie tipe haweloosheid is in vergelyking met die ander tipes, gewoonlik sigbaarder, omdat die mense dikwels onder minder gunstige omstandighede gaan bly, gewoonlik waar oorbewoning voorkom en waar daar geen privaatheid is nie. "Other invisible homeless are those able to groom themselves and blend into their context, something hard enough for an individual to accomplish but near to impossible for a family with younger children" (Rivlin,1990:8).

Uit die bespreking van die verskillende tipes haweloosheid, blyk dit dat haweloosheid skadelik of onskadelik van aard kan wees en dat daar ook verskillende vlakke van haweloosheid is. In aansluiting hierby sal daar vervolgens aandag gegee word aan die oorsake van haweloosheid en algemene kenmerke van hawelose persone.

## 2.7 OORSAKE VAN HAWELOOSHEID

Volgens Kraljic (1992:26) is die mees omskrywende kenmerk van haweloosheid en iets wat dikwels oor die hoof gesien word, die hawelose persoon as totale gebrek aan ondersteuning wat fisies, finansieel, emosioneel en geestelik van aard is. Die outeur sê verder: "The homeless are decidedly different from other poor persons in at least one significant respect : **They are profoundly alone**".

Roth en Bean (1986:712) wys ook daarop dat haweloosheid 'n multidimensionele probleem is en dat die verskillende behoeftes en kenmerke in die bestudering van die probleem gereflekteer moet word. Ziefert en Brown (1991:213) sluit hierby aan en sê dat alle hawelose gesinne aan uiterste armoede blootgestel is en dat hulle in realiteit 'n reeks mislukkings ervaar het waarvan hulle dalk nooit sal herstel nie.

Uit verskillende navorsingsondersoeke, naamlik dié van Ziefert en Brown (1991), Roth en Bean (1986), Hall en Mayo in Boxill (1990), Ropers (1988) en Kraljic (1992), wat handel oor die kenmerke en oorsake van haweloosheid, kan die volgende geïdentifiseerde probleme aangetoon word :

### 2.7.1 WERKLOOSHEID EN GEPAARDGAANDE FINANSIëLE PROBLEME

Werkloosheid word deur al die navorsers as een van die belangrikste oorsake van haweloosheid aangetoon. Die mees ooglopende uitwerking van werkloosheid op die individu is waarskynlik die finansiële implikasies. Die verlies van 'n betaalde werk deur 'n lid van die huishouding beteken 'n daling in die huishoudelike inkomste en gewoonlik ook 'n daling in lewenstandaard, soos gekenmerk deur 'n gebrek aan voldoende voedsel, behuising, ensovoorts. Hoe langer die periode van werkloosheid voortduur, hoe erger word die afname in die individu se beheer oor hulle lewens en omgewing, wat dan tot uiteindelike haweloosheid aanleiding kan gee. In 'n gesin waar daar twee ouers is, kan die gesin nog onderhou word as net die vrou haar werk verloor, maar as die man sy werk verloor, kan die gesin dikwels nie op die vrou se inkomste alleen 'n bestaan maak nie en raak hulle finansieel in die verknorsing. Enkelouer gesinne wat bestaan uit 'n ma met kinders of 'n pa met kinders, is veral meer kwesbaar en raak makliker haweloos.

Werkskuheid as 'n oorsaak van haweloosheid moet ook nie buite rekening gelaat word nie, aangesien daar mense is wat heeltemal daartoe in staat is en behoort te werk, maar nie "wil" werk nie of baie ongereeld werk.

### 2.7.2 UITSETTING VAN WOONPLEK

Dit vind gewoonlik plaas as gevolg van agterstallige paaiemente of oorbewoning (Ziefert en Brown,1991:213).

### 2.7.3 ARMOEDE

Die meeste gesinne was reeds aan uiterste **armoede** blootgestel voordat hulle haweloos geraak het. Hulle haweloosheid dra net verder by tot die perpetuering van die probleem. Alle hawelose gesinne is arm omdat hulle nie in hul eie, sowel as hulle gesinne se basiese behoeftes aan voedsel, kleding, huisvesting en gesondheidsorg kan voorsien nie (Ropers,1988:109 en Ziefert en Brown,1991:213).

### 2.7.4 GESINSKONFLIK

Volgens Bingham et al. (1987:92) vind die meeste gesinskonflik gewoonlik plaas as gevolg van huweliksprobleme of gesinsgeweld. Vrouens en kinders is veral die ergste slagoffers van die probleem, wat deur die vader verlaat word of waar die vrou en kinders die vader verlaat en sodoende haweloosheid in die gesig staar.

**Familiekonflik** as gevolg van twis en versteurde verhoudings, vind volgens die outeur (Bingham et al.,1987:92) ook plaas, veral waar families in oorbewoonde omstandighede saamwoon.

### 2.7.5 DRANK- EN DWELMMISBRUIK

Die probleem kom algemeen onder hawelose mense voor en word dikwels met die verskynsel geassosieer. Navorsing deur Fischer et al. (1988) en Susser in Breakey en Fisher (1990:39) het aangetoon dat probleme met alkohol verskillende vorme kan aanneem en in alle ouderdomsgroepe, sowel as by albei geslagte kan voorkom. Die navorsers impliseer dat 'n skatting gemaak kan word dat die probleem by 70% hawelose mans en 40% hawelose vrouens voorkom. Alkoholisme is dus algemeen onder haweloses en is sekerlik 'n groot bydraende faktor tot die omvang van hulle veelvuldige probleme.

Dit moet ook nie buite rekening gelaat word dat haweloosheid ook 'n oorsaak vir die manifestering of versterking van die probleem kan wees nie, soos McDonald (1993:21) baie toepaslik beweer : "I think when you are homeless and sleeping rough, drink becomes the only thing, it is a common bond with the other people who are homeless and sleeping rough, it is something to focus your mind on and it is a way of forgetting how hopeless your situation is, even if it is just for that day. You can't think past that day".

### 2.7.6 ONDERSTEUNINGSISTEME ONTBREEK

Die meeste haweloses het geen familie of vriende wat hulle met hulle probleme kan

bystaan nie. Soos Hall en Mayo in Boxill (1990:42) beweer : "The longer a family was homeless, the more likely they were to have "used up" their friends and relatives". Baie haweloses is ook van alle gemeenskapsbronne gedisaffilieer, wat hulle kanse vir hulp ook verminder. Hierdie aspek sal in die volgende hoofstuk vollediger bespreek word.

### 2.7.7 MOBILITEIT

Volgens Hall in Boxill (1990:43) kan mobiliteit ook 'n oorsaak van haweloosheid wees, aangesien baie persone en gesinne gedurig rondtrek en hulle plaaslike omgewing met die vooruitsig van beter werksgeleentheid en lewensomstandighede verlaat. Ver afstande word dikwels afgelê om dan ontnugter te word dat hulle verwagtinge nie kan realiseer nie. Soos vroeër in die hoofstuk gemeld (2.2), is dit een van die redes waarom soveel haweloses na die stede gelok word.

### 2.7.8 ONTSLAG UIT STAATSINRIGTINGS

Persone word uit staatsinrigtings, soos byvoorbeeld gevangenisse, hospitale vir geestelik siekes, rehabilitasiesentrums, ensovoorts, ontslaan, wat dan geen tuiste het om na terug te keer nie (Ropers,1988:142) en Johnson,1989:17).

### 2.7.9 HAWELOOS UIT EIE KEUSE

Baie mense is haweloos uit eie keuse omdat dit die lewenswyse is wat hulle verkies

(Bingham et al.,1988:214).

### 2.7.10 ONGELUKKE OF NATUURRAMPE

Natuurrampe soos byvoorbeeld aardbewings, oorstromings, ensovoorts, of politieke onstabiliteit kan ook 'n groot bydraende faktor wees vir haweloosheid, hoewel dit gewoonlik onskadelik en tydelik van aard is.

### 2.7.11 SOSIO-EKONOMIESE FAKTORE

Ander faktore wat as belangrike oorsake van haweloosheid aangetoon word, lê nie soveel op die persoonlike vlak nie, maar meer op die sosio-ekonomiese makrovlak. In die volgende hoofstuk sal daar ook weer na die faktore verwys word as verskillende teoretiese modelle bespreek word. Die volgende faktore sal net kortliks genoem word :

* **Die stand van die ekonomie** bepaal die ekonomiese klimaat en beïnvloed die beskikbaarheid van werksgeleenthede en die algemene lewenstandaard van alle mense;

* **Beskikbaarheid van behuising**, veral bekostigbare en lae-koste behuising, wat ook grootliks gepaard gaan met die heersende ekonomiese klimaat.

Ter aansluiting hierby het die Minister van Behuising van die Administrasie Volksraad (1992:9) die volgende stelling gemaak : "Behuising is een van die basiese behoeftes

van die mens en een van die belangrikste faktore om bestendigheid in 'n gemeenskap te verseker. Die vermoë van mense om aanvaarbare behuising te kan bekostig het in die algemeen afgeneem. Werkloosheid neem groter afmetings aan as gevolg van die huidige ekonomiese situasie. Die tendens van verarming kan onder andere toegeskryf word aan sanksies, disinvestering en inkomstes wat nie tred hou met die inflasiekoers nie".

Die minister beweer verder dat daar 'n ernstige tekort aan bekostigbare huurakkommodasie bestaan en dat die vraag na lae-koste behuising aansienlik toegeneem het, waaraan die Staat dringend aandag sal moet skenk.

Uit inligting verskaf deur die Sentrale Statistiekdiens van die Departement van Finansies het 44% van die Sentrale regering se totale besteding in die boekjaar 1993/1994 na maatskaplike dienste gegaan, waarvan slegs minder as 2% op huisvesting bestee is. Gedurende die tydperk is daar 14 keer meer op onderwys as op huisvesting spandeer, terwyl die res van die besteding vir sowel welsyn en pensioene asook gesondheid gegaan het.

Samevattend blyk dit dus dat saam met individuele faktore, daar ook ander bepalende faktore is wat tot die verskynsel van haweloosheid bydra. Die bevindinge in die verslag van die Departement Gesondheidsdienste en Welsyn (1992:18) bevestig die voorkoms van die genoemde probleme in die Suid-Afrikaanse konteks en word soos volg aangetoon :

* Persone met maatskaplike probleme - 62,01%;
  (ongelukkig omskryf hulle nie die probleme nie)
* Lae opvoedkundige kwalifikasies - 54,28%;

| | | | |
|---|---|---|---|
| * | Werkloos vir 'n lang tyd (werksku) | - | 41,07%; |
| * | Werkloos en verarm as gevolg van die swak ekonomie | - | 39,78%; |
| * | In besit van maatskaplike pensioene | - | 22,96%; |
| * | Medies ongeskik vir werk | - | 17,86%. |

In aansluiting by die oorsake van hawelosheid sal daar verder ook aandag gegee word aan die gevolge van hawelosheid en die impak daarvan op die individu se bestaan.

## 2.8 DIE GEVOLGE VAN HAWELOOSHEID EN DIE BETEKENIS VAN 'n HAWELOSE BESTAAN

"Picture a day when you cannot be certain where you will sleep, how you will clean yourself, how you will find food, how you will hold on to your belongings (in settings where they can be stolen with ease), how you will be safe, how you will dress properly to go to work (for many homeless persons do, indeed, work) and for some, how you will fill up the long hours of a day and do so in places that will tolerate your presence. Ordinary activities become major struggles : finding places to wash hair or clothing, locating toilets when they are needed, surfaces on which to raise swollen feet or finding food, places to keep warm in cold weather and to escape the rain, snow or summer heat" (Rivlin,1990:50).

Uit verskillende navorsingstudies soos Bingham et al. (1988), Ropers (1988), Breakey en Fischer (1990) en ander outeurs soos Keane en McDonald (1993), word die volgende afleidings oor die gevolge van haweloosheid en die impak wat dit op die individu het, gemaak :

* Ouerlike rolle disintegreer vinnig en gesinsgrense raak gefragmenteerd. Kinders word dikwels op hulle eie gelaat, terwyl die ouers blyplek of werk soek of hulle word in die sorg van ander mense gelaat, selfs vir lang periodes;

* Maaltye en slaaptye is ongestruktureerd en ongereeld;

* Hawelose persone is besonder kwesbaar en is aan gevare en die elemente van die natuur, byvoorbeeld koue, reën, ensovoorts, blootgestel. Hawelose vroue en kinders is veral meer kwesbaar en hulle veiligheid is ernstig in gedrang omdat hulle 'n risiko loop om aangerand en verkrag te word. Soos Keane (1993:11) die saak opsom : "Women are very vulnerable .... it is awkward to keep clean. Men stick together, women seem to go their own way".

* Gesondheidsprobleme is ook 'n ernstige probleem vir hawelose mense. Behalwe vir 'n ontoereikende dieet, is hulle aan siektes en ongesonde lewensomstandighede blootgestel. Haweloses het ook nie altyd toegang tot primêre gesondheidsorgfasiliteite nie en word ook dikwels van byvoorbeeld hospitale weggewys omdat hulle nie die toelatingsfooi kan betaal nie. Breakey en Fischer (1990:31) toon aan dat HIV-positiewe persone ook meer algemeen onder haweloses voorkom, om die volgende redes :

    ** haweloses wat dwelms gebruik wat veral binne-aars toegedien word, loop 'n primêre risiko om die siekte op te doen;

    ** persone wat reeds gediagnoseer is as positiewe VIGS-lyers vind dit moeiliker as ander haweloses wat nie die probleem het nie, om huisvesting te kry.

Blasi (1990:21) maak die volgende stelling ten opsigte van die gesondheidsrisiko van hawelose persone : "There are in fact some diseases clearly associated with homelessness and rarely found somewhere else. For example, people are forced to stand in lines for every meal and to sleep sitting up, accumulate fluid in their legs and feet, leading to edema, cellulitis and in extreme cases, gangrene. The most salient fact however, is that all homeless people are in very poor health".

* Hawelose mense se selfbeeld word ook aangetas en hulle verloor hulle menswaardigheid en gevoel van eie waarde. Hulle fisies afgetakelde voorkoms verhoog hierdie gevoel, wat verder versterk word deur die verwerping wat hulle van die publiek af beleef.

Aangesien soveel kinders saam met hulle ouers aan haweloosheid blootgestel word, is dit belangrik om ook te kyk hoe kinders die toestand van haweloosheid hanteer en wat die impak daarvan op hulle bestaan is.

## 2.9 DIE INVLOED VAN HAWELOOSHEID OP KINDERS

Volgens Bassuk en Gallagher in Boxill (1990:20) wissel die ouderdom van hawelose kinders van pasgebore tot 18 jaar oud. Baie van die kinders wat in die sentrums vir haweloses aangetref word, was reeds voordat hulle haweloos geraak het, vir 'n tydperk aan 'n lewe van kroniese armoede, gedepriveerdheid en ontwrigting blootgestel.

Voordat daar stilgestaan gaan word by die probleme wat hawelose kinders kan openbaar, is dit belangrik om eers te kyk na die algemene omstandighede in sentrums

vir haweloses, om meer insig oor die ervarings waaraan hulle blootgestel is, te verkry.

* Ongeag die tipe fasiliteit, is dit oor die algemeen oorbewoon en het gesinne baie min ruimte. Kinders moet gewoonlik 'n kamer met hulle ouers en soms selfs ander gesinne deel. Daar is dus 'n gebrek aan beide fisiese en emosionele spasie. Gesinne word ook aan die verskillende probleme, gedragspatrone en spanning van al die ander gesinne blootgestel. Boxill en Beaty in Boxill (1987:24) beskryf hoe alle aspekte van die moeder-kindverhouding wat voorheen privaat was, nou in die openbaar, in die teenwoordigheid van ander geskied.

* Die atmosfeer in die sentrums is dikwels vyandig en dit is nie ongewoon vir moeders om hulle spanning te verlig deur met mekaar te argumenteer nie - dikwels oor hulle kinders se gedrag. Etenstye is ook vol spanning, aangesien moeders dikwels hulle kinders in 'n gemeenskaplike kombuis moet voed (Boxill, 1987).

* Die meeste moeders is oorweldig deur hulle probleme en is bekommerd oor hulle gesinne se oorlewing. Hulle is oor die algemeen angstig en depressief en het ook nie energie oor om hulle kinders te bemoeder nie. Hawelose ma's bring dikwels 24 uur van die dag saam met hulle kinders deur, slaap in dieselfde kamer en deel dikwels nog 'n bed ook.

* Selfs op sy beste is die lewe vir 'n hawelose gesin onseker en onvoorspelbaar. Dit veroorsaak spanning en selfs die kinders moet veg vir hulleself en hulle voortbestaan. Hierdie patroon vorm dikwels 'n siklus, wat skadelik vir die individu is.

Uit die inligting blyk dit dus dat die belewenis van haweloosheid en verblyf in 'n sorgsentrum 'n direkte invloed op die individu en veral die gesinseenheid het en die rolfunksionering van die ouers beïnvloed. Vervolgens sal die algemene eienskappe wat deur hawelose kinders openbaar word, bespreek word.

## 2.10 ALGEMENE KENMERKE VAN HAWELOSE KINDERS

Basssuk en Gallagher in Boxill (1990:11) beskryf die volgende probleme wat by hawelose kinders voorkom :

### 2.10.1 ONTWIKKELINGSPROBLEME

Uit toetse wat met voorskoolse hawelose kinders gedoen is, blyk dit dat die helfte van die kinders ontwikkelingsagterstande toon. Afwykings was ook nie net op een area gefokus nie, maar het taalontwikkeling, fyn motoriese koördinasie, groot motoriese vaardigheid en maatskaplike ontwikkeling ingesluit. Een derde van die kinders het in meer as twee areas afwykingsprobleme gehad.

Skoolgaande kinders het oor die algemeen die volgende probleme openbaar :

* hulle was angstig en depressief;

* skoolbywoning was ongereeld, omdat baie sentrums vir haweloses ver van skole af is en daar nie gereelde vervoer is nie;

* ouers hou kinders onnodig uit die skool uit, soms vir dae en selfs maande;

* kinders presteer swak, veral omdat hulle so baie rondtrek en van skole verwissel en omdat daar nie altyd studiefasiliteite by die sentrums is nie.

### 2.10.2 REGRESSIEWE GEDRAG

Volgens Bassuk en Gallagher in Boxill (1990:25) het baie moeders meegedeel dat hulle kinders se gedrag begin verander het nadat hulle haweloos geraak het en dat regressiewe gedrag, veral by voorskoolse kinders, algemeen waarneembaar was. Volgens die navorsers manifesteer by baie hawelose kinders eet- en slaapprobleme, terwyl ander hulle aan enurese begin skuldig maak. Ander raak teruggetrokke en onttrek hulle, terwyl ander spraakprobleme begin openbaar wat hulle nie voorheen gehad het nie. Die navorsers se verklaring vir dié gedragspatroon is dat as mense deur eksterne spanning of interne konflik oorweldig word, hulle dikwels teruggaan na 'n vorige ontwikkelingsvlak. Hulle hoop onbewustelik om onverwerkte konflik te herverwerk en te bemeester. Hawelose kinders se regressiewe gedrag reflekteer dus hulle huidige vlak van oorweldigende spanning, sowel as hulle behoefte aan versorging en beskerming.

### 2.10.3 AGGRESSIEWE GEDRAG

Volgens die navorsingsverslag van Bassuk en Gallagher (1990) verklaar baie van die hawelose moeders dat hulle kinders hulle aan aggressiewe, negatiewe gedrag skuldig begin maak het. Baie ma's sê hulle kinders is kwaad, huil vir niks, is uittartend en

moeilik om te hanteer. Die enigste manier waarop hierdie moeders dikwels hierdie aggressiewe gedrag kan kontroleer, is om hulle fisies te straf. Volgens die outeurs (1990:27) is verhoogde aggressie 'n manier om uiting te gee aan hulle woede oor hulle omstandighede en om hulleself teen hulle ouers se onvermoë te beskerm. Terselfdertyd kan onbeheersde, uittartende en aggressiewe gedrag "'n roep om hulp" wees en 'n manier om aandag van volwassenes wat self depressief, angstig en vooropgestel met hulle eie behoeftes is, te verkry.

Haweloosheid en die omstandighede in sorgsentrums is dus nie die ideale omgewing vir kinders om in opgevoed te word nie. Dit blyk dat hulle afwykende gedrag begin openbaar en dat hulle persoonlikheidsontwikkeling ernstige skade aangedoen kan word, wat hulle funksionering vir die res van hulle lewe nadelig kan beïnvloed.

## 2.11 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is aandag gegee aan haweloosheid as verskynsel, die verskillende tipes haweloosheid, die invloed wat 'n huis en omgewing op die mens en persoonlikheidsontwikkeling het en dan die gevolge daarvan. Daar is ook kortliks stil gestaan by die oorsake van haweloosheid, die impak van 'n hawelose bestaan, ook op die lewe van 'n kind.

In die volgende hoofstuk sal aandag gegee word aan teoretiese modelle van haweloosheid ten einde die verskynsel beter te kan verstaan.

# HOOFSTUK 3

# TEORETIESE MODELLE VAN HAWELOOSHEID

## 3.1 INLEIDING

In 'n poging om die verskynsel van haweloosheid te ondersoek, het verskeie oorsese modelle en teorieë die lig gesien. Voordat daar in hierdie hoofstuk stilgestaan word by vier van hierdie modelle, is dit belangrik om eers te bepaal wat die funksie van 'n model of konseptuele raamwerk is.

Mouton en Marais (1991:130) onderskei tussen drie soorte konseptuele raamwerke naamlik : tipologieë, modelle en teorieë.

## 3.2 TIPOLOGIEë, MODELLE EN TEORIEë AS KONSEPTUELE RAAMWERKE

### 3.2.1 TIPOLOGIEë

In navorsingsmetodologie definieer Mouton en Marais (1990:140) 'n tipologie as 'n konseptuele raamwerk wat verskynsels klassifiseer in terme van sekere tipiese eienskappe wat dit met ander soortgelyke verskynsels in gemeen het. Tipologieë, soos alle konseptuele raamwerke, funksioneer as 'n verwysingsraamwerk vir waarneming en data-insameling. Data-insameling word nie alleen daardeur gerig nie, maar maak ook die uiteindelike analise soveel makliker.

### 3.2.2 MODELLE

'n Model gaan 'n stap verder as 'n tipologie en sistematiseer ook die **verbande tussen verskynsels**. 'n Model stem slegs in breë trekke ooreen met die verskynsel waarvan dit 'n model is. Daar word klem gelê op die mees ooglopende aspekte terwyl sekere irrelevante eienskappe van die verskynsel, wat die model betref, buite rekening gelaat word. Hierdie vereenvoudiging is die rigtinggewende funksie van 'n model en staan bekend as die heuristiese funksie wat letterlik beteken om te ontdek en bloot te lê. Die model suggereer dus nuwe fokuspunte vir navorsing deurdat sekere verhoudings en dimensies beklemtoon word (Mouton en Marais,1990:143).

Correll, soos aangehaal deur Mouton en Marais (1990:143) verwys na proto-teoretiese modelle en probeer daarmee aandui dat die meeste modelle in die geesteswetenskappe die karakter van 'n voorloper het. Die volgende vier kenmerke van proto-teoretiese modelle kan onderskei word :

* Modelle identifiseer sentrale probleme of vrae oor 'n verskynsel wat nagespeur behoort te word.

* Modelle beperk, isoleer, vereenvoudig en sistematiseer die **domein** wat bestudeer word.

* Modelle voorsien 'n nuwe **taalspel** waarbinne oor die verskynsel gepraat kan word.

* Modelle voorsien **verklaringsketse** en die middele waardeur voorspellings gemaak kan word.

Samevattend uit voorafgaande omskrywings word daar ook na **teoretiese modelle** verwys. Teoretiese modelle beskik oor al die voorafgaande eienskappe, maar word as "teoreties" aangedui om dit te onderskei van 'n fisiese skaalmodel soos die van 'n argitek (Mouton en Marais,1990:143).

### 3.2.3 TEORIEë

Kerlinger soos aangehaal in Mouton en Marais (1990:145), beskou 'n teorie as 'n stel konsepte met 'n onderlinge verband, definisies en stellings wat 'n gesistematiseerde beeld van die verskynsels verskaf, deur verbande tussen veranderlikes te spesifiseer met die doel om die verskynsel te verklaar en te voorspel.

Naas die klassifiserende en heuristiese funksies van die tipologie en model, het die teorie, **verklaring** en **voorspelling** van die verskynsel ten doel. 'n Verklaring beantwoord gewoonlik 'n **waarom**-vraag. 'n Verskynsel word derhalwe verklaar wanneer aangedui kan word waarom dit plaasgevind het, en impliseer dat verklarings altyd in terme van oorsake of redes is. Daar word onderskei tussen **kousale** verklarings, wat in terme van oorsaak gemaak word en **rasionele** verklarings, wat in terme van motiewe of doelstellings geskied. Dit kan universeel of kontekstueel wees. Indien die verklaring **universeel** is, geskied dit in terme van een of ander wetmatigheid of veralgemening. Indien die verklaring **kontekstueel** is, word die verskynsel in terme van die besondere kontekstuele faktore verklaar. Volgens Mouton en Marais (1990:146) kom kontekstuele verklarings algemeen voor in kwalitatiewe studies.

Ten einde die verskynsel van haweloosheid te bestudeer, is dit nodig om dit aan die hand van 'n teoretiese model te doen. Vervolgens sal daar kortliks vier modelle bespreek word.

## 3.3 SHINN EN WEITSMAN SE MODEL TEN OPSIGTE VAN HAWELOOSHEID

Volgens Shinn en Weitzman (1990:5) moet faktore waaraan hawelose mense blootgestel is op verskillende vlakke geïdentifiseer word om werklik die verskynsel van haweloosheid te verstaan. So 'n model moet die verhouding tussen individuele faktore van haweloses met betrekking tot hulle fisiese-, ekonomiese-, en maatskaplike omstandighede, sowel as die sosio-ekonomiese konteks identifiseer. Shinn en Weitzman onderskei die volgende vlakke :

### 3.3.1 FAKTORE OP DIE PERSOONLIKE VLAK WAT MET HAWELOOSHEID GEASSOSIEER KAN WORD

Faktore op individuele vlak kan gekategoriseer word volgens individuele kenmerke, persoonlike ondervinding en individuele gedrag, wat kortliks bespreek sal word.

**3.3.1.1** Individuele kenmerke sluit in ouderdom, swak inkomste, etnisiteit, status in die gesin en swak gesondheid of geestelike siekte.

**3.3.1.2** Persoonlike ondervinding is die belangrikste faktore wat met haweloosheid geassosieer kan word :

(a) Die verlies van 'n huis as gevolg van, byvoorbeeld uitsetting of familietwis (Sosin en Piliavin, 1990);

(b) Faktore wat die persoon kwesbaar maak en die behoefte aan behuising vergroot byvoorbeeld swangerskap by vroue;

(c) Diegene wie se materiële bronne verminder het as gevolg van byvoorbeeld verlies van 'n werk;

(d) Gesinsgeweld en kriminele viktimisering waaraan veral vrouens meer blootgestel is (Ziefert en Brown,1991:219).

**3.3.1.3** Individuele gedrag wat met haweloosheid verband hou, verwys na spesifieke gedragspatrone soos byvoorbeeld mense wat van afhanklikheidsvormende middels misbruik maak en daardeur die risiko vir hulleself groter maak om hulle werk te verloor, uitgesit te word uit hulle woonplek of viktimisering.

### 3.3.2 MAATSKAPLIKE FAKTORE WAT MET HAWELOOSHEID GEASSOSIEER KAN WORD

McChesney in Shinn en Weitzmann (1990:5) beweer dat mense se maatskaplike ondersteuningsisteme as 'n veiligheidsnet dien wat ook voorkom dat hulle haweloos raak. As 'n persoon 'n lid van 'n maatskaplike sisteem is en hulle kry nog instrumentele ondersteuning, kan hulle byvoorbeeld gehelp word om sy/haar behuising te behou of emosionele ondersteuning kan help om sy/haar hanteringsvermoëns te verbeter.

Verskeie navorsers het aangetoon dat hawelose mense 'n gebrek aan maatskaplike bindings het, veral die meer intieme bande met naby familie (Bassuk en Rosenburg,1988; Bassuk et al.,1986; Grigsby et al.,1990); McChesney,1990: Mowbray et al.,1986; Sosin en Piliavin,1990).

Die meer breër gemeenskapsorganisasies het ook 'n verantwoordelikheid ten opsigte van haweloosheid, soos kerke se rol kan byvoorbeeld wees om voorsiening te maak dat daar voldoende lae-inkomste behuising in 'n spesifieke gebied is, wat 'n stabiliserende effek kan hê om behuising te beveilig (Seagert,1989). Die gemeenskapsorganisasies kan ook as tussenganger by gesinne en groter meer burokratiese maatskaplike dienste dien, in gevalle waar die hawelose persoon nie oor die nodige vaardighede beskik om selfgeldend op te tree nie (Berger en Neuhaus,1977).

### 3.3.3 HAWELOOSHEID EN DIE SOSIO-EKONOMIESE KONTEKS

Navorsing oor faktore op makro-ekonomiese vlak wat 'n direkte invloed op individuele uitkoms het, is die moeilikste om te doen, aangesien dit longitudinale studies vereis. McChesney in Shinn en Weitzman (1990:5) argumenteer dat die ratio van die getal lae-inkomste huishoudings, teenoor die ratio beskikbare lae-inkomste behuising, waarskynlik die grootste oorsaak van haweloosheid is. Ten opsigte van bogenoemde is die volgende faktore van belang :

**3.3.3.1** Om projeksies ten opsigte van beskikbare behuising te doen is aan die volgende faktore onderhewig, naamlik :

(a) die stand van die ekonomie;
(b) werkgeleentheid;
(c) heersende lone; en
(d) die vlak van maatskaplike voordele vir die wat werkloos is.

**3.3.3.2** Om projeksies ten opsigte van die hoeveelheid huishoudings te maak, is

aan die volgende demografiese patrone onderhewig, naamlik geboortes, sterftes, huwelike en maatskaplike norme oor saamblyverhoudings van mense. Die implikasies van saamblyverhoudings is dat onafhanklike huishoudings gevorm word.

**3.3.3.3** Aanwysers ten opsigte van lae-inkomste behuising sluit faktore soos die totale hoeveelheid huise wat beskikbaar is, die koste daarvan, beskikbare subsidie programme en regulasies wat beide koste of nuwe konstruksie daarvan kan beïnvloed, in.

## 3.3.4 DINAMIESE VERHOUDING TUSSEN DIE FAKTORE

Bepaling van die volgende faktore is volgens Shinn en Weitzman (1990:6) die volgende stap in die ontwikkeling van die model :

**3.3.4.1** Identifisering van die wyse waarop die faktore soos in 3.3.3 genoem is, op verskillende stadiums van haweloosheid funksioneer;

**3.3.4.2** Identifisering van die onderlinge verhouding tussen die veranderlikes;

**3.3.4.3** Oorsake van haweloosheid kan ook potensiële gevolge daarvan wees, soos byvoorbeeld die toestand van haweloosheid kan aanleiding tot verbreking van bande met familielede en vriende of drank- of dwelmmisbruik gee (Rossi et al.,1987; Shinn et al.,1989; Shinn en Weitzman, (1990:6).

Baie ander faktore, veral op die individuele vlak, kan na albei kante toe 'n

invloed hê in terme van oorsaaklikheid, byvoorbeeld haweloosheid kan aanleiding tot depressiwiteit, swak gesondheid, werkloosheid, alkohol- en dwelmmisbruik, gee.

Shinn en Weitzman (1990:6) beklemtoon die feit dat dit belangrik is dat navorsers voortdurend die onderlinge verhouding tussen faktore moet aantoon en dat korrelasie nie noodwendig oorsaaklikheid impliseer nie.

**3.3.4.4** Veranderlikes in die model kan mekaar ook beïnvloed. Hoewel meeste verhoudings gewoonlik vanaf makro- na mikro-maatskaplike vlak lei, soos byvoorbeeld wanneer daar 'n afwaartse draai op ekonomiese vlak is, kan dit aanleiding tot werkloosheid op individuele vlak gee. Mikrovlak veranderlikes kan ook gevolge op intermediêre vlak hê, byvoorbeeld mishandeling gedurende kinderjare kan aanleiding tot versteurde maatskaplike verhoudings met gesinslede gedurende volwassenheid gee.

Veranderlikes op die sosio-ekonomiese vlak is waarskynlik die belangrikste projekteerder van haweloosheid. As behuising goedkoop en volop is, as daar genoeg werk is en voordele vir werkloses goed is, sal mense wat onvoldoende sosiale ondersteuning het of dié wat geestelik ernstig siek is, steeds blyplek hê en dié wat hul huis verloor het as gevolg van brand of een of ander ramp, uitsetting of gesinsgeweld, gou weer blyplek kry.

In die sosio-ekonomiese konteks het individuele en maatskaplike faktore waarskynlik 'n wisselwerking op mekaar. Wanneer lae-koste behuising maklik bekombaar is en daar steeds mense is wat haweloos is, sal die probleme waarskynlik op individuele vlak lê. As behuising moeilik bekombaar is en arm mense leef op die randjie van haweloosheid, kan die geringste teëspoed aanleiding tot die verlies van 'n huis gee.

Die navorsers sluit af met die stelling dat dit moeiliker is om hierdie reeks van faktore in 'n formele model oor haweloosheid te integreer, aangesien die bestudering van die effek van die sosio-ekonomiese samehang longitudinale studies vereis. Navorsing oor individuele en maatskaplike faktore kan egter op kleiner skaal gedoen word.

Ter samevatting blyk dit dus dat dié model in studies gebruik kan word om sowel die diversiteit van hawelose mense bekend te maak, asook die wisselwerking tussen faktore op mikro- en makrovlak ten opsigte van haweloosheid en behuising. Vervolgens sal Ropers (1988) se model ten opsigte van haweloosheid bespreek word.

## 3.4 ROPERS (1988) SE MODEL TEN OPSIGTE VAN HAWELOOSHEID

Ropers (1988:120) konstateer dat 'n vorige bydrae van Bahr en Caplow (1974) en Bogue (1963) steeds bruikbaar is as gedeeltelike basis vir die formulering van 'n model oor haweloosheid. Die navorsers stel voor dat die konsep "maatskaplike disaffiliasie" die gelykmakende komponent is vir die verskillende tipes van haweloosheid.

Wat ookal die oorsprong vir 'n individu se haweloosheid is, die gevolg is 'n mate van disaffiliasie van die hoofstroom maatskaplike rolle, instellings en strukture. Dit is na hierdie losmaking waarna die konsep disaffiliasie verwys. Disaffiliasie is egter nie net beperk tot 'n individualistiese siening van haweloosheid nie, maar "... detachment from social roles and institutions may be imposed on individuals through various forms of social, economic, and political displacement as well as the idiosyncratic aspects of their personal lives" (Ropers,1988:120). Drie faktore wat tot maatskaplike disaffiliasie lei word deur die navorsers geïdentifiseer, naamlik :

* Eksterne veranderinge kan individue met slegs 'n paar affiliasies oorlaat;

* Die individu kan hom/haarself vervreem van die gemeenskap;

* 'n Gebrek of gestremdheid kan lei tot lewenslange isolasie.

### 3.4.1 EKSTERNE VERANDERINGE

Sekere eksterne veranderinge op makro-vlak is buite die onmiddellike beheer van die individu en kan hom/haar oorlaat met slegs 'n paar affiliasies of verbindinge. Soos Bahr en Caplow (1974) dit stel "society may be seen as withdrawing from the individual; his world disappears, and he remains alone and unattached, a stranger from another time or place" (Ropers,1988:120).

* Die mees dramatiese eksterne maatskaplike verandering is dikwels ekonomiese verandering soos byvoorbeeld ekonomiese depressie en resessie of tegnologiese verandering wat werkvervanging tot gevolg het.

* Oorlog, rewolusie en ander politieke verandering kan ook werksvermindering tot gevolg hê, of die dood van gesinslede veroorsaak.

* Natuurlike katastrofes soos vloede, brand, aardbewings, droogte ensovoorts kan dieselfde effek hê.

* Siekte en ouderdom is ook buite beheer van individue en kan veroorsaak dat hulle nie in staat is om in hulle maatskaplike rolle te funksioneer nie

(Ropers,1988:121).

Diegene wat haweloosheid in hierdie posisie bevind verkeer in die eerste baan van maatskaplike disaffiliasie.

### 3.4.2 IN INDIVIDU SELF GELEë

Die tweede faktor wat tot disaffiliasie kan lei is dat die individu hom/haarself van maatskaplike rolle en organisasies kan vervreem omdat hy/sy verkies om van die maatskaplike norme af te wyk. Die persoon kan dan vind dat hy/sy gestigmatiseer of onwettig verklaar en selfs uitgewerp word van die hoofstroom in die gemeenskap. Hierdie kategorie sluit ook diegene in wat drank en dwelms misbruik, kriminele oortreders, politieke andersdenkendes, ensovoorts (Ropers,1988:121).

Die navorsers (Ropers,1988:121) noem diegene wat hulle in hierdie posisie bevind, as die tweede baan van disaffiliasie.

### 3.4.3 GEBREK OF GESTREMDHEID

Die derde baan tot disaffiliasie sluit die mense in wat Bahr en Caplow (1974) in Ropers (1988:121) beskryf as "unsocialization leading to life time isolation". Die kronies geestelike siekes, die verstandelike vertraagdes en die fisiese gestremdes kan by die groep ingesluit word.

Ter samevatting beweer die navorsers dat watter baan tot disaffiliasie die individu

ookal volg, die eindresultaat steeds haweloosheid kan wees.

## 3.5 GRIGSBY (1990) SE MODEL OOR HAWELOOSHEID

Volgens Grigsby et al. (1990:142) is die diversiteit van haweloses en die gekompliseerdheid van hulle probleme 'n groot uitdaging om 'n oplossing vir die probleem te vind. Dié model is gebaseer op die proses van disaffiliasie en verskansing (entrenchment) in haweloosheid, sowel as die ontwikkeling van behandelingstrategieë.

Om die verskynsel van haweloosheid te kan verstaan, is die model gebaseer op maatskaplike prosesse wat verband hou met toe-eiening of om in besit van iets te wees (Grigsby et al.,1990:142). Gebeure wat individue dikwels as oorsaak vir sy/haar haweloosheid noem, soos byvoorbeeld uitsetting uit 'n woonplek, ontslag uit 'n inrigting, werkloosheid, egskeiding, ensovoorts, ontneem die individu nie net van behuising nie, maar ook van 'n gevoel van besitting, sowel as 'n bedreiging vir maatskaplike verbindinge. Om uit 'n huis of woonplek gesit te word, of ontslag uit 'n inrigting, skei 'n individu van bure, verlies van 'n werk beëindig bande met medewerkers en egskeiding of gesinsgeweld plaas spanning op verhoudings met familie. Die intensiteit van die tipe disaffiliasie word ook vererger as 'n persoon in 'n poging om selfstandigheid te herwin, na 'n ander omgewing moet verhuis.

Vermindering van die grootte van die maatskaplike ondersteuningsisteme, verminder ook die moontlikheid van materiële bystand, advies en inligting wat die individu nodig het om in sy/haar basiese behoeftes te voorsien en om maniere te vind om uit die toestand van haweloosheid te kom. "With no home and weakened ties to the community, the homeless person may feel less obliged to behave in conventional

ways, thus becoming yet more detached from mainstream society" (Grigsby,1990:142). Die voortdurende verlies van ondersteuning kan tot maatskaplike isolasie lei.

Grigsby en Baumann (1988:143) toon aan dat kroniese haweloosheid kan ontstaan wanneer mense wat nog nie vir 'n lang tydperk haweloos is nie, hulle noodsituasie hanteer deur by ander haweloses aan te sluit. Grigsby et al. (1990:142) beweer dat Schacter in 1959 al aangetoon het dat daar 'n onderlinge verhouding tussen maatskaplike ondersteuning en angs bestaan en dat mense wat gespanne is, eerder in 'n groep as alleen wil wees. Affiliasie met ander mense met soortgelyke probleme, verminder angs en help individue om te besluit oor hoe om te reageer, omdat hulle kan waarneem hoe die ander reageer.

'n Tweede bewegingsbaan open vir mense wat nog nie lank haweloos is nie en hulle bevind hulle op 'n pad van heraffiliasie met ander haweloses. Om die verlies van verhoudings met bure, familie, vriende, ensovoorts te vervang, ontstaan nuwe maatskaplike verhoudings met ander wat ook swaarkry en in 'n soortgelyke situasie verkeer.

Grigsby (1990:142) waarsku egter dat affiliasie met ander haweloses soos 'n tweesnydende swaard kan wees, want die maatskaplike ondersteuning en gevoel van aanvaarding deur die ander lede van die hawelose ondersteuningsisteem, kan 'n gevoel van welvaart bevorder en verskaf ook 'n mate van beskerming teen swaarkry, maar dit kan ook aanleiding gee tot verskansing of beveiliging in haweloosheid.

Die model van disaffiliasie en verskansing toon aan dat as die grootte van die ondersteuningsisteem, die vlak van maatskaplike funksionering en die tydperk van

haweloosheid van 'n verteenwoordigende steekproef ondersoek kan word, die volgende groepe waarskynlik geïdentifiseer sal kan word :

* Die mense wat onlangs ontwrig en haweloos geraak het, het nog 'n mate van maatskaplike ondersteuning, hulle wil graag weer werk en is gemotiveerd om hulle omstandighede te verbeter.

* Die wat reeds vir 'n langer tydperk haweloos is, is meer kwesbaar, hulle het minder maatskaplike ondersteuningsisteme en funksioneer op die grens van wanfunksionering.

* Die ander groep is al lank haweloos en het gewoonlik baie ondersteuning uit die geledere van die ander haweloses. Hulle stel nie belang om te werk nie, hulle vlak van funksionering is beperk en hulle het dikwels alkohol probleme.

Grigsby et al. (1990:152) stel voor dat dié model van haweloosheid veral bruikbaar sal wees as hulpmiddel by die ontwikkeling van programme wat oplossings vir haweloosheid probeer vind. Die groep mense wat nog nie so lank haweloos is nie, is veral die teikengroep na wie daar uitgereik moet word, ten einde hulle behulpsaam te wees om beskikbare dienste beter te benut en hulle hawelose toestand te beëindig. (Sien Figuur 3.1).

**Figuur 3.1 : Die Maatskaplike Prosesmodel van Verskansing in Haweloosheid**



## 3.6 DIE HULPVERLENINGSMODEL VAN ZIEFERT EN BROWN (1991)

Die hulpverleningsmodel van Ziefert en Brown wat vervolgens bespreek gaan word, is 'n meer omvattende praktiese model en bestaan uit faktore wat in aanmerking geneem moet word by die ontwikkeling van 'n intervensieprogram sowel as die fases waaruit die hulpverleningsaksies bestaan.

### 3.6.1 FAKTORE WAT IN AG GENEEM MOET WORD BY DIE ONTWIKKELING VAN 'N INTERVENSIEPROGRAM

Om die hawelose persoon werklik te verstaan is dit volgens Ziefert en Brown (1991:215) nodig om die volgende faktore in aanmerking te neem in die ontwikkeling van 'n intervensieprogram :

**3.6.1.1** Die faktore wat aanleiding tot haweloosheid gegee het;

**3.6.1.2** Die effek wat haweloosheid op die individu en gesin het, wat onder andere die volgende kan wees :

(a) 'n Gevoel van aanvaarding wat onder die haweloses voorkom;

(b) Beperkte en rigiede definiëring van maatskaplike rolle;

(c) Afwesigheid van intieme, standhoudende, volwasse verhoudings.

**3.6.1.3** In 'n sentrum vir haweloses begin mense aanpas by die plaaslike omstandighede, wat gepaard gaan met verminderde verantwoordelikheidsbesef en toenemende passiwiteit en afhanklikheid van ander.

**3.6.1.4** Bogenoemde faktore kan 'n gevoel van magteloosheid by haweloses veroorsaak, wat 'n indruk van onwilligheid kan skep en 'n onvermoë om in 'n maatskaplike werker-kliënt-verhouding betrokke te raak.

### 3.6.2 ASPEKTE ESSENSIEEL IN 'N INTERVENSIEPROGRAM

Ziefert en Brown (1991:215) stel voor dat die rol van die maatskaplike werker in 'n sentrum vir haweloses, hoofsaaklik dié van pleitbesorger namens die haweloses behoort te wees. Die maatskaplike werker behoort met individue en gesinne te begin werk vanaf aanmelding totdat hulle permanente behuising bekom het. In die intervensieprogram is die volgende stadiums van belang :

#### 3.6.2.1 Assesseringsfase

Assessering van die kliënt se behoeftes en stadium van haweloosheid ten einde 'n kort- en langtermyn intervensiestrategie te beplan. Lengte of duur van haweloosheid, hoeveel episodes, oorsake van elke episode en lewensgebeure voor elke episode is belangrike inligting om te bekom, ten einde die kliënt se vlak van funksionering te bepaal voordat hy/sy haweloos geraak het. Hierdie inligting is veral belangrik ten opsigte van maatskaplike rolle. Maatskaplike werkers moet ook in aanmerking neem dat gesinne wat vir die eerste keer haweloos geraak het, in 'n krisis situasie verkeer.

### 3.6.2.2 Direkte Dienslewering

In direkte dienslewering moet die maatskaplike werker aktief betrokke raak by die inwoners se daaglikse aktiwiteite, selfs al is dit nodig om byvoorbeeld doeke om te ruil of inkopies te gaan doen. Die gevoel van afhanklikheid van die hawelose moet aanvaar word as deel van die proses van ontwikkeling van 'n vertrouensverhouding. Volgens Ziefert en Brown (1991:215) het baie van die volwassenes onbevredigde afhanklikheidsbehoeftes. Hawelose persone is ingestel op korttermyn behoeftebevrediging soos verskaffing van voedsel, klere, 'n plek om te slaap ensovoorts, wat hulle gevoel van "angs vir oorlewing" verminder. Voorsiening in hierdie behoeftes kommunikeer 'n boodskap van belangstelling, wat die basis is waarop 'n vertrouensverhouding gebou kan word.

In 'n sentrum vir haweloses word daar aan die inwoners 'n sin van hoop gebied, angs word verminder en mense kry weer 'n gevoel van kontrole oor hulle lewe. Die ervaring van gemeenskaplikheid help hulle ook om die gevoel van isolasie te verminder.

### 3.6.2.3 Inverbindingstelling met Familie en Ondersteuningsisteme

Maatskaplike werkers moet probeer om gesinne weer in verbinding met familie en ander ondersteuningsisteme te bring. Dikwels moet gesinslede eers in kontak met mekaar gebring word omdat gesinsgrense dikwels gefragmenteerd is en afstand gedoen is van ouerlike rolle, soos ook bespreek in hoofstuk 2 (2.8). Geslote grense kan ook bestaan, wat kan veroorsaak dat hulp van buite nie maklik aanvaar sal word nie.

Maatskaplike werkers moet ouers ondersteun in hulle ouerlike rolle en ook help om nuwe vaardighede aan te leer. As gevolg van die baie reëls wat in 'n sorgsentrum kan wees, kan ouers die gevoel ervaar dat hulle gesag as ouer ondermyn word. Ter ondersteuning van die ouer-kind verhouding moet positiewe aspekte van ouerskap ook versterk word en moet aktiwiteite aangebied word wat ook plesier aspekte beklemtoon, soos byvoorbeeld uitstappies, verjaarsdagpartytjies, ensovoorts. Die aktiwiteite kan help om die angs en demoraliserende effek van haweloosheid te verminder.

Ouers moet aangemoedig word om van die dienste van byvoorbeeld gesondheidsverpleegkundiges gebruik te maak terwyl hulle in die sentrum is, wat kan help om weer vertroue in diensvoorsieners te ontwikkel. Dit kan weer help om ondersteuningsnetwerke te help vestig.

### 3.6.2.4 Verwysing na Ander Hulpdienste

Verwysing na ander hulpdienste kan ook die hulpverleningsproses bespoedig, byvoorbeeld persone wat gespesialiseerde behandeling nodig het, soos persone wat verslaaf is aan afhanklikheidsvormende middels.

### 3.6.2.5 Terapie en Verrykingsprogramme

Terapeutiese intervensie moet ook gedoen word en verrykingsprogramme moet aangebied word, wat veral gemik moet wees op verbetering van die selfbeeld en versterking van ander positiewe gedrag. Gebrek aan interpersoonlike vaardighede weerhou inwoners dikwels daarvan om die nodige hulp te verkry. Hawelose mense se

onvermoë om hulle behoeftes te verbaliseer en hulle kwesbaarheid ten opsigte van frustrasie en negatiewe houdings teenoor potensiële bronne, maak dit vir hulle verder moeilik. As die hawelose sy of haar regte verstaan en selfgeldend, beleef en duidelik oor hulle behoeftes kan kommunikeer, word bronne nie net makliker beskikbaar nie, maar kan 'n verbinding met die gemeenskap ook gesmee word.

#### 3.6.2.6 Bekom van Behuising

Volgens Ziefert en Brown (1991:218) word dit soms vanselfsprekend aanvaar dat mense oor vaardighede beskik om behuising te bekom, maar daar is 'n groot hoeveelheid mense, veral vroue, wat 'n gebrek het aan kennis wat benodig word om 'n huis te kry en in stand te hou. Vaardighede in die verkryging van 'n huis sluit onder andere die volgende in :

(a) Kennis oor waar en hoe gesoek moet word;

(b) Wyse waarop die hawelose persoon hom/haarself op 'n aanvaarbare manier moet aanbied;

(c) Finansiële bestuursvaardighede, wat aspekte insluit soos om byvoorbeeld stiptelik huur te betaal;

(d) Redelike huishoudingsvaardighede, wat ook die gebruik en versorging van toerusting insluit, asook

(e) Kennis oor die regte en verantwoordelikheid van huurders.

### 3.6.2.7 Verhoging van Lewensvaardighede

In die opset van 'n sentrum vir haweloses kan kennis- en vaardigheidsgebreke van inwoners maklik geïdentifiseer word. By die meeste sentrums word van inwoners verwag om hulle eie kamers te versorg, wat aan maatskaplike werkers geleentheid kan gee om hulle by te staan in 'n ondersteunende en opvoedkundige rol en hulle ook te help om hul huishoudingsvaardighede te verbeter.

Inwoners moet geleer word hoe om hulleself aan te bied by 'n behuisingsagent of as hulle aansoek doen vir werk. "Helping residents identify and communicate their strengths and improve their physical presentation (by getting a new dress, hairdo or replacing missing teeth) make residents more marketable, improves their self-concept, and breaks the cycle of hopelessness created by their current situation and past experience" (Ziefert en Brown,1991:218).

## 3.6.3 SAMEVATTING VAN DIE MODEL VAN ZIEFERT EN BROWN

Ter samevatting van die hulpverleningsmodel blyk dit dat met die korttermyn intervensie wat plaasvind, terwyl gesinne en individue in 'n sorgsentrum is, reeds begin kan word om die vele en verskeie behoeftes van die haweloses aan te spreek. Om suksesvol na behuising te soek, om selfvertroue te ontwikkel en om afhanklike verhoudings met mekaar en die personeel te bou, behoort die hoofdoelstellings in die sentrum te wees. Beplanning van intervensiestrategieë kan dus gebaseer word op die lengte van 'n individu of gesin se haweloosheid. Omstandigheidshaweloses het dikwels met krisisintervensie en ondersteuning nodig om weer nuwe behuising te bekom, waar episodiese en langtermyn haweloses meer intensiewe dienste en

ondersteuning vereis.

## 3.7 GEÏNTEGREERDE MODEL VANUIT DIE VERSKILLENDE VIER MODELLE

Soos vroeër in hoofstuk 3 (3.2.2) bespreek is, kan modelle ontwikkel word om 'n wye reeks probleme aan te spreek of 'n model kan vir die hantering van 'n spesifieke verskynsel ontwerp word. Vanweë 'n gebrek aan 'n teoretiese- sowel as 'n praktykmodel in die Suid-Afrikaanse konteks, gaan die navorser poog om uit die bogenoemde vier modelle 'n model saam te stel ten opsigte van haweloosheid en hulpverlening aan die hawelose persoon. Aangesien die model nie as deel van hierdie studie volledig ontwikkel kan word nie, sal slegs 'n skematiese voorstelling voorsien word van die kern komponente waaruit 'n model daar moet uitsien om die verskynsel van haweloosheid in die Suid-Afrikaanse konteks aan te spreek. (Sien Figuur 3.2).

## 3.8 SLOTOPMERKING

Ter samevatting was daar in hierdie hoofstuk aandag gegee aan verskillende teoretiese modelle oor haweloosheid en het dit geblyk dat die veroorsaking van die probleem op verskillende vlakke lê en dat disaffiliasie met maatskaplike ondersteuningsisteme 'n deurslaggewende rol speel, ook in die hulpverleningsproses. Ten slotte is 'n skematiese voorstelling van 'n model uit die verskillende modelle saamgestel, wat op die Suid-Afrikaanse konteks van toepassing gemaak kan word.

In die volgende hoofstuk sal aandag aan die navorsingsmetodologie gegee word.

**Figuur 3.2 : Teoretiese Model ten Opsigte van die Proses van Haweloosheid**



# HOOFSTUK 4

# NAVORSINGSMETODOLOGIE

## 4.1 INLEIDING

Volgens Mouton en Marais (1991:7) is geesteswetenskaplike navorsing 'n gemeenskaplike menslike aktiwiteit waardeur 'n bepaalde verskynsel in die werklikheid op 'n objektiewe wyse bestudeer word ten einde 'n geldige begrip van die verskynsel daar te stel. In samehang hiermee omskryf Grinnell (1993:4) geesteswetenskaplike navorsing soos volg : "Research is a structural inquiry that utilizes acceptable scientific methodology to solve problems and creates new knowledge that is generally applicable".

In maatskaplike werk word die navorsing toegepas op maatskaplikewerk-probleme en is Grinnell se siening soos volg "Social work research is a scientific inquiry about a social work problem that provides an answer contributing to an increase in the body of generalizable knowledge about social work concern" (1993:4). Die doel van alle maatskaplikewerk-navorsing is dus om vrae te antwoord of probleme op te los en elke navorsingstudie is 'n probleem aangedrewe onderneming.

Soos in hoofstuk 1 aangedui is, is hierdie navorsing vanuit die kwalitatiewe benadering onderneem. Kwalitatiewe navorsing word gedoen wanneer maatskaplike gedrag waargeneem of daaraan deelgeneem word met die doel om die verskynsel te probeer **verstaan.**

In hierdie hoofstuk is by die volgende aspekte stilgestaan :

* Die navorsingsontwerp en wyse van steekproeftrekking wat in hierdie studie benut is;

* Verder is daar aandag gegee aan die navorsingstrategie, waar daar veral gefokus is op die verskillende vlakke waarop beide kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe benaderings as wetenskap beskryf kan word.

Vervolgens het die navorser inligting oor die data-insamelingsmetode wat vir hierdie studie gebruik is verskaf, asook fases of stappe in die kwalitatiewe navorsingsproses.

Tydens die besprekings in die verskillende afdelings is ook deurgaans na die praktiese uitvoering van die ondersoek verwys.

## 4.2 DIE NAVORSINGSONTWERP

By die keuse van 'n navorsingsontwerp moet ingedagte gehou word dat navorsing om 'n verskeidenheid van redes onderneem kan word. Navorsing wat deur blote nuuskierigheid of verwondering onderneem word, is gewoonlik selfgeïnisieerde navorsing. Die navorser bevind hom in die situasie dat hy volkome vryheid het om sy eie keuse van navorsing te doen. Daarenteen kan 'n toenemende getal onderwerpe aangepak word in opdrag van 'n bepaalde organisasie, departement, ensovoorts, en word daarna verwys as kontaknavorsing (1990:37). In hierdie studie is dit selfgeïnisieerde navorsing en word die navorsing vanuit eie keuse van die navorser onderneem.

Soos in hoofstuk 1 gemotiveer is, is kennis oor en dienslewering aan die haweloses 'n

redelik nuwe terrein in die maatskaplikewerk-praktyk en in die navorsingsveld in die Suid-Afrikaanse konteks. Navorser het beoog om **kennis** oor die hawelose persoon in te win, en met 'n **kennisbasis** as steunpilaar, **begrip** vir die individu te bewerkstellig - nie alleen in die maatskaplikewerk-praktyk nie, maar in die samelewing as geheel. Ten einde die navorsingsdoelstelling, naamlik om die maatskaplike problematiek in sorgsentrum te ondersoek, te bereik, is 'n verkennende studie vir hierdie doeleindes onderneem.

Volgens Mouton en Marais (1985:45) is die uiteindelike oogmerk met 'n verkennende studie meer gerig op die verkryging van insig en verwering van begrip, as op die insameling van akkurate, repliseerbare data en behels so 'n studie dikwels die gebruik van in-diepte-onderhoudsvoering, ontleding van gevallestudies en gebruik van informante. Hipoteses volg uit die navorsing eerder as wat dit tot die navorsing lei. 'n Oop en plooibare navorsingstrategie moet dus nagevolg word.

## 4.3 NAVORSINGSTRATEGIE

Om wel die uiteindelike oogmerk van hierdie studie te bereik is 'n spesifieke navorsingsontwerp, naamlik die dwarssnit opname gekies. Volgens De Vos (1993:16) is die dwarssnit opname hipotese genererend en is die basiese strategie van die ontwerp gerig op 'n deeglike beskrywing van die eenheid, gedurende 'n spesifieke periode in tyd.

Hierdie studie leen hom ook meer tot 'n kwalitatiewe benadering, hoewel vroeëre, veral oorsese navorsers se kwantitatiewe navorsing geïnkorporeer is. Die individu word nie gesien as 'n geïsoleerde veranderlike nie, maar is deel van 'n geheel.

Mouton en Marais (1991:159) redeneer dat die kwalitatiewe benadering waarvan die prosedures nie so streng geformaliseer en geëkspliseer is nie, terwyl die reikwydte meer grensloos is, die navorser in staat stel om konsepte te eksploreer wat in ander navorsingsprosedures verlore raak.

Mouton en Marais (1990:173) toon aan dat ten spyte van die feit dat beide kwalitatiewe en kwantitatiewe benaderings as wetenskap beskryf word, dit so is dat hulle op verskillende vlakke opereer.

Op die **breedte-dimensie** probeer die navorser 'n geesteswetenskaplike verskynsel in sy volle konsekwensies, soos dit in die realiteit gemanifesteer word, te beskryf. Die **hoogte-dimensie** word veral gekenmerk deur 'n sistematies opgeboude teorie wat vanaf die empiriese feite op agtereenvolgende vlakke van abstraksie hoër opgebou word. In hierdie geval spits die navorser hom daarop toe om 'n enkele veranderlike te neem en indringend te bestudeer. Die navorser probeer om verskynsels in terme van oorsaaklike verbande te verklaar.

Die derde en **diepte-dimensie** word gekenmerk deur 'n poging van die navorser om tot die wese van 'n verskynsel deur te dring. Uiteindelik is die probleem wat op hierdie dimensie ondersoek word, die wese van die menslike bestaan self. Hier probeer die navorser die nul-graad van die verskynsel, dit wil sê die absolute fondament, te bepaal.

Ten opsigte van die betrokke studie kan hawelooosheid as verskynsel op die breedte-dimensie geplaas word en bestudering van individue op die lengte-dimensie. Om egter 'n verklaring van gedrag te kan gee, moet die derde dimensie ook gevolg word om 'n balans tussen die twee pole te verkry; met ander woorde, kwalitatiewe navorsingmetodologieë behoort aangewend te word om tot die essensie van die

verskynsel van haweloosheid deur te dring, maar ook tot die wese van die bestaan van die hawelose persoon.

Ter samevatting is die kwalitatiewe navorsingsmetode vir die navorser van waarde deurdat :

* dit haar in staat stel om van binne die beleweniswêreld van 'n hawelose persoon te ondersoek en waar te neem;

* 'n kennisbasis op te stel wat dan as grondslag kan dien vir verdere optrede en dienslewering;

* vir die maatskaplikewerk-professie as aanmoediging te dien vir verdere soortgelyke navorsing.

## 4.4 DATA-INSAMELINGSMETODE

Inleidend is 'n deeglike literatuurstudie wat in hoofstukke 2 en 3 weergegee is, gedoen waaruit die stand van vorige navorsing bepaal is ten einde die problematiek van haweloses in sorgsentrums beter te verstaan. Hieruit spruitend is 'n kennisbasis van hierdie persoon gevorm en dit kon slegs geskied het deur by die teikengroep self waar te neem en inligting oor hulle belewenis van die hele fenomeen te verkry. Hierdie inligting is met behulp van onderhoudskedules met die haweloses ingewin.

Volgens Grinnell (1993:267) word met aangesig-tot-aangesig-onderhoude, vrae direk aan elke lid van die steekproef gevra en word die antwoorde onmiddellik op die

onderhoudskedule aangeteken. Volgens McMurtry (in Grinnell,1993:267) het hierdie navorsingstegniek sekere voordele, maar ook sekere beperkings. Voordele sluit in :

* groter reaksie en terugvoer;
* respondente neig om beter deurdinkte antwoorde te voorsien;
* laat ruimte vir langer oop-vrae en reaksies;
* laat ruimte vir aanteken van nie-verbale inligting;
* kan ongeletterdes en gestremdes bereik;
* onderhoudsvoerder kan vrae verduidelik;
* respondente kan meer gewillig wees om sensitiewe persoonlike vrae te beantwoord;

Leemtes sluit in :

* koste in die uitvoer daarvan is hoog;
* groot kans vir die oordra van vooroordeel;
* respondent kan reageer op die persoonlikheid van die onderhoudsvoerder, eerder as op die inhoud van die onderhoud;
* onderhoudsvoerder kan die antwoord verkeerd aanteken.

Volgens die navorser is sekere voorbereidingswerk noodsaaklik as daar van hierdie data-insamelingsmetode gebruik gemaak word. Van die stappe sluit in :

### 4.4.1 ONTWERP VAN 'N ONDERHOUDSKEDULE

Onderhoudskedules lyk nie soos die algemene vraelyste nie, omdat dit ontwerp word

om deur die onderhoudsvoerder voltooi te word en nie deur die respondent nie. "Because interview schedules are seen only by the interviewer, design efforts can be directed to maximizing the ease and accuracy of data recording and subsequent coding. Instructions are also included in the interview schedules, but because they are read and, if necessary, explained by the interviewer, they can be more concise" (Grinnell,1993:270).

'n Belangrike bruikbare kenmerk van onderhoudskedules is dat dit voorskrifte kan bevat om te herinner en verduidelik, wat 'n belangrike hulpmiddel vir die onderhoudsvoerder kan wees. Die skedule kan ook instruksies vir die onderhoudsvoerder bevat oor die wyse waarop kliënte gehelp kan word om 'n keuse tussen antwoorde te kan maak. So kan respondente gevra word om byvoorbeeld sekere ervaringe op te noem. Ander voorskrifte kan ingesluit word om die kliënte se geheue te stimuleer, maar geselekteerde gebruik daarvan kan probleme van vooroordeel meebring.

Sommige ondersoeke kan aangevul word met geskrewe materiaal wat aan die respondente gegee word, byvoorbeeld waar hulle 'n keuse het uit 'n lys van antwoorde.

Ten einde hierdie navorsing te kon uitvoer is drie verskillende onderhoudskedules ontwerp, naamlik :

* 'n onderhoudskedule aan sorgsentrumbestuurders (sien Bylae A);
* 'n onderhoudskedule aan hawelose volwassenes (sien Bylae B); en
* 'n onderhoudskedule aan hawelose kinders (sien Bylae C).

### 4.4.2 HUUR EN OPLEIDING VAN ONDERHOUDSVOERDERS

Net soos wat beraad meer verbale vermoëns vereis as alledaagse gesprekvoering, het direkte onderhoudsvoering meer vaardighede nodig. Sorgvuldige keuring van onderhoudsvoerders is nodig en opleiding om hulle vaardighede te ontwikkel is ook belangrik. So kan baie foute uitgeskakel word en meer korrekte inligting verkry word. Onderhoudsvoerders moet geskik wees vir die taak en moet kan aanpas by die respondente. Die doel moet wees om die respondente op hulle gemak te stel en sodoende hulle persepsie van onderlinge verskille te oorkom. Grinnell (1993:272) ondersteun die stelling deur te konstateer : "The traits to look for in interviewers are similar to those that characterize good social workers - warmth, sincerity, appropriate dress and appearance, and good verbal and non verbal skills".

Vir hierdie spesifieke navorsing is daar nie van ander onderhoudsvoerders gebruik gemaak nie en is al die onderhoude deur die navorser self gevoer.

### 4.4.3 STEEKPROEFTREKKING

Volgens Grinnell (1993:272) is dit met aangesig-tot-aangesig onderhoude belangrik om die kleinste moontlike steekproefgrootte te gebruik, as gevolg van die uitgawes wat met die onderhoudsvoering van elke individuele lid gepaard gaan, maar ook met in agneming van interne geldigheid. McMurtry in Grinnell (1993:272) toon aan dat met hierdie data-insamelingsmetode van 'n kleiner steekproefmonster gebruik gemaak kan word, as wat die geval is met pos- of telefoonondersoeke, met die veronderstelling dat die kwaliteit van die inligting wat tydens die onderhoud ingesamel word, die balans sal behou van verhoogde ooreenkoms of inkorrekte afleidings wat van die eienskappe of

kenmerke van die steekproef gemaak is.

Navorsingstudies wat gebaseer is op aangesig-tot-aangesig onderhoude maak volgens Grinnell (1993:272) dikwels gebruik van trossteekproeftrekking ("cluster sampling"), ook bekend as gebiedsmoontlikheidsmetode van steekproeftrekking ("area probability sampling"), waar die deelnemers gekies word uit persone wat in 'n geselekteerde geografiese gebied woon. Dit verseker nie net alleen geografiese verteenwoordiging van die steekproef nie, maar maak ook vir die ondersoeker vervoerreëlings makliker.

Die outeur (Grinnell,1993) toon verder aan dat hierdie tipes ondersoeke ook van nie-waarskynlike steekproeftegnieke gebruik maak, soos gerieflikheids- of sneeubal steekproeftrekking vir die selektering van respondente, byvoorbeeld waar lede van die steekproef gekies word op grond van hulle lidmaatskap aan 'n spesifieke organisasie.

McCall en Simmons in Rubin en Babbie (1989:344) maak ook melding van drie steekproeftrekkings wat veral geskik is vir die kwalitatiewe navorsingsmetode naamlik .

* die kwota steekproef;
* die sneeubal steekproef; en
* die afwykende gevalle steekproef.

Eersgenoemde vind plaas wanneer 'n groep oor redelik duidelik gedefinieerde respondente beskik. Dit behels die bestudering van persone wat verteenwoordigend van alle verskillende deelnemingskategorieë is. Wanneer verteenwoordiging dus noodsaaklik is, behoort kwotasteekproefneming gebruik te word, waar beide mans en vroue, oud en jonk, bestudeer word.

Die sneeubal steekproef word gebruik wanneer die navorser byvoorbeeld die patroon van werwing by 'n organisasie wil bestudeer. Hy of sy begin by 'n punt, byvoorbeeld by die mees onlangs gewerfde lede deur uit te vind wie hulle gewerf het en dan weer by daardie groep, wie hulle gewerf het.

Derdens word die afwykende gevallemetode bespreek. Dit is so dat die begrip van redelike algemene houdingspatrone en gedrag verder verbeter word deur gevalle te ondersoek wat nie in hierdie algemene patroon inpas nie. Hierdie gevalle is dus afwykend van die normale en kan heelwat aan die lig bring.

Daar is natuurlik ook heelwat ander metodes, soos byvoorbeeld die gebruik van ewekansige steekproefneming, wat, in teenstelling met wat baie navorsers glo, wel in kwalitatiewe navorsing met groot vrug gebruik kan word. Die metodes word nie in hierdie skripsie aangespreek nie.

Vir die doeleindes van hierdie navorsing was daar van eersgenoemde metode gebruik gemaak naamlik die kwotasteekproefmetode, waar respondente, verteenwoordigend van verskillende deelnemingskategorieë sowel as van 'n sekere geografiese gemeenskap, geselekteer is. Elkeen van die afsonderlike sorgsentrums kan as 'n geografies-funksionele gemeenskap beskou word, want volgens Lombard et al. (1991:67) lê die klem op die interaksie tussen die verskillende dele en is die essensiële kenmerk van 'n geografiesfunksionele gemeenskap die struktuur van verhoudings tussen die komponentsisteme en individue. Daar is 'n gemeenskaplikheid wat geleentheid bied vir interaksie, wat in die geval van sorgsentrums, haweloosheid is.

Wat die steekproeftrekking betref, soos reeds in hoofstuk 1 (1.5) bespreek is, is die universum in 'n aantal strata verdeel met betrekking tot sorgsentrumbestuurders,

getroude pare, enkellopende persone en kinders. Met behulp van die sorgsentrumbestuurders was 'n lys van name van al die inwoners in die betrokke sorgsentrums verkry en is die betrokke respondente op 'n sistematiese wyse getrek. Die steekproeftrekkingsproses was dus doelgerig en het as volg daar uitgesien :

* In Germiston is daar 4 sorgsentrums, wat al vier by die ondersoek betrek is;
* 4 sorgsentrumbestuurders;
* 62 respondente wat soos volg by die verskillende sorgsentrums geselekteer is :

**Sorgsentrum 1**

Totale aantal inwoners 572

Aantal geselekteerde respondente - 6 getroude persone;
6 enkellopende vrouens;
12 enkellopende mans; en
10 kinders.

**Sorgsentrum 2**

Totale aantal inwoners 84

Aantal geselekteerde respondente - 6 getroude persone;
5 enkellopende vrouens; en
3 kinders.

**Sorgsentrum 3**

Totale aantal inwoners 70

Aantal geselekteerde respondente - 4 getroude persone;
4 enkellopende vrouens; en
1 enkellopende man; en

**Sorgsentrum 4**

Totale aantal inwoners 29

Aantal geselekteerde respondente - 2 enkellopende mans;
1 enkellopende vrou; en
2 kinders.

Nadat die betrokke respondente geselekteer is, is voortgegaan met die navorsingsproses deur verkryging van toestemming van die respondente.

## 4.4.4 VERKRYGING VAN TOESTEMMING VAN RESPONDENTE

Volgens Grinnell (1993:273) is dit belangrik voordat inligting van enige respondente wat deelneem in die navorsingstudie verkry word, hulle formele, geskrewe, toestemming verkry moet word. Met ander woorde dit beteken dat die respondent ingewillig het om deel te neem nadat hy ingelig is oor die aard van die ondersoek, hoe die inligting gebruik gaan word en hoe vertroulikheid gehandhaaf gaan word. Toestemming kan ook deur 'n organisasie verkry word met wie potensiële respondente geaffilieer is.

In hierdie studie is skriftelike toestemming van elke sorgsentrumbestuurder verkry, sowel as sy toestemming dat inwoners van die sentrum aan die ondersoek mag deelneem (sien Bylae D).

## 4.4.5 BEPLANNING VAN DIE ONDERHOUD

Nadat die nodige toestemming verkry is, moes die navorser die logistieke taak met die

beplanning van die onderhoude uitvoer. Reëlings vir die lokaal waar dit gaan plaasvind moes ook oorweeg word. Grinnell (1993:274) meen dat mense meer op hulle gemak is in bekende omgewings, daarom is die beste lokaal hulle woonplek, kantoor, ensovoorts. Die lokaal moes ook bevorderlik wees vir die onderhoudsproses, byvoorbeeld gebrek aan privaatheid, lawaai, ensovoorts, kan baie steurend wees tydens die onderhoud. In die verband noem Grinnell (1993:274) ook dat sommige kansellasies en potensiële respondente wat nie opdaag vir onderhoude nie, onvermydelik is. Om hulle vooraf te herinner kan egter baie effektief wees, alhoewel dit tydrowend is.

Tydens hierdie ondersoek is al die onderhoude by die sorgsentrums gevoer, in 'n aparte lokaal wat privaat was of in die respondente se kamers. Geen probleme met respondente wat nie opgedaag het vir onderhoude, was ondervind nie. Een of twee van die respondente was aanvanklik huiwerig en suspisieus, maar het later hulle volle samewerking gegee.

### 4.4.6 VAARDIGHEDE IN ONDERHOUDSVOERING

Sekere basiese beginsels is geïdentifiseer vir navorsingsonderhoudsvoeringsvaardighede. Dit is vaardighede wat nie noodwendig natuurlik aangebore is nie, maar kan aangeleer of verbeter word deur 'n geskikte persoon.

Om eers rapport te bewerkstellig is belangrik en vereis van die onderhoudsvoerder die vermoë om persoonlike kontak te maak, benede die stel van vrae. "Rapport is the spirit of affinity with respondents communicated by the interviewer, so they know they are recognized and appreciated as real people, not simply as guinea pigs or faceless

sources of information: (Grinnell,1993:274).

Grinnell (1993:274) wys daarop dat 'n onderhoudsvoerder wat eers 'n kort gesprek met die respondent voer voor die aanvang van die onderhoud, beloon kan word met meer akkurate en volledige inligting. Die ondersoeker moet ook bereid wees om vrae te beantwoord oor die doel van die studie en enige ander aspekte wat die respondent belangrik ag.

Gedurende die werklike data-insamelingsproses, verklaar Grinnell (1993:274), moet die onderhoudsvoerder die presiese bewoording volg van die instruksies en vrae op die onderhoudskedule. As daar afwykings is, kan verskillende respondente, verskillende begrip hê van wat hulle gevra word en inkonsekwentheid en onakkuraatheid kan 'n oorsaak wees vir metingsongeldigheid. Dit beteken egter ook nie dat die onderhoudsvoerder soos 'n robot sonder enige gevoelsuitdrukking moet optree nie.

Tydens die uitvoering van die navorsingsonderhoude vir hierdie studie, het die navorser nie enige probleme ondervind nie. Nadat 'n kort gesprek met elke respondent gevoer is, was dit maklik om rapport te bewerkstellig. Respondente was gewillig om vrae te beantwoord en sommige was selfs bereid om gebeure wat met baie swaarkry en emosie gepaard gegaan het, met die navorser te deel.

## 4.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is aandag gegee aan bespreking van die navorsingsontwerp, die navorsingstrategie, sowel as die data-insamelingsmetode en steekproeftrekking wat vir die uitvoering van hierdie studie aangewend is.

Die gebruik van onderhoudskedules as data-insamelingsmetode was dus suksesvol, aangesien die navorser daarin geslaag het om die doelwit soos in hoofstuk 1 (1.3(a)) gestel was, te bereik, naamlik om die probleme en behoeftes van die haweloses woonagtig in sorgsentrums, die faktore wat aanleiding tot hulle haweloosheid gegee het, sowel as hulle belewenis daarvan, te peil. Terselfdertyd is die aard en doelstellings van sorgsentrums as versorgingsoorde ook ondersoek.

Vervolgens word die bevindinge soos verkry is uit die onderhoude, in hoofstuk 5 bespreek.

# HOOFSTUK 5

# NAVORSINGSBEVINDINGE

## 5.1 INLEIDING

Soos in hoofstuk 4 bespreek is, is in hierdie kwalitatiewe navorsingstudie onderhoude met **4 sorgsentrumbestuurders, 47 hawelose volwassenes** en **15 hawelose kinders** aan die hand van onderhoudskedules gevoer (sien Bylaes A, B en C). Die resultate van die onderhoude sal vervolgens gegee word.

Eerstens sal 'n beskrywing van die sorgsentrums sowel as die kommentaar van die sorgsentrumbestuurders bespreek word en daarna die reaksies van die hawelose volwassenes en die hawelose kinders.

Die inligting sal waar moontlik, in frekwensietabelle weergegee word.

## 5.2 BESPREKING VAN DIE SORGSENTRUMS WAT BY DIE NAVORSINGSONDERSOEK BETROKKE WAS

In die Germiston omgewing was daar in die stadium wat die navorsing uitgevoer is (April 1994), **4** sorgsentrums wat almal by die navorsingstudie betrek is. Soos in hoofstuk 4.3.3 bespreek is, kan elke sorgsentrum as 'n geografies-funksionele gemeenskap beskou word en is die gemeenskaplikheid tussen hulle haweloosheid. Twee van die sorgsentrums is heeltemal tevrede om as 'n "mission" bekend te staan, terwyl die ander twee baie sterk beswaar maak met die benaming en nie met 'n

"mission" geassosieer wil word nie. Volgens die bestuurders is hulle sorgsentrums en sal daar dan ook in die res van die studie na hulle verwys word as sorgsentrums.

'n Kort beskrywing van elke sorgsentrum wat deel van die ondersoekstudie was, sal vervolgens weergegee word :

### 5.2.1 SORGSENTRUM EEN

#### 5.2.1.1 Agtergrondsinligting

Die sorgsentrum is in die gemeenskap bekend as 'n "mission" en bestaan reeds sedert 1986. Die sorgsentrum was reeds op verskillende plekke gevestig, onder andere Suurbekom, Walkerville en 'n ander plek in Germiston, voordat hulle die huidige perseel sedert ongeveer 'n jaar gelede, bewoon. Volgens die eienaar, wat ook die bestuurder is en homself 'n pastoor van sy eie kerk noem, het hy aanvanklik begin om huisvesting aan 10 haweloses te bied en het sedertdien sy sentrum uitgebrei tot ongeveer 600 haweloses aan wie akkommodasie voorsien word.

Volgens die bestuurder kan die sorgsentrum 1 000 mense huisves en was daar op 30 April 1994, tydens die uitvoering van die navorsingstudie, **572** inwoners.

#### 5.2.1.2 Tipe Huisvesting, die Toereikendheid en Algemene Gehalte Daarvan

Die sorgsentrum is geleë in 'n ou mynkampong, waarvan die grondoppervlakte groot is en uit verskeie geboue bestaan. Heelwat van die geboue is nog onbenut. Toe hulle

ongeveer 'n jaar gelede die plek oorgeneem het, het die kompleks reeds vir baie jare leeg gestaan en was vervalle en in 'n uiters swak toestand, byvoorbeeld van die geboue se dakke was af, elektrisiteitsvoorsiening was onvoldoende en die plek was vuil en onherbergsaam. Die bestuurder in samewerking met die inwoners het al baie verbeteringe aangebring en is elke dag steeds besig met restourasiewerk.

Beperkte finansies was egter 'n probleem en finansieel gaan dit moeilik by die sorgsentrum. Indien voldoende fondse beskikbaar is, het die plek potensiaal om in 'n doeltreffende sentrum vir haweloses omskep te word, aangesien daar baie ruimte en voldoende moontlikhede vir byvoorbeeld werkswinkels en ontspanningsfasiliteite was.

Hoewel die meeste gesinne saam in 'n kamer gehuisves is, was daar tog 'n tekort aan privaatheid en is sommige van die groter kinders apart van hulle ouers gehuisves. Die toestand van die kombuis en badkamergeriewe was redelik en het in die inwoners se behoeftes voorsien. Daar is baie ruimte vir verbeterings deur byvoorbeeld afskortings tussen die baddens en storte aan te bring sodat die mense meer privaatheid kon geniet.

Kosvoorrade was beperk en slegs basiese voedselsoorte is voorsien. Vars vleis en groente was 'n luuksheid en as die sentrum dit nie as 'n donasie ontvang het nie, was daar nie geld beskikbaar om aan te koop nie en moes die inwoners, insluitend die kinders, daarsonder klaarkom.

**5.2.1.3 Aard van Dienslewering**

Behalwe vir 'n paar mense wat besig was om te werk, byvoorbeeld om dakke op te sit of kos voor te berei, was die algemene indrukke van die sentrum mense wat rondstaan

en gesels of in die son sit. Volgens die bestuurder was al die inwoners verplig om in die oggend van 07:00 tot 08:00 te help met instandhouding, waarna hulle kon doen wat hulle wil. Sommige van die inwoners het spesifieke take gehad waarvoor hulle verantwoordelik was, byvoorbeeld sekuriteitswerk, kantooradministrasie, ensovoorts.

#### 5.2.1.4 Bestuur en Beheer

Soos reeds by 5.2.1.1 genoem is, was die bestuurder ook die eienaar van die sorgsentrum. Die bestuurder en al 35 bestuurskomiteelede was almal inwoners van die sorgsentrum. Hoewel hulle nie salarisse betaal is vir die posisies wat hulle beklee nie, het hulle sekere voordele soos byvoorbeeld dat hulle in aparte kamers kon woon, dat hulle aparte badkamers met meer privaatheid gehad het en dat hulle voor die ander inwoners etenstye gehad het.

#### 5.2.1.5 Algemene Indrukke

Die algemene indrukke van die sorgsentrum was swak en die atmosfeer was teneerdrukkend. Armoede was duidelik sigbaar en hoewel daar in die inwoners se mees basiese behoeftes voorsien is, was daar baie onuitgesproke behoeftes wat nie aandag gekry het nie. Die meeste inwoners was egter dankbaar om daar te kon bly, want hulle het 'n dak oor hulle koppe gehad en hulle het kos en klere ontvang.

### 5.2.2 SORGSENTRUM TWEE

### 5.2.2.1 Agtergrondsinligting

Hierdie sorgsentrum bestaan sedert 16 Oktober 1992, hoewel daar in dieselfde gebou vir die afgelope 4 jaar reeds 'n ander sorgsentrum was. Die huidige bestuurder het op die bestuur van die vorige "mission" gedien en het die gebou oorgeneem nadat die vorige eienaar met sy "mission" (inwoners, meubels en alles) na 'n ander area verskuif het.

Die sorgsentrum was geskik om 80 mense te akkommodeer. Op 30 April 1994 was daar 84 inwoners en was hulle getalle effens oorskry.

### 5.2.2.2 Tipe Huisvesting, die Toereikendheid en Algemene Gehalte Daarvan

Die sorgsentrum was in 'n ou kantoorblok geleë, waar munisipale kantore was voordat hulle na 'n ander gebou verhuis het. Dit was dus 'n reeds bestaande gebou en was nie beplan om mense in te akkommodeer nie. Die gebou self was in 'n redelike goeie toestand, maar sekere noodsaaklike fasiliteite, soos byvoorbeeld bad- en toiletgeriewe was glad nie voldoende nie. Daar was byvoorbeeld net een bad en drie storte wat deur 74 volwassenes en 10 kinders gebruik moes word.

As gesinne is ouers en kinders saam in 'n kamer gehuisves, terwyl enkellopendes apart volgens geslag gehuisves is. Egpare moes 'n huweliksertifikaat toon voordat hulle toegelaat is om 'n kamer te kon deel. Aangesien daar nie genoeg kamers was nie, moes sommige egpare en selfs enkellopendes 'n kamer met mekaar deel. Afskortings het 'n mate van privaatheid gegee.

Die gebou was in die middestad van Germiston geleë en het geen tuin of buitenshuise ruimte beskikbaar gehad nie. Daar was met ander woorde ook geen speelplek vir kinders nie.

**5.2.2.3 Aard van Dienslewering**

Die oorhoofse doelstelling van die sorgsentrum was om mense weer selfstandig te maak, hulle eiewaarde te verhoog en weer terug te plaas in die gemeenskap. Hulle probeer dan ook om die mense so gou as moontlik in 'n werk geplaas te kry, al is dit in hulle eie werksprojekte, soos byvoorbeeld verpakking, opknappingswerk aan geboue en andere. Elke inwoner het 'n klein toelaag ontvang wat gewissel het van R2 per dag vir die eerste maand wat hulle daar gebly het en R3 per dag daarna. Van die inwoners wat deel was van die werksprojekte is volgens die werk wat hulle doen betaal. Volgens die bestuurder betaal hulle die mense, al is dit min, om aan hulle 'n gevoel van onafhanklikheid te gee en hulle in staat te stel om sekere noodsaaklike benodigdhede soos byvoorbeeld toiletware self aan te koop.

Voedselvoorrade was voldoende en inwoners het goed gebalanseerde maaltye gekry. Nie een inwoner het gekla oor die hoeveelheid en gehalte van die kos nie.

**5.2.2.4 Bestuur en Beheer**

Behalwe die bestuurder wat ook die eienaar was, was daar 4 ander bestuurslede, wat nie een 'n inwoner van die sorgsentrum was nie, maar gerespekteerde lede van die gemeenskap. Die voorsitter en ondervoorsitter was albei pastore van 'n erkende

kerkgenootskap en dien op die bestuur in hulle privaat hoedanigheid. Die sorgsentrum was nie met 'n spesifieke kerk geaffilieer nie. Bestuursvergaderings is 2 keer per maand gehou.

Die sorgsentrum het ook hulle inwoners gebruik om fondse van die publiek af in te samel en was afhanklik van die donasies vir hulle voortbestaan.

### 5.2.2.5 Algemene Indrukke

Die algemene indrukke van die sorgsentrum was goed, die plek was skoon binne en is netjies gehou en daar was 'n aangename atmosfeer. In die eetsaal was byvoorbeeld vrolike tafeldoeke en gordyne, wat bygedra het om 'n gesellige atmosfeer te skep. Almal was besig met een of ander werk en niemand het ledig gelyk nie.

Hoewel daar nie baie kinders was nie, was dit duidelik dat daar nie voldoende fasiliteite was om kinders te huisves nie en kon daar nie werklik in al hulle behoeftes voorsien word soos byvoorbeeld, voldoende speelplek nie.

Soos in hoofstuk 1.7 gemeld, was hierdie sorgsentrum onlangs deur 'n ernstige bomontploffing getref wat in die straat net buite die sentrum afgegaan het en wat ernstige skade aan die gebou aangerig het. Deure is uit die mure geruk en feitlik al die vensters was stukkend. Hoewel van die inwoners beseer is, het nie een van hulle permanente fisiese skade opgedoen nie. Die skade aan die gebou is ook in 'n verbasend kort tydperk herstel. Dit dui op goeie bestuurs- en organisasievermoë van die sorgsentrumbestuurder en ander komiteelede.

Dit het gelyk of hierdie sorgsentrum sy doelstellings nastreef en werklik probeer het om die haweloses weer op te hef en tot selfstandigheid te help.

### 5.2.3 SORGSENTRUM DRIE

#### 5.2.3.1 Agtergrondsgeskiedenis

Die sorgsentrum bestaan sedert Junie 1991 en is met 'n welbekende pinksterkerk geaffilieer. Die huidige sorgsentrumbestuurder, wat 'n aktiewe lidmaat van die kerk is, het jammer gevoel vir hawelose mense en het 'n paar vertrekke by sy huis aangebou om aan sommige van hulle huisvesting te kan bied. Hy het dit later sy voltydse werk gemaak en het die fasiliteite aansienlik uitgebrei. Hulle was in staat om 70 mense te kon akkommodeer. Op 30 April 1994 was daar 70 inwoners in die sorgsentrum woonagtig.

#### 5.2.3.2 Tipe Huisvesting, die Toereikendheid en Algemene Gehalte Daarvan

Die sorgsentrum het oor twee groot woonhuise beskik. Hulle kantooradministrasie is vanuit die sorgsentrumbestuurder se woning, wat nie deel van die sentrum is nie, behartig. Die meerderheid van die inwoners wat feitlik al die gesinne, is almal in die grootste van die huise gehuisves. Die huis het voldoende fasiliteite, met ordentlike kombuis-, eet- en badkamergeriewe, wat in almal se behoeftes voorsien het. In die agterplaas was 'n hele paar kamers aangebou, waarin veral gesinne gehuisves is. Die plek was skoon en netjies en daar was 'n aangename atmosfeer en 'n gevoel van huislikheid.

Die ander huis was in 'n swakker toestand en was geleë op die terrein waar al hulle werksprojekte hanteer is. Daar was min geriewe en met uitsondering van een gesin, is daar net hawelose enkellopende mans gehuisves.

### 5.2.3.3 Aard van Dienslewering

Die sorgsentrum was oor die algemeen ingestel op opheffing en terugplasing van die individu in die gemeenskap. Hulle het verskeie werkskeppingsprojekte, byvoorbeeld herwinning en verwerking van staal en koperdraad, en elke inwoner was aktief betrokke by een of ander projek. Hulle het ook fondse van die publiek af ingesamel, wat hulle as een van hulle werkskeppingsprojekte beskou het, omdat die persoon wat geld kollekteer kommissie op die bedrag wat hulle insamel ontvang.

Godsdiens speel 'n belangrike rol by die sorgsentrum en inwoners is verplig om Woensdagaande die biduur en Sondae die eredienste by te woon.

### 5.2.3.4 Bestuur en Beheer

Die sorgsentrum se 7 bestuurslede het almal uit lidmate van die kerk waarmee hulle geaffilieer is bestaan en almal is gerespekteerde lede van die gemeenskap. Bestuursvergaderings is een keer per maand gehou.

### 5.2.3.5 Algemene Indrukke

Die algemene indrukke van die sorgsentrum was baie positief. Die inwoners werk

baie hard en almal was besig. Bedags was daar niemand tuis nie, behalwe een of twee vrouens wat verantwoordelik was vir die instandhouding en voedselvoorbereiding. Die inwoners se moraal was hoog en hulle het oor die algemeen positief gevoel, ten spyte van hulle hawelose toestand.

Volgens die sorgsentrumbestuurder beplan hulle om aansienlike uitbreidings te doen en het reeds 'n stuk grond in 'n nywerheidsgebied gekoop, waar hulle beplan om huisvesting aan ongeveer 300 haweloses te kan verskaf. By die nuwe sentrum gaan die klem op werkskepping lê, sodat hulle selfonderhoudend kan wees.

Hierdie sorgsentrum het in sy doelstellings geslaag en poog werklik om haweloses op te hef sodat hulle kan terugkeer na die gemeenskap.

### 5.2.4 SORGSENTRUM VIER

#### 2.4.1 Agtergrondsinligting

Hoewel die huidige eienaar wat ook die bestuurder is, die sorgsentrum gedurende April 1994 oorgeneem het, bestaan die "mission" reeds vir ongeveer 'n jaar al. In die tydperk het die sentrum reeds 3 keer van eienaar, sowel as van naam verander. Die huidige eienaar was reeds sedert die ontstaan van die sentrum 'n inwoner daar. Die "mission" kon 26 mense huisves en daar was 27 inwoners tydens die uitvoer van hierdie studie.

#### 5.2.4.2 Tipe Huisvesting, Toereikendheid en Algemene Toestand Daarvan

Die "mission" soos daarna verwys is deur die sorgsentrumbestuurder, sowel as die

inwoners, was geleë in 'n drieslaapkamerhuis van gemiddelde grootte in 'n gewone woonbuurt. Ekstra kamers was buite opgerig, wat die voorkoms geskep het dat dit oorhaastig en onbepland gedoen is en dat daar nie voldoende fondse was om dit behoorlik te voltooi nie. Ten spyte daarvan, is dit reeds deur haweloses bewoon al het hulle gekla oor die ongerief daarvan. Op die tydstip toe die navorsingsbesoeke afgelê is, was die "mission" karig gemeubileerd, aangesien die vorige eienaar die meeste van die meubels wat glo sy eiendom was, verwyder het. Hulle het beplan om dit aan te vul, maar het nie op daardie stadium voldoende fondse gehad nie.

Aangesien van die vertrekke heeltemal leeg gestaan het en die "mission" die totale aantal inwoners gehad het wat hulle kon huisves, het dit geblyk dat die algemene omstandighede nie voldoende was om in die inwoners se behoeftes te voorsien nie. Die algemene indruk daar was dat elkeen doen wat hy wil en maar net sy gang gaan.

### 5.2.4.3 Aard van Dienste Gelewer

Geen dienste is aan die inwoners gelewer nie. Dit is egter van hulle verwag om met die instandhouding te help. Werksaamhede was onbepland en niemand het spesifieke take, soos byvoorbeeld voorbereiding van die voedsel, gehad nie. Die sorgsentrumbestuurder het fondsinsameling ook as 'n werkskeppingsprogram beskou en het van al die inwoners verwag om elke dag uit te gaan om fondse in te samel.

### 5.2.4.4 Bestuur en Beheer

Die bestuur van die sentrum het uit die bestuurder, wat ook die eienaar was (soos

reeds genoem by punt 5.4.2.1), 'n assistentbestuurder en 2 assistentleiers bestaan. Al die bestuurslede was inwoners van die sorgsentrum en is vergoed vir die diens wat hulle lewer. Hulle was egter nie bereid om die bedrag te noem nie en sê dit wissel van tyd tot tyd.

Bestuursvergaderings is een keer per week gehou.

#### 5.2.4.5 Algemene Indrukke

Aangesien dit nie 'n groot sentrum was nie, het dit voorgekom asof die mense ten spyte van die beperkte fasiliteite, redelik gelukkig daar was en asof daar 'n gees van gemeenskaplikheid geheers het. Die feit dat daar nie veel struktuur en reëls was nie, het dalk bygedra om die atmosfeer te skep, aangesien daar nie eise aan die inwoners gestel is nie en elkeen hulle gang kon gaan. Van die inwoners het beswaar teen die insameling van fondse gemaak, maar hulle het nie 'n keuse gehad nie, aangesien dit 'n voorwaarde van verblyf was.

Vervolgens sal die res van die kommentaar in die onderhoudskedules aan sorgsentrumbestuurders (sien Bylae A), bespreek word na aanleiding van die inligting wat ontvang is.

## 5.3 KOMMENTAAR VAN SORGSENTRUMBESTUURDERS NA AANLEIDING VAN DIE ONDERHOUDSKEDULES (BYLAE A)

Baie van die inligting wat tydens die onderhoudsvoering verkry was, is reeds in die

vorige afdeling weergegee, byvoorbeeld die stigtingsdatum, affiliasie met 'n spesifieke kerk of ander organisasie, die tipe huisvesting wat voorsien is, die toereikendheid en gehalte daarvan, aard van diens wat gelewer is en bestuur en beheer.

### 5.3.1 GROOTTE VAN SORGSENTRUMS EN DIE HOEVEELHEID MENSE WAT GEAKKOMMODEER KAN WORD

Tabel 5.1 gee 'n aanduiding van die aantal hawelose mense wat in die sorgsentrums woonagtig was op 30 April 1994.

**Tabel 5.1 : Getal Haweloses Woonagtig in Sorgsentrums**

| | VOLWASSENES | KINDERS | TOTAAL |
|---|---|---|---|
| Sorgsentrum 1 | 495 | 77 | 572 |
| Sorgsentrum 2 | 74 | 10 | 84 |
| Sorgsentrum 3 | 60 | 10 | 70 |
| Sorgsentrum 4 | 22 | 5 | 27 |
| TOTAAL (N) | 651 | 102 | 753 |

### 5.3.2 FAKTORE WAT AANLEIDING TOT AANSTELLING AS SORG-SENTRUMBESTUURDER GEGEE HET

Sorgsentrumbestuurders was gevra om te verduidelik hoe dit gebeur het dat hulle in

die pos as bestuurder van die betrokke sentrum aangestel is. Hulle motiverings was as volg :

* "Ek het in 1986 tot bekering gekom en besluit om die Here te dien deur hawelose mense te versorg";

* "Ek het eers in 'n ander "Mission" gebly en het nie gehou van die manier waarop die mense behandel is nie en het toe besluit om my eie "mission" te begin";

* "Ek was op die bestuursraad van 'n vorige "mission" wat in hierdie gebou was. Ons was besig om 'n nuwe sorgsentrum te beplan en toe die ander "mission" verhuis, het ek besluit om sommer dadelik alles oor te neem"; en

* "Ek was baie aktief betrokke by my kerk en die pastoor het my gevra of ek nie voltyds 'n sorgsentrum wil bestuur nie. Op daardie stadium het ek my eie besigheid gehad. Ek het toe reeds 'n sagte plekkie vir haweloses gehad en het besluit om my voltyds aan hulle te wy".

Uit die inligting blyk dit dus dat nie een van die bestuurders doelgerig en bepland as bestuurder van die sorgsentrums aangestel was nie.

### 5.3.3 STAPPE WAT DIE STIGTING VAN DIE SORGSENTRUMS VOORAFGEGAAN HET

Al 4 die sorgsentrums het spontaan tot stand gekom, sonder enige vooraf beplanning.

Die een bestuurder het gesê die enigste stappe wat hy vooraf geneem het was om hom by die Direkteur van Fondsinsameling te registreer en beplanning te doen ten opsigte van fondsinsameling. Hierdie gegewens sowel as die voorafgaande in (5.3.3), bevestig dus die inligting wat in hoofstuk 2 (2.2) verskaf is, naamlik dat die meeste sorgsentrums oorhaastig en onbepland ontstaan het en nie opgewasse is vir hulle selfopgelegde taak nie.

### 5.3.4 VERBLYF IN ANDER SORGSENTRUMS

Op die vraag aan die sorgsentrumbestuurders of hulle al self 'n inwoner van 'n ander "mission" was, het twee positief geantwoord. Op die tydstip toe hulle hul eie sorgsentrum begin het, was hulle self haweloos en het verblyf in die sentrum ook in hulle eie behoefte aan behuising voorsien.

### 5.3.5 DOELSTELLINGS EN TOELATINGSVEREISTES VAN DIE SORGSENTRUMS

#### 5.3.5.1 Doelstellings van die sorgsentrums

Die doelstellings van elke sorgsentrum sal afsonderlik aangetoon word, volgens die inligting wat deur die sorgsentrumbestuurder verskaf is :

**Sorgsentrum 1**

* Om huisvesting te verskaf aan hawelose mense;

* Om werk te kry vir die werkloses;
* Om godsdiensonderrig te gee; en
* Om mense te help om sou gou as moontlik weer selfstandig te raak.

**Sorgsentrum 2**

* Om mense te help om in hulle basiese behoeftes van huisvesting, voedsel en kleding te voorsien;
* Om hulle weer selfonderhoudend te maak; en
* Om hulle geestelik op te voed.

**Sorgsentrum 3**

* Om aan hawelose, minderbevoorregte gesinne en kinders huisvesting te bied en om hulle weer terug te plaas in die ope-arbeidsmark.

**Sorgsentrum 4**

* Om mense te help om hulle menswaardigheid te herwin; en
* Om werk vir hulle te kry.

Uit bogenoemde inligting is dit volgens die sorgsentrums se doelstellings duidelik dat hulle almal daarna strewe om die inwoners weer op te hef, sodat hulle weer selfstandig in die gemeenskap kan funksioneer. Dit is interessant om te let dat werkverskaffing 'n belangrike prioriteit by die meeste sorgsentrums is, maar dat hulle nie werklik oor die fasiliteite beskik om dit te laat realiseer nie.

### 5.3.5.2 Toelatingsvereistes

Twee van die sorgsentrums het geen toelatingsvereistes gehad nie, terwyl die ander twee sorgsentrums se toelatingsvereistes as volg was :

* Haweloses moet nugter wees as hulle opgeneem word;
* Persone wat HIV-positief is kan nie opgeneem word nie;
* Enkellopende vroue kan nie opgeneem word nie;
* Persone moet bereid wees om kerkdienste by te woon terwyl hulle in die sorgsentrum woonagtig is;
* Vervoer word nie verskaf nie en mense moet self tot by die sorgsentrum kom.

## 5.3.6 TYDPERK VAN VERBLYF

Al vier die sorgsentrums se tydperk van verblyf was onbeperk. As gevolg daarvan was daar persone wat reeds vir 'n aantal jare in die sorgsentrums woonagtig was. Die vraag het onwillekeurig by die navorser ontstaan of dit nog as 'n sentrum vir haweloses beskou kan word as mense permanent in 'n sorgsentrum aanbly, veral gesien in die lig daarvan dat hulle werk en losies betaal en of dit dan nie eerder 'n losieshuis of ander tipe fasiliteit is wat laekoste akkommodasie aan behoeftiges voorsien nie.

## 5.3.7 REDES WAAROM MENSE DIE SORGSENTRUMS VERLAAT

Sorgsentrumbestuurders het die volgende redes in volgorde van belangrikheid verskaf,

waarom inwoners die sorgsentrums verlaat :

* Hawelose mense wil hulle nie onderwerp aan die reëls in die sorgsentrum nie;
* Mense raak weer selfstandig en keer na die samelewing terug;
* Mense is ongedissiplineerd en gaan van een sorgsentrum na 'n ander;
* Alkoholiste word gerehabiliteer;
* Mense gaan terug na hulle familie.

Sorgsentrumbestuurders het aangetoon dat daar 'n redelike verwisseling van inwoners was en dat daar oor die algemeen 'n beweging van 10% en 15% en by een sentrum tussen 20 tot 30 persone per dag was.

Aangesien daar behalwe die 4 sorgsentrums, nog ander sorgsentrums in die naby geleë gebiede was, is dit maklik vir haweloses om net na die volgende sorgsentrum te gaan as die omstandighede hulle nie geval nie. Die hawelose persoon se probleem aan behuising en 'n selfstandige bestaan word dus as gevolg hiervan nie opgelos nie. Dit blyk dus dat die gemeenskap besig is om 'n geslag van sorgsentrumbewoners te skep wat bydra om die kultuur van hawelooshied te versterk.

### 5.3.8 BRONNE VAN VERWYSING VAN HAWELOSES NA SORG-SENTRUMS

Tabel 5.2 gee 'n aanduiding van die bronne wat persone na sorgsentrums verwys.

**Tabel 5.2 : Sorgsentrums se Verwysingsbronne**

| BRONNE | HOEVEELHEID | % |
|---|---|---|
| Welsynsorganisasies | 4 | 100 |
| Departement van Welsynsdienste | 4 | 100 |
| Kerke | 4 | 100 |
| Kom uit eie beweging | 4 | 100 |
| Ander | 4 | 100 |

Ter verduideliking van die kategorie "ander" is die volgende verwysingsbronne aangetoon : die publiek, die Suid-Afrikaanse Polisie, Nicro, ander sorgsentrums, howe, rehabilitasiesentrums, ensovoorts.

Soos uit tabel 5.2 sowel as bogenoemde inligting blyk, is persone vanuit verskillende oorde na sorgsentrums verwys. Daaruit kan dus afgelei word dat daar 'n definitiewe behoefte aan sorgsentrums in die gemeenskap is.

### 5.3.9 VERSKAFFING VAN HUISVESTING AAN VERSKILLENDE BEVOLKINGSGROEPE

Drie van die vier sorgsentrums het aangetoon dat hulle bereid is om mense van alle bevolkingsgroepe op te neem. Die sentrum wat negatief geantwoord het, het verduidelik dat hulle nie voldoende fasiliteite het om mense van verskillende rassegroepe te huisves nie, aangesien hulle reeds met mense werk wat uiteenlopende

probleme het en nie nog rasseprobleme ook kan hanteer nie.

### 5.3.10 INSTANDHOUDING VAN SORGSENTRUMS

By al vier die sorgsentrums is dit van die inwoners verwag om met die instandhouding behulpsaam te wees. Volgens die sorgsentrumbestuurders aanvaar die inwoners die reël en is geen probleme in die verband ervaar nie.

### 5.3.11 VRYETYDSBESTEDING VAN HAWELOSES WOONAGTIG IN SORGSENTRUMS

Nie een van die **vier** sorgsentrums het enige georganiseerde aktiwiteite of selfs fasiliteite vir vryetydsbesteding gehad nie. By **twee** van die sorgsentrums werk die inwoners so hard, dat daar behalwe vir kerkbywoning geen tyd vir ontspanning was nie.

### 5.3.12 FINANSIëLE ASPEKTE

Uit die onderhoude met die sorgsentrumbestuurders blyk dit dat **drie** van die vier sorgsentrums hoofsaaklik afhanklik was van donasies wat van die publiek af ingesamel is en dat dit hulle grootste bron van inkomste was. 'n Ander bron van inkomste was betaling deur die persone wat in die gemeenskap teen vergoeding werk verrig en enkeles wat 'n pensioen van een of ander aard ontvang en in die sorgsentrums woonagtig is. Die betaling het gewissel van 30%, 40% en selfs 50% van die persone

se verdienste. As in aanmerking geneem word dat meeste van die inwoners werkloos was, soos later aangetoon sal word in tabel 5.12 waar dit blyk dat 95,65% van die haweloses mans en 100% van die vrouens werkloos was, kan die afleiding gemaak word dat die inkomste uit die bydraes van die inwoners nie voldoende kon wees om die sorgsentrums in stand te hou nie.

Die een sorgsentrum wat nie fondse van die publiek af insamel nie, was volgens die bestuurder volkome afhanklik van die bydraes wat die inwoners gelewer het. Dit gaan finansieel swaar in die sentrum en die inwoners het onder armoedige omstandighede geleef.

As teenprestasie het die inwoners met instandhouding, fondsinsameling en ander aktiwiteite gehelp. By **twee** van die sentrums is meeste van die inwoners vergoed vir die diens wat hulle lewer, al was dit 'n geringe bedrag van R2 per dag. By **drie** van die sentrums het persone wat spesifieke dienste lewer, byvoorbeeld toesighouers, kokke, ensovoorts, meer geld ontvang, maar die bestuurders was nie bereid was om te spesifiseer hoeveel hulle ontvang nie. By **een** van die sentrums het die bestuurslede vergoeding in die vorm van voordele ontvang, maar geen direkte finansiële vergoeding nie.

### 5.3.13 AARD VAN DIENSLEWERING

Behalwe vir die voorsiening van huisvesting, voedsel en kleding vir die haweloses, is daar volgens die sorgsentrumbestuurders ook in die volgende behoeftes voorsien :

* Werkloses is gehelp om werk te kry;

* Inwoners kon deelneem aan werkskeppingsprogramme;
* Geestelike berading;
* Sportfasiliteite (was nog slegs in 'n beplanning stadium).

Hoewel al **vier** sorgsentrums bereid was om gesinne met kinders op te neem, het nie een van hulle spesifieke dienste of programme gehad wat vir die kinders voorsiening maak nie. Die een sorgsentrumbestuurder het erken, dat hoewel hulle bereid was om kinders saam met hulle ouers op te neem, sy sentrum nie werklik geskik was om in kinders se behoeftes te voorsien nie.

### 5.3.14 BETROKKENHEID VAN PROFESSIONELE PERSONE BY DIENSLEWERING IN SORGSENTRUMS

In die volgende tabel 5.3 word 'n uiteensetting van die aard van professionele dienslewering by sorgsentrums gegee.

**Tabel 5.3 : Betrokkenheid van Professionele Dienslewering**

| TIPE PROFESSIE | HOEVEELHEID | % |
|---|---|---|
| Verpleegkundige | 3 | 75,00 |
| Maatskaplike werker | 3 | 75,00 |
| Sielkundige | 0 | 0 |
| Ander | 1 | 25,00 |

Uit bogenoemde tabel 5.3 blyk dit dat verpleegkundiges (van die plaaslike

Gesondheidsdepartement) by 75,00% van die sorgsentrums betrokke was. By een van die sorgsentrums is 'n mobiele kliniek op 'n maandelikse basis voorsien.

Maatskaplike werkers was ook by **drie** (75,00%) van die sorgsentrums betrokke, hoewel hulle volgens die sorgsentrumbestuurders slegs by individuele kliënte betrokke was, byvoorbeeld rekonstruksie- of nasorggevalle. Geen georganiseerde groep- of gemeenskapswerkprogramme is aangebied nie. Geen sielkundiges of persone van ander professies was betrokke by dienslewering nie.

As bogenoemde inligting vergelyk word met die inligting wat in tabel 5.3.9 verskaf is, waar aangetoon is wie die verwysingsbronne van mense na sorgsentrums was, is dit ontstellend om tot die gevolgtrekking te kom dat welsynsorganisasies en ander instansies van sorgsentrums gebruik maak vir die plasing van haweloses, om dan verder van hulle te vergeet, veral ten opsigte van die lewering van verdere dienste.

### 5.3.15 DIE BEHOEFTE VAN SORGSENTRUMBESTUURDERS AAN DIE DIENSTE VAN MAATSKAPLIKE WERKERS SOWEL AS 'N TAAK OMSKRYWING

**Drie** van die sorgsentrumbestuurders het aangetoon dat hulle graag van die dienste van 'n maatskaplike werker in hulle sorgsentrum gebruik sou wou maak. Een van die bestuurders het selfs die behoefte uitgespreek aan 'n voltydse maatskaplike werker.

Die een sorgsentrumbestuurder wat negatief gereageer het, het gesê dat hy nie ten gunste van die dienste van 'n maatskaplike werker was nie, omdat hy nie geweet het wat die taak van 'n maatskaplike werker behels nie. Sorgsentrumbestuurders se

verwagtinge ten opsigte van die taak van 'n maatskaplike werker kan as volg omskryf word :

* om mense te help om hulle probleme op te los;
* om rekonstruksiedienste by gesinne te lewer wie se kinders reeds verwyder is, sodat die gesinne herenig kan word;
* om ouerleiding te doen met ouerpare; en
* om mense te verwys na geskikte hulpbronne.

Uit die inligting het dit geblyk dat sorgsentrumbestuurders wel die behoefte voel en van die dienste van 'n maatskaplike werker aan die inwoners van hulle sorgsentrums, gebruik sal maak.

### 5.3.16 OORSAKE VAN HAWELOOSHEID

Die vraag is aan sorgsentrumbestuurders gestel oor wat hulle, veral uit die aard van hulle ondervinding, dink die belangrikste oorsake van haweloosheid was. Die kommentaar was as volg :

* Drank- en dwelmmisbruik was as belangrikste oorsaak deur al vier sorgsentrumbestuurders aangetoon;

* Werkloosheid was deur drie respondente beklemtoon; terwyl die volgende faktore ook genoem is :

    * Die swak ekonomie;

* Die politieke situasie;
* Huweliksprobleme en gesinsgeweld;
* Verbreking van bande met familie en vriende;
* Onoordeelkundige beplanning van hulle lewe en as gevolg daarvan verlies van alles;
* Mense is haweloos uit eie keuse, omdat dit die lewenswyse is wat hulle verkies.

Die faktore wat hier aangetoon is, sluit direk by die teorie aan en die faktore wat in hoofstuk 2 (2.8) beskryf is, is 'n aanduiding dat daar 'n direkte verband tussen die praktyk en die teorie ten opsigte van die oorsaaklikheid van haweloosheid is.

### 5.3.17 MOONTLIKE OPLOSSINGS VAN DIE PROBLEEM VAN HAWELOOSHEID, GEBASEER OP DIE ERVARINGSVELD VAN SORGSENTRUMBESTUURDERS

* Drie van die sorgsentrumbestuurders het gemeen dat daar meer werksgeleenthede geskep moet word, wat tot die uiteindelike finansiële onafhanklikheid van hawelose individue kan bydra.

* Een sorgsentrumbestuurder het ook gevoel dat meer hulp aan mense verleen moet word om hulle selfrespek en menswaardigheid op te bou. Hy het egter nie geweet wie se verantwoordelikheid of taak dit was om dit te doen nie.

* Twee sorgsentrumbestuurders het aanbeveel dat die staat 'n groter rol moet speel en ook meer hulp moet verleen aan sorgsentrums in die vorm van

subsidies en toelaes;

* Die een sorgsentrumbestuurder se mening was dat rehabilitasie, in die vorm van dwangarbeid op mense afgedwing moet word vir 'n tydperk van 4 tot 5 jaar, terwyl hulle in afsondering verkeer.

### 5.3.18 GEMEENSKAPSBETROKKENHEID BY SORGSENTRUMS

Drie van die sorgsentrums het hulp van die gemeenskap in die vorm van donasies wat klerasie, voedsel en ander bydraes insluit, ontvang. Volgens een bestuurder het sy sorgsentrum glad nie hulp van die gemeenskap gekry nie.

Al vier sorgsentrumbestuurders het gevoel dat die gemeenskap meer by haweloses betrokke moet wees, maar was onseker oor wat hulle rol behoort te wees. Die een bestuurder se mening was dat mense wat 'n kans het en graag na die gemeenskap wil terugkeer, gehelp moet word voordat hulle te lank in 'n sorgsentrum buite die gemeenskap is. 'n Lang afwesigheid kan hulle terugkeer tot selfstandigheid bemoeilik.

### 5.3.19 KOMMENTAAR EN AANBEVELINGS DEUR SORGSENTRUM-BESTUURDERS

Die kommentaar van sorgsentrumbestuurders het gewissel van baie positief tot baie negatief. Die een sorgsentrumbestuurder het gesê dat "missions" 'n euwel en net 'n "geldmaakstorie" is, want mense word daar geleer om slegter te word as wat hulle was. Volgens hom leer hulle ook om leuens te vertel, te bedel en te steel. Hy het

verder meegedeel dat die enigste rede waarom hy voortgaan met sy "mission" was om hierdie negatiewe beeld teen te werk en hy het in beginsel gevoel dat alle "missions" gesluit behoort te word.

'n Ander sorgsentrumbestuurder was besig om 'n groot kompleks met fasiliteite wat 300 haweloses kan huisves, te beplan. Hulle het reeds die nodige planne laat optrek en het die hoop uitgespreek om nog hierdie jaar met die bouwerk te begin.

Uit die bevindinge blyk dit dus dat daar 'n groot behoefte aan sorgsentrums in die gemeenskap is. Hawelose mense kom op hulle eie na sorgsentrums, maar word ook daarheen verwys deur gemeenskapsorganisasies soos byvoorbeeld welsynsorganisasies, kerke en staatsdepartemente.

In die volgende afdeling sal 'n bespreking van die kommentaar wat na aanleiding van die onderhoudskedule met hawelose volwassenes (Bylae B) verkry is, plaasvind.

## 5.4 RESULTATE NA AANLEIDING VAN DIE ONDERHOUDSKEDULES MET HAWELOSE VOLWASSENES

### 5.4.1 DIE PROFIEL VAN DIE HAWELOSE VOLWASSENE

#### 5.4.1.1 Geslag

**Tabel 5.4 : Geslag van die hawelose persoon**

| KATEGORIE | AANTAL HAWELOSES | % |
|---|---|---|
| Manlik | 23 | 48.94 |
| Vroulik | 24 | 51.06 |
| TOTAAL (N) | 47 | 100.00 |

Uit die tabel blyk dit dat die hawelose gemeenskap in sorgsentrums verteenwoordig is deur beide geslagte, waar die vrouens 'n effense meerderheid getoon het.

### 5.4.1.2 Huistaal

**Tabel 5.5 : Huistaal van die hawelose persoon**

| KATEGORIE | AANTAL HAWELOSES | % |
|---|---|---|
| Engels | 12 | 25,53 |
| Afrikaans | 35 | 74,47 |
| TOTAAL (N) | 47 | 100,00 |

Hoewel huistaal nie 'n deurslaggewende rol gespeel het in die ondersoek nie, was dit egter interessant om op te let dat daar onder die haweloses meer Afrikaanssprekendes as Engelssprekendes voorgekom het.

### 5.4.1.3 Huwelikstaat

**Tabel 5.6 : Huwelikstaat van die hawelose persoon**

| | MANLIK | | VROULIK | |
|---|---|---|---|---|
| KATEGORIE | AANTAL | % | AANTAL | % |
| Getroud | 10 | 43,48 | 14 | 58,33 |
| Geskei | 6 | 26,09 | 4 | 16,67 |
| Woon saam | 1 | 4,35 | 1 | 4,17 |
| Ongetroud | 3 | 13,04 | 3 | 12,05 |
| Wewenaar | 1 | 4,35 | 0 | 0,0 |
| Vervreemd | 2 | 8,70 | 2 | 8,33 |
| TOTAAL (N) | 23 | 100,00 | 24 | 100,00 |

Uit tabel 5.5 blyk dit dat daar heelwat getroude pare in die sorgsentrums woonagtig was, wat dan ook in verhouding met die getalle, by die steekproef betrek is. Dit is ook belangrik om te meld dat by **twee** van die sorgsentrums inwoners van verskillende geslagte nie toegelaat is om saam te woon nie en moes eers 'n huweliksertifikaat toon voordat hulle 'n kamer kon deel.

### 5.4.1.4 Ouderdomsverspreiding van Haweloses

**Tabel 5.7 : Ouderdomsverspreiding**

| MANLIK | | | VROULIK | |
|---|---|---|---|---|
| JARE | HOEVEELHEID | % | HOEVEELHEID | % |
| Onder 20 | 0 | 0.0 | 1 | 4.17 |
| 20 - 25 | 0 | 0.0 | 3 | 12.50 |
| 26 - 30 | 3 | 13.04 | 4 | 16.67 |
| 31 - 35 | 0 | 0.0 | 3 | 12.50 |
| 36 - 40 | 4 | 17.39 | 5 | 20.83 |
| 41 - 45 | 5 | 21.74 | 4 | 16.67 |
| 46 - 50 | 6 | 15.75 | 1 | 4.17 |
| 51 - 55 | 2 | 9.46 | 1 | 4.17 |
| 56 - 60 | 1 | 4.35 | 1 | 4.17 |
| 61 - 65 | 0 | 0.0 | 0 | 0.0 |
| 66 - 70 | 1 | 4.35 | 1 | 4.17 |
| 70 en bo | 1 | 4.35 | 0 | 0.0 |
| TOTAAL (N) | 23 | 100.00 | 24 | 100.00 |

Die grootste persentasie mans het in die ouderdomsgroep 46 tot 50 jaar geval, terwyl die vrouens in die groep 36 tot 40 jaar was. Daar was ook heelwat vrouens wat jonger as 30 jaar oud was, wat aangetoon het dat hulle in verhouding tot die mans relatief jonger was.

Tabelle 5.4 en 5.7 bevestig dus die inligting wat in hoofstuk 2 (2.8.1) uiteengesit is oor die voorkoms van haweloosheid, naamlik dat die hawelose persoon huidiglik daar anders uitsien as die hawelose van vroeër jare wat hoofsaaklik uit manlike, ouer persone bestaan het. Vandag is daar ook baie hawelose vrouens en die haweloses is relatief jonger as vroeër.

### 5.4.1.5 Gesinsgrootte

Die **47** volwassenes wat deel van die steekproef was, het altesaam **134 kinders**. Die volgende tabel toon aan waar die kinders hulle bevind het.

**Tabel 5.8 : Beweging van Kinders**

| PLEK WAAR KINDERS HULLE BEVIND | GETAL | % |
|---|---|---|
| Reeds selfstandig | 55 | 41,04 |
| Bly by ouers in sentrum | 49 | 36,57 |
| In substituutsorg | 13 | 9,70 |
| Woon by ander ouer | 8 | 5,97 |
| Woon by familie | 9 | 6,76 |
| TOTAAL (N) | 134 | 100,00 |

Volgens die inligting blyk dit dat die meeste haweloses se kinders reeds selfstandig was (41,04%), maar dat 'n groot groep se kinders by hulle in die sentrum gebly het (36,57%). Die doelstellings van die meeste sentrums was dan ook om die gesinseenheid behoue te laat bly.

Wat verder van belang was, is dat 9,70% van die ouers se kinders reeds deur statutêre ingryping uit hulle sorg verwyder is en in substituutsorg verkeer het, waarvan die meeste in kinderhuise was. 'n Ander groep se kinders het by familie gewoon of by 'n ander ouer (12,75%), as die ouers geskei of vervreemd was. Wat ook interessant is, was dat sommige van die ouers tydens die onderhoude gesê het dat hulle verkies het dat hulle kinders elders woon en nie saam met hulle in die sorgsentrum nie.

#### 5.4.1.6 Opvoedkundige Kwalifikasies

**Tabel 5.9 : Opvoedkundige kwalifikasies**

| | MANLIK | | VROULIK | |
|---|---|---|---|---|
| KWALIFIKASIE | HOEVEELHEID | 100,00 | HOEVEELHEID | 100,00 |
| Geen | 0 | 0,0 | 1 | 4,17 |
| Spesialeskool | 0 | 0,0 | 3 | 12,50 |
| Laer as St 6 | 1 | 4,35 | 4 | 16,67 |
| St. 6 | 0 | 0,0 | 3 | 8,33 |
| St. 7 | 4 | 17,37 | 0 | 0,0 |
| St. 8 | 12 | 52,17 | 9 | 37,50 |
| St. 9 | 0 | 0,0 | 2 | 8,33 |
| St. 10 | 4 | 17,37 | 2 | 8,33 |
| Bo St. 10 | 2 | 8,70 | 1 | 4,17 |
| TOTAAL (N) | 23 | 100,00 | 24 | 100,00 |

Die besonderhede toon aan dat die meeste mans sowel as vrouens St 8 geslaag het, terwyl daar **17,37%** mans is wat matriek geslaag het. Slegs **drie** persone beskik oor naskoolse opleiding, waarvan een 'n argitek is. Die vrouens se opvoedkundige kwalifikasies was oor die algemeen laer as die van die mans en daar was **16,67% wat St 6 en laer het, terwyl 4,17%** oor geen skoolopleiding beskik het nie. Uit hierdie inligting kon dus afgelei word dat die haweloses oor die algemeen oor swak of ontoereikende opleiding beskik, wat hulle kanse soveel moeiliker maak om op die ope arbeidsmark mee te ding.

### 5.4.1.7 Haweloses se Beroep

**Tabel 5.10.1 : Tipe Beroep van Hawelose Mans**

| TIPE BEROEP | HOEVEELHEID | % |
|---|---|---|
| Professioneel | 1 | 4,35 |
| Sekuriteit | 2 | 9,46 |
| Mynwese | 3 | 13,04 |
| Vakmanne | 10 | 43,48 |
| Vervoer | 3 | 13,04 |
| Verkope | 3 | 13,04 |
| Pastoor | 1 | 4,35 |
| TOTAAL (N) | 23 | 100,00 |

**Tabel 5.10.2 : Tipe Beroep van Hawelose Vrouens**

| TIPE BEROEP | HOEVEELHEID | % |
|---|---|---|
| Kantoorwerk | 4 | 16.67 |
| Sekuriteit | 1 | 4.17 |
| Verpleging | 3 | 12.50 |
| Kassier | 3 | 12.50 |
| Drukkersbedryf | 2 | 8.33 |
| Halfgeskoold | 4 | 16.67 |
| Geen | 7 | 29.17 |
| TOTAAL (N) | 24 | 100.00 |

Uit die tabel blyk dit dat daar 'n ooreenkoms is tussen die tipe beroepe wat beklee is en die vlak van opvoedkundige kwalifikasies, soos in die vorige tabel aangetoon is.

## 5.4.2 TYDPERK IN DIE SORGSENTRUM WOONAGTIG

**Tabel 5.11 : Tydperk in Sorgsentrum Woonagtig**

| TYDPERK | MANLIK | | VROULIK | |
|---|---|---|---|---|
| | HOEVEELHEID | % | HOEVEELHEID | % |
| (-) 1 Maand | 1 | 4.35 | 5 | 20.83 |
| 1 - 3 Maande | 6 | 26.09 | 3 | 12.50 |
| 4 - 6 Maande | 3 | 13.04 | 3 | 12.50 |
| 7 - 9 Maande | 2 | 8.70 | 2 | 8.33 |
| 10 - 12 Maande | 0 | 0 | 1 | 4.17 |
| 1 - 2 Jaar | 17 | 30.43 | 8 | 33.33 |
| 2 - 3 Jaar | 2 | 8.70 | 2 | 8.33 |
| 3 Jaar (+) | 2 | 8.70 | 0 | 0 |
| TOTAAL (N) | 23 | 100.00 | 24 | 100.00 |

Die inligting in tabel 5.11 dui daarop dat die grootste persentasie van sowel die mans as die vrouens reeds **een** tot **twee** jaar in die sorgsentrum woonagtig was. Daar was een persoon wat reeds langer as 8 jaar daar gebly het. Van die redelik nuwe haweloses wat minder as 'n maand in die sorgsentrum woonagtig was, was meeste vrouens.

### 5.4.3 WERKSGESKIEDENIS

**Tabel 5.12 : Huidige Werksituasie van die Haweloses**

| KATEGORIE | MANLIK | | VROULIK | |
|---|---|---|---|---|
| | HOEVEELHEID | % | HOEVEELHEID | % |
| Werkloos | 22 | 95,65 | 24 | 100,00 |
| Het werk | 1 | 4,35 | 0 | 0 |
| TOTAAL (N) | 23 | 100,00 | 24 | 100,00 |

**Tabel 5.13 : Tydperk van Werkloosheid**

| JARE | MANLIK | | VROULIK | |
|---|---|---|---|---|
| | HOEVEELHEID | % | HOEVEELHEID | % |
| (-) - 1 | 2 | 9,09 | 0 | 0 |
| 1 Jaar | 3 | 13,64 | 1 | 4,17 |
| 2 Jaar | 3 | 13,64 | 6 | 25,00 |
| 3 Jaar | 5 | 22,73 | 0 | 0 |
| 4 Jaar | 1 | 4,55 | 2 | 8,33 |
| 5 Jaar | 1 | 4,55 | 6 | 25,00 |
| 5 Jaar (+) | 7 | 31,82 | 9 | 37,50 |
| TOTAAL (N) | 22 | 100,00 | 24 | 100,00 |

Uit tabelle 5.12 en 5.13 blyk dit dat al die haweloses wat deel van die steekproef uitgemaak het, met uitsondering van een persoon, werkloos was. Die inligting dui ook aan dat meeste van die mans en vrouens reeds vir langer as **vyf** jaar werkloos was. Sommige van hulle het wel verklaar dat hulle soms 'n "loswerkie" gehad het. Die inligting bevestig dus die teorie, soos aangetoon word in hoofstuk 2 (2.8.1), naamlik dat daar 'n definitiewe onderlinge verband tussen werkloosheid en haweloosheid bestaan.

### 5.4.3.1 Die Hawelose se Motivering om te Werk

**Tabel 5.14 : Motivering om Werk te Kry - Soek die Hawelose Werk!**

| MOTIVERING | MANLIK | | VROULIK | |
|---|---|---|---|---|
| | HOEVEELHEID | % | HOEVEELHEID | % |
| Ja | 18 | 81,82 | 10 | 41,67 |
| Nee | 4 | 18,18 | 14 | 58,67 |
| TOTAAL (N) | 22 | 100,00 | 24 | 100,00 |

Redes wat deur respondente verskaf is waarom hulle nie werk kry nie, was die volgende :

* Vervoer probleme;
* Beskik nie oor voldoende opleiding nie;
* Nodige dokumente ontbreek, soos byvoorbeeld identiteitsdokument;

* Beskik nie oor die regte gereedskap nie;
* Daar is nie werk nie;
* Kan nie die kinders alleen los nie;
* Swart mense kry voorkeur met indiensneming;
* Die onstabiele politieke situasie lê alles lam;
* Ouderdom tel teen hulle;
* Vorige werkgewer gee elke keer 'n swak verwysing;
* Probeer nie eers nie, want dit help tog nie!

### 5.4.3.2 Ontvangs van 'n Staatstoelaag

Ses haweloses was in ontvangs van 'n staatstoelaag, naamlik 'n onderhoudstoelaag vir hulle kinders of 'n ouderdomspensioen. Die bedrag wat hulle ontvang het, het gewissel tussen R460 tot R100 per maand. **Drie** persone was in ontvangs van 'n ouderdomspensioen. Die rede vir hulle haweloosheid was dat hulle nie 'n eie blyplek of 'n privaat ouetehuis kon bekostig uit die geld wat hulle ontvang het nie.

## 5.4.4 REDES VIR HAWELOOSHEID

Haweloses moes die redes verskaf wat aanleiding tot hulle haweloosheid gegee het. Die belangrikste redes is in die volgende tabel vervat. Aangesien verskeie persone meer as een oorsaak genoem het, kon die persentasie van elke kategorie nie uitgewerk word nie en is slegs die redes vir haweloosheid en die hoeveelheid persone wat dit aangevoer het, aangetoon.

**Tabel 5.15 : Redes vir Hawelooosheid**

| REDE VERSKAF | HOEVEELHEID |
|---|---|
| Werkloosheid | 33 |
| Familie probleme | 8 |
| Finansiële probleme | 21 |
| Politieke situasie | 2 |
| Pensioen (lompsom) uitgemors | 1 |
| Huis verloor / uitgesit | 16 |
| Swak gesondheid | 2 |
| Drankmisbruik | 3 |
| Besittings gesteel | 3 |
| Plaas verloor | 1 |
| Dokumente ontbreek | 1 |
| Ontslag uit gevangenis | 2 |
| Kinders verwyder | 2 |
| Persoonlikheidsprobleme | 1 |
| Geen familie | 1 |
| Haweloos uit eie keuse | 2 |

Die belangrikste redes wat die haweloses aangevoer het as oorsaak vir hulle hawelooosheid was werkloosheid, finansiële probleme, verlies van 'n woning omdat hulle nie langer die huur kon betaal nie en familie probleme.

### 5.4.5 KEUSE VIR VERBLYF

Respondente is gevra om te sê waar hulle graag sou wou bly as hulle 'n keuse gehad het.

**Tabel 5.16 : Keuse van Verblyf**

| PLEK | HOEVEELHEID | % |
|---|---|---|
| Eie huis of blyplek | 21 | 44,68 |
| Enige plek - net op my eie | 14 | 29,79 |
| In 'n sorgsentrum | 10 | 21,28 |
| Op 'n plaas | 2 | 4,26 |
| TOTAAL (N) | 47 | 100,00 |

Uit die inligting blyk dit dat die meeste hawelose mense wel op hulle eie sou wou bly as dit binne hulle bereik was. Onrusbarend is egter die hoeveelheid mense wat verkies om in die sorgsentrum aan te bly. 'n Verklaring daarvoor is moontlik dat die mense sekuriteit daar gevind het en tevrede is met die omstandighede en lewenswyse en dalk nie kans sien vir die eise van die lewe buite die sorgsentrum nie.

### 5.4.6 TOESTAND VAN HAWELOOSHEID

Die vraag is aan die haweloses gevra of hulle al ooit heeltemal sonder 'n dak oor hulle kop, sonder heenkome, in die straat of êrens buite was, met ander woorde totaal haweloos.

**Tabel 5.17 : Blootstelling aan Totale Hawelooosheid**

| KATEGORIE | MANLIK | | VROULIK | |
|---|---|---|---|---|
| | HOEVEELHEID | % | HOEVEELHEID | % |
| Ja | 6 | 26,09 | 4 | 16,67 |
| Nee | 17 | 73,91 | 20 | 83,33 |
| TOTAAL (N) | 23 | 100,00 | 24 | 100,00 |

Die antwoorde op die vraag oor hoe hulle die toestand van algehele haweloosheid beleef het, het intense emosie uitgelok en vir meeste wat die ervaring beleef het, was dit moeilik om daaroor te praat en was dit duidelik dat dit vir hulle 'n pynlike ervaring was. Van die verklarings was as volg :

* "Dit was vreesaanjaend, 'n onbeskryflike gebeurtenis - my twee kinders was saam met my! Ons het onder bome geslaap, stukke karton het ons warm gehou. Ek kon nie slaap nie, ek mag nie geslaap het nie, want ek moes wakker bly om my kinders te beskerm. Ek is hulle ma, dit is mos my plig! Ons het by motorhawens gevra om te kan was. Dit was so moeilik om skoon te bly!";

* "Dit was verskriklik, ek was nie meer 'n mens nie ... ek was fisies afgetakel, my vingers was gebreek, my tande was gebreek, ek was beroof en ek was met 'n mes gesteek. My baard was lank en ek was vuil. Ek kon niemand in die oë kyk nie. Ek was so bang iemand herken my. Ek was ook 'n belangrike mens in my gemeenskap, ... my seun, as hy my so moes sien! Hy is 'n ingenieur, ek het vir sy studies betaal en hy is vandag welaf. Hy bly in

'n groot huis, maar ek sal dit nooit aan hom doen nie! Ek wil net hier bly waar ek nou is. Ek het altyd neergesien op hierdie mense, nou is ek een van hulle!";

* "Dit was baie, baie swaar! Dit maak 'n mens moedeloos, die verdrukking en teneergedruktheid was baie erg. Jy kan nie meer fokus nie, jy kan nie meer dink nie! Ons het in leë geboue geslaap. Die ergste was, my kind was saam met my!";

* "Na my eerste egskeiding het ek baie begin drink en was op die "outers" vir drie maande. Ek het op Johannesburgstasie geslaap. Dit is nie 'n lewe vir 'n mens nie, wat nog vir 'n vrou. 'n Mens sukkel, want die mense wil jou nie help nie. Dit gee 'n mens ook baie "guts", want jy moet oorleef ... jy moet aanhou vra vir kos en geld, totdat iemand jou help!".

### 5.4.7 BEWEEGLIKHEID VAN HAWELOSE MENSE

**Tabel 5.18 : Verblyf in Ander Sorgsentrums**

| KATEGORIE | MANLIK | | VROULIK | |
|---|---|---|---|---|
| | HOEVEELHEID | % | HOEVEELHEID | % |
| Ja | 10 | 43,48 | 11 | 45,83 |
| Nee | 13 | 56,52 | 13 | 54,17 |
| TOTAAL (N) | 23 | 100,00 | 24 | 100,00 |

Dit is dus duidelik dat ongeveer die helfte van die haweloses op die pad van hulle haweloosheid ook reeds in ander sorgsentrums woonagtig was, sommige selfs by **drie** of meer. Dit is maklik vir haweloses om van een sorgsentrum na 'n ander te beweeg, wat deel vorm van hulle onstabiele, nomadiese lewenswyse. As die omstandighede by die een sentrum hulle nie geval nie, beweeg hulle net verder na die volgende sorgsentrum en so word die kultuur van haweloosheid versterk.

### 5.4.8 HAWELOSE SE TOEKOMSVERWAGTINGE EN LEWENSIDEALE

Wat is u lewensideale? Hierdie vraag het telkens tydens die ondersoek weer 'n glinstering in die oog gebring en 'n glimlag op die lippe! Sommige moes egter lank dink of hulle nog ideale het, terwyl ander spontaan geantwoord het. Van die antwoorde was as volg :

* Net om my eie plek te hê, met my kinders by my;
* Om mense weer in die oë te kan kyk;
* Om te kan wees wat ek voorheen was;
* Om 'n werk te hê;
* Om 'n goeie ouer vir my kinders te wees;
* "Opkom in die lewe, nie net bly val nie";
* Om weer selfstandig te wees;
* Net weer vastrapplek kry om weer op my voete te kom;
* 'n Miljoenêr, dan open ek 'n "mission";
* 'n Houthuis wat uitkyk op die see, met my eie besigheid en seiljag en my kinders by my;
* 'n Mynkaptein!

* Net weer terug in die gemeenskap;
* My eie gemeente sodat ek die evangelie kan verkondig;
* Ek het nie ideale nie!

Uit die inligting blyk dit dat die meeste haweloses tog strewe na uiteindelike selfstandigheid.

### 5.4.9 MANIFESTERING VAN MAATSKAPLIKE PROBLEME

**Tabel 5.19 : Ervaar die Hawelose Enige Probleme?**

| KATEGORIE | MANLIK | | VROULIK | |
|---|---|---|---|---|
| | HOEVEELHEID | % | HOEVEELHEID | % |
| Ja | 7 | 30,43 | 7 | 29,17 |
| Nee | 16 | 69,57 | 17 | 70,57 |
| TOTAAL (N) | 23 | 100,00 | 24 | 100,00 |

**Tabel 5.20 : Tipe Probleme wat Ervaar Word**

| PROBLEEM | HOEVEELHEID |
|---|---|
| Drankmisbruik | 6 |
| Armoede | 10 |
| Gesinsprobleme | 4 |
| Huweliksprobleme | 4 |

Ander probleme wat genoem is sluit in :

* Werkloosheid;
* Finansiële probleme;
* Eggenoot in die gevangenis;
* Kinders is uit hulle sorg verwyder;
* Eensaamheid;
* Emosionele probleme en verbittering.

Interessant was dit om te let dat hoewel die haweloses veelvuldige probleme gehad het, hulle ervaar het dat hulle nie probleme het terwyl hulle in die sorgsentrum woonagtig was nie. Op daardie tydstip was hulle probleme nie so erg nie en is daar in hulle basiese behoeftes voorsien, selfs al het hulle nie gewerk nie. Die haweloses het tussen ander haweloses met soortgelyke probleme as hulle eie gewoon en is aanvaar net soos wat hulle was. Die gedragspatroon kan 'n aanduiding van verskansing in haweloosheid wees, soos wat aangetoon is in Grigsby (1990:143) se prosesmodel, wat in hoofstuk 3 (Figuur 3.1) bespreek is. Volgens die model word haweloses se negatiewe gedrag deur affiliasie met ander haweloses versterk en kan dit lei tot algehele isolasie en wanfunksionering buite die gemeenskap.

### 5.4.10 GESONDHEIDSTOESTAND

**Tabel 5.21 : Ervaar die Haweloses Enige Gesondheidsprobleme?**

| KATEGORIE | MANLIK | | VROULIK | |
|---|---|---|---|---|
| | HOEVEELHEID | % | HOEVEELHEID | % |
| Ja | 5 | 21,74 | 8 | 33,33 |
| Nee | 18 | 78,26 | 16 | 66,67 |
| TOTAAL (N) | 23 | 100,00 | 24 | 100,00 |

Die inligting toon aan dat die haweloses nie ernstige gesondheidsprobleme ervaar het nie.

**Tabel 5.22 : Ervaring van Depressiwiteit en Teneergedruktheid**

| KATEGORIE | MANLIK | | VROULIK | |
|---|---|---|---|---|
| | HOEVEELHEID | % | HOEVEELHEID | % |
| Ja | 12 | 52,17 | 12 | 50,00 |
| Nee | 11 | 47,83 | 12 | 50,00 |
| TOTAAL (N) | 23 | 100,00 | 24 | 100,00 |

Uit bogenoemde tabel blyk dit duidelik dat die helfte van die inwoners van die sorgsentrums teneergedruk en depressief gevoel het. Slegs een persoon het gemeld dat hy medikasie en behandeling van 'n sielkundige ontvang het.

### 5.4.11 FISIESE OMSTANDIGHEDE IN DIE SORGSENTRUMS

Op 'n vraag oor hoe hulle dit in die sorgsentrums beleef het, is sommige van die volgende antwoorde ontvang :

* Ek pas nie aan nie, dit is moeilik, dit voel vreemd en dit is nie lekker nie;
* Ek kan nie daaraan gewoon raak nie;
* Almal is baie goed vir jou en baie vriendelik;
* Dit is vir my lekker, soos 'n eie huis;
* Ek moet maar die beste van die omstandighede maak;

* Dit is moeilik vir my kinders, hulle het nie vryheid nie;
* Dit voel soos 'n koshuis;
* Jy leer om ander te waardeer en besef dat daar ander is met meer probleme as ou eie;
* Dit is "wreed" hier;
* Dit is goddelik hier;
* Ek is baie gelukkig en tevrede hier en wil nêrens anders wees nie.

Mense beleef dus uiteenlopende ervarings, maar die meerderheid mense is gelukkig met die omstandighede en aanvaar die lewenswyse omdat hulle voel dat hulle nie 'n ander keuse het nie.

### 5.4.12 ALGEMENE OMSTANDIGHEDE

**Tabel 5.23 : Inwoners se Belewenis van die Algemene Omstandighede in die Sorgsentrums**

| KATEGORIE | JA | NEE |
|---|---|---|
| Verskaf hulle beddegoed? | 45 | 2 |
| Is daar slegs sekere badtye? | 32 | 15 |
| Verskaf hulle toiletware? | 25 | 22 |
| Is daar warmwater? | 43 | 4 |
| Is daar privaatheid? | 34 | 13 |
| Kry u genoeg kos? | 44 | 3 |
| Is die "mission" skoon? | 41 | 6 |

Ander opmerkings oor die algemene omstandighede was as volg :

* Daar is gedurig kopluise, dan moet ons die kinders se hare kort afsny;

* Dit is moeilik om in 'n tou te staan en wag vir elke maaltyd, veral as jy kinders het;

* Dit is moeilik met my baba, hy wil nie altyd eet gedurende etenstye nie en ons mag nie kos na ons kamers toe vat nie;

* Daar is net een bad en 3 storte vir al die mense;

* Dit is moeilik met my kind, hy is die hele tyd by my, selfs as ek moet help werk in die "mission";

* Mense meng in met die opvoeding van my kinders;

* Ek is 'n bestuurslid en het meer voordele, ons bly in aparte groter kamers, kry eerste kos en het 'n aparte badkamer.

### 5.4.13 BETALING VAN LOSIES

**Tabel 5.24 : Haweloses se Bydrae tot Losies wat Verskaf is**

| KATEGORIE | MANLIK | | VROULIK | |
|---|---|---|---|---|
| | HOEVEELHEID | % | HOEVEELHEID | % |
| Ja | 4 | 17.39 | 3 | 12.50 |
| Nee | 19 | 82.61 | 21 | 87.50 |
| TOTAAL (N) | 23 | 100.00 | 24 | 100.00 |

Die bedrag wat betaal is wissel van 25% tot 40% van die inkomste wat die respondente verdien as hulle werk. Pensioenarisse dra ook soveel by uit hulle pensioengeld of toelaag. Inwoners wat fondsinsameling vir die sorgsentrums doen kry kommissie op die bedrag wat hulle insamel, wat wissel tussen 20 en 30 persent.

Volgens die respondente is daar by al die sorgsentrums van die inwoners verwag om met die instandhouding, voedselvoorbereiding, strykwerk, ensovoorts te help. Een van die sorgsentrums het aan elke inwoner op 'n weeklikse basis 'n bedraggie geld betaal, afhangende van die take wat hulle moes verrig. Volgens die haweloses het dit vir hom of haar in staat gestel om die noodsaaklikste persoonlike benodigdhede soos byvoorbeeld toiletware, aan te koop.

Twee van die sorgsentrums wat by die navorsingsondersoek betrek was, het werkskeppingsprogramme gehad en die respondente het bevestig dat daar van hulle verwag is om aan die aktiwiteite deel te neem. Van die inwoners het fondsinsameling wat deel van die werkskeppingsprogramme was, baie negatief beleef en gevind dat dit moeilik was om donasies van die publiek af te vra. 'n Hawelose swanger vrou het vertel hoe uitputtend dit vir haar in haar swanger toestand was, om die hele dag, sonder kos of water op die pad uit te wees. Soms moes sy haar kleuterdogtertjie saam met haar neem en soms moes sy haar by die sorgsentrum laat, waar niemand haar eintlik versorg het nie, tot groot bekommernis van haar ma.

## 5.4.14 VRYETYDSBESTEDING

Meeste van die inwoners het nie iets konstruktief gehad waarmee hulle hulleself in hulle vryetyd kon besig hou nie. 'n Hele paar het ook gesê dat hulle nie enige vryetyd

gehad het nie, omdat hulle voltyds besig was met werkies in die sorgsentrum. Die aktiwiteite wat die meeste genoem het, was boeklees of TV kyk, ander het gesê hulle loop rond, sit in die son of gesels sommer net met die ander mense. Van die vrouens het gesê hulle brei of doen naaldwerk. 'n Paar mans het gesê hulle neem deel aan sport. In nie een van die sentrums was daar georganiseerde aktiwiteite of selfs fasiliteite vir ontspanning nie en was dit veral 'n leemte wat die kinders betref, want daar was niks vir hulle om te doen nie.

### 5.4.15 OMSTANDIGHEDE VAN KINDERS WAT SAAM MET HULLE OUERS IN DIE SORGSENTRUM WOON

**Twee-en twintig** ouers wat aan die steekproef deelgeneem het, se kinders het saam met hulle in die sorgsentrum gewoon. 'n Vraag is aan die ouers gestel om te bepaal wat die behuisingsomstandighede ten opsigte van die kinders was :

**Tabel 2.25 : Behuisingsomstandighede ten Opsigte van Kinders**

| WOONOMSTANDIGHEDE VAN KINDERS | HOEVEELHEID |
|---|---|
| Saam met ouers in kamer | 19 |
| Kinders in aparte, aangrensende kamer | 1 |
| Heeltemal apart | 2 |

Oor die algemeen het ouers en kinders saam in een kamer gewoon. Enkele ouers het meegedeel dat 'n kind ook 'n bed met hulle moes deel. Van die ouers het 'n

afskorting, byvoorbeeld 'n hangkas of gordyn gebruik vir meer privaatheid. Twee ouerpare het meegedeel dat hulle 'n kamer met **drie** ander gesinne moes deel. Twee ouerpare se kinders het heeltemal apart, saam met ander gesinne gewoon. Hierdie inligting bevestig dus die teorie soos in hoofstuk 2 (2.10) deur outeur Bassuk en Gallagher in Boxill (1990) aangetoon word, naamlik dat omstandighede in sentrums vir haweloses oor die algemeen oorbewoon is met baie min ruimte vir gesinne. Kinders moet ook dikwels met hulle ouers en selfs ander gesinne 'n kamer deel.

### 5.4.16 PROBLEME WAT OUERS MET HULLE KINDERS ERVAAR

Op die vraag of ouers enige probleme met hulle kinders gehad het, het net een ouer positief geantwoord en gesê sy ervaar gedragsprobleme met haar tiener dogter.

### 5.4.17 ONDERSTEUNINGSISTEME

Die vraag is aan die respondente gevra of hulle enige familie of vriende het op wie hulle kan staatmaak vir hulp.

**Tabel 5.26 : Beskikbaarheid van Ondersteuningsisteme**

| KATEGORIE | MANLIK | | VROULIK | |
|---|---|---|---|---|
| | HOEVEELHEID | % | HOEVEELHEID | % |
| Ja | 6 | 15,75 | 9 | 37,50 |
| Nee | 17 | 70,83 | 15 | 62,50 |
| TOTAAL (N) | 23 | 100,00 | 24 | 100,00 |

Hierdie vraag het ook heelwat emosie uitgelok. Met uitsondering van 'n paar wat geen emosie getoon het nie, was daar hartseer te bespeur by meeste van die haweloses, selfs by van die mans wat selfversekerd en vol bravade voorgekom het. Die besef van hulle alleenheid terwyl daar tog êrens familie is, was aangrypend. Die navorser kan dus saamstem met Raljic (1992:26) soos wat dit in hoofstuk 2 (2.8) aangetoon word, naamlik dat haweloses in baie opsigte nie anders voorkom as ander behoeftige mense nie maar : "They are profoundly alone".

Respondente is ook gevra om die name te noem van twee mense wat die naaste aan hulle is. Meeste van hulle moes lank dink voordat hulle die vraag kon beantwoord. Meeste het 'n broer of suster, hulle ouers, kinders of selfs 'n geskeide huweliksmaat genoem. 'n Hele paar kon niemand noem nie en heelwat het die name van mense wat saam met hulle in die sorgsentrum bly genoem.

### 5.4.18 PROFESSIONELE DIENSTE AAN HAWELOSES

Betrokkenheid van maatskaplikewerk-dienste by haweloses.

**Tabel 5.27 : Hulpverlening deur 'n Maatskaplike Werker**

| | |
|---|---|
| Ja | 12 |
| Nee | 35 |

Sou u graag hulp wou ontvang?

| | |
|---|---|
| Ja | 19 |
| Nee | 28 |

Motivering vir die negatiewe antwoorde was as volg :

* Maatskaplike werkers gee nie regtig vir jou om nie, hulle gee net vir jou kos om van jou ontslae te raak;

* Hulle breek jou net af en vat jou kinders;

* Al wat hulle gedoen het om my te help, was om vir my die name van die "missions" te gee;

* Hulle het my teleurgestel, want toe ek regtig hulp nodig gehad het, het hulle my weggestuur;

* Hulle moet mense regtig help, maar hulle doen dit nie, as jy langs die pad lê en doodgaan, sal hulle nog oor jou ry ook;

* Ek hou nie van die "welsyn" nie, ons was al 21 keer in die hof, ek het 'n maatskaplike werker al geklap ook!;

* Ek is al onder die welsyn vandat ek gebore is, nou wil ek niks met hulle te doen hê nie, ek het nie hulle hulp nodig nie, want die "mission" help ons.

Die wat positief geantwoord het dat hulle graag sou wou gebruik maak van die dienste van 'n maatskaplike werker, het die taak van die maatskaplike werker soos volg beskryf :

Die meeste het gevoel dat dit 'n maatskaplike werker se taak was om materiële hulp te verleen, hulle te help om werk en blyplek te kry, help om 'n toelaag te kry, help met probleme en om hulle lewe meer gerieflik te maak. 'n Paar het beklemtoon dat maatskaplike werkers minder negatief moet wees en nie net mense moet afbreek nie, maar meer opbouend moet wees. 'n Hele paar het ook gesê hulle weet glad nie wat 'n maatskaplike werker se taak behoort te wees nie.

Uit die antwoorde is dit duidelik dat heelwat van die mense negatiewe ervarings met maatskaplike werkers gehad het en vertroue verloor het.

### 5.4.19 OORSAKE VAN HAWELOOSHEID

Met die oog op die toename van die hawelose verskynsel is haweloses gevra wat hulle dink die belangrikste oorsake van haweloosheid is.

**Tabel 5.28 : Oorsake van Hawelooosheid**

Verskeie van die mense het meer as een oorsaak genoem.

| TIPE PROBLEEM | HOEVEELHEID |
|---|---|
| Drank en dwelmmisbruik | 38 |
| Werkloosheid | 23 |
| Werkskuheid | 2 |
| Te min werksgeleentheid | 24 |
| Te min bekostigbare behuising | 2 |
| Huweliksontrouheid | 2 |
| Swak ekonomie | 15 |
| Probleme met familie | 4 |
| Emosionele probleme | 5 |
| Gebroke huwelike/egskeiding | 13 |
| Behoeftigheid | 2 |
| Swak opleiding | 1 |
| Gesondheidsprobleme | 2 |

(N < 47 omdat meer as een rede verskaf is).

Hoewel daar vroeër in die hoofstuk 5, tewete 5.4.9 aandag geskenk is aan die teenwoordigheid van maatskaplike probleme en dit geblyk het dat die meeste haweloses woonagtig in sorgsentrums beleef het dat hulle nie enige maatskaplike probleme het nie, kom dit tog voor asof hulle bewus is van die teenwoordigheid van probleme, al identifiseer hulle dit makliker by ander mense. Dit is ook interessant dat

daar 'n verband is tussen die antwoorde wat in hierdie afdeling van die onderhoud van hulle ontvang is en die antwoorde wat hulle verskaf het by die veroorsaking van hulle eie haweloosheid, sien tabel 5.15. Uit hierdie inligting kan dus afgelei word dat hulle die oorsake van haweloosheid beleef vanuit hulle eie verwysingsraamwerk en dit wat hulle ervaar het.

Hierdie inligting sluit ook nou aan by die volgende afdeling wat handel oor moontlike oplossings vir die probleem.

### 5.4.20 VOORKOMING EN BEKAMPING VAN DIE PROBLEEM VAN HAWELOOSHEID

**Tabel 5.29 : Voorstelle van Haweloses vir die Bekamping van die Probleem van Haweloosheid**

| REDES WAT VOORGESTEL IS | HOEVEELHEID |
|---|---|
| Werksgeleenthede moet geskep word | 15 |
| Die staat moet 'n groter rol speel in die bekamping van die probleem | 14 |
| Mense moet hulle self help. oplossings lê in die mens self | 17 |
| Professionele beraad vir mense met probleme | 8 |
| Gebed en geestelike bearbeiding | 4 |
| Goedkoper behuising | 7 |
| Politieke situasie moet verbeter | 3 |
| Weet glad nie. daar is nie 'n oplossing nie | 2 |

Uit bogenoemde tabel blyk dit duidelik dat die meeste haweloses besef dat die oplossing van die meeste probleme in die individu self lê en dat hulle moontlik met die hulp van professionele beraad hulle probleme kan oorkom.

### 5.4.21 OPMERKINGS OF AANBEVELINGS DEUR HAWELOSES

Oor die algemeen was daar nie enige opmerkings of aanbevelings nie. 'n Paar haweloses het wel voorgestel dat sorgsentrums opgegradeer word en dat die Staat finansiële hulp verleen, miskien in die vorm van 'n subsidie.

In die volgende afdeling sal die bevindinge na aanleiding van die onderhoude met die hawelose kinders bespreek word.

## 5.5 RESULTATE NA AANLEIDING VAN DIE ONDERHOUDSKEDULES MET HAWELOSE KINDERS

Soos reeds in hoofstuk 4 (4.3) gemeld is, was 15 hawelose kinders wat in sorgsentrums woonagtig was, by die navorsing betrek en sal die inligting vervolgens bespreek word.

### 5.5.1 IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE VAN HAWELOSE KINDERS WAT IN SORGSENTRUMS WOONAGTIG WAS

In tabel 5.30 word 'n uiteensetting gegee van die geslag van die hawelose kinders.

**Tabel 5.30 : Geslag van die Hawelose Kinders**

| GESLAG | HOEVEELHEID | % |
|---|---|---|
| Manlik | 7 | 46.67 |
| Vroulik | 8 | 53.33 |
| TOTAAL (N) | 15 | 100.00 |

Uit tabel 5.30 blyk dit dat 7 (46,67%) seuns en 8 (53,33%) dogters by die ondersoek betrek was.

## 5.5.2 OUDERDOMME VAN DIE HAWELOSE KINDERS WAT AAN DIE ONDERSOEK DEELGENEEM HET

Tabel 5.31 gee 'n aanduiding van die ouderdomsverspreiding van die kinders wat aan die steekproef deelgeneem het.

**Tabel 5.31 : Ouderdomsverspreiding van Hawelose Kinders**

| JARE | SEUNS | | DOGTERS | |
|---|---|---|---|---|
| | HOEVEELHEID | % | HOEVEELHEID | % |
| 7 - 8 | 1 | 14,29 | 2 | 25,00 |
| 9 - 10 | 0 | 0,0 | 1 | 12,50 |
| 11 - 12 | 3 | 42,87 | 2 | 25,00 |
| 13 - 14 | 1 | 14,29 | 1 | 12,50 |
| 15 - 16 | 1 | 14,29 | 1 | 12,50 |
| 17 - 18 | 1 | 14,29 | 1 | 12,50 |
| TOTAAL (N) | 7 | 100,00 | 8 | 100,00 |

Uit tabel 5.31 blyk dit dat die kinders wat aan die ondersoek deelgeneem het, verteenwoordigend van al die ouderdomsgroepe was.

### 5.5.3 GESINSAMESTELLING VAN DIE HAWELOSE KINDERS

In tabel 5.32 volg 'n uiteensetting van die gesinsamestelling van die hawelose kinders.

**Tabel 5.32 : Gesinsamestelling**

| GESINSAMESTELLING | HOEVEELHEID | % |
|---|---|---|
| Vader en moeder | 4 | 26,67 |
| Net vader | 1 | 6,67 |
| Net moeder | 7 | 46,67 |
| Vader en stiefma | 0 | 0,0 |
| Moeder en stiefpa | 3 | 20,00 |
| TOTAAL (N) | 15 | 100,00 |

Indien 'n kind se ouers nie bymekaar gewoon het nie, is hy/sy gevra waar die ander ouer bly en is die volgende kommentaar soos in tabel 5.33 weergegee is, ontvang.

**Tabel 5.33 : Plek van Verblyf en Kontak met Ander Ouer**

| KATEGORIE | HOEVEELHEID | % |
|---|---|---|
| Ouer is oorlede | 3 | 27.27 |
| Weet waar ouer bly | 2 | 18.18 |
| Weet glad nie waar ouer woonagtig is nie | 6 | 54.55 |
| TOTAAL (N) | 11 | 100.00 |

Slegs **drie** van die kinders wie se ouers nie bymekaar woon nie, het aangetoon dat hulle wel kontak met die ander ouer het.

Uit bostaande inligting kan dus afgelei word dat meeste van die hawelose kinders uit ontwrigte gesinne afkomstig is. Slegs 4 (26,67%) van die kinders het by beide vader en moeder in die sorgsentrum gewoon. Dit bevestig dus die inligting soos bespreek in hoofstuk 2 (8.4) naamlik dat kinders veral baie kwesbaar en blootgestel is aan die gevolge van huweliksprobleme en gesinsontwrigting.

### 5.5.4 BEHUISINGSOMSTANDIGHEDE

### 5.5.5 Tydperk in Sorgsentrums Woonagtig

Die tydperk wat die kinders reeds in die sorgsentrums woonagtig was is in tabel 5.34 uiteengesit.

Tabel 5.34 : Tydperk in Sorgsentrum Woonagtig

| TYDPERK | HOEVEELHEID | % |
|---|---|---|
| - 1 maand | 2 | 13.33 |
| 2 - 3 maande | 2 | 13.33 |
| 4 - 5 maande | 4 | 26.67 |
| 6 - 7 maande | 2 | 13.33 |
| 8 - 9 maande | 0 | 0.0 |
| 9 - 10 maande | 0 | 0.0 |
| 11 - 12 maande | 0 | 0.0 |
| 1 - 2 jaar | 4 | 26.67 |
| 2 - 3 jaar | 1 | 6.67 |
| TOTAAL (N) | 15 | 100.00 |

Uit die inligting blyk dit dat meeste van die kinders reeds vir 'n geruime tydperk, naamlik 4 tot 5 maande (26,67%) en 1 tot 2 jaar (26,67%) in die sorgsentrums woonagtig was.

## 5.5.6 REDES VIR HAWELOOSHEID SOOS WAT DIT DEUR DIE KIND BELEEF IS

Die kinders is gevra om te vertel hoe dit gebeur het dat hy/sy in die sorgsentrum beland het. Die redes wat deur hulle verskaf is word in tabel 5.35 weergegee.

**Tabel 5.35 : Redes vir Haweloosheid**

| KATEGORIE | HOEVEELHEID |
|---|---|
| Huweliksprobleme van ouers | 1 |
| Familietwis by vorige plek van verblyf | 4 |
| Gesinsgeweld | 4 |
| Drankmisbruik | 2 |
| Uitgesit uit huis omdat ma nie huur kon betaal nie | 2 |
| Het nie genoeg kos gehad nie | 2 |
| Nomadiese bestaan gevoer | 1 |
| Vader het werk verloor | 1 |
| Finansiële probleme | 1 |
| Onbekend | 1 |

(N < 15 omdat sommige kinders meer as een rede verskaf het).

Dit blyk dus dat die meeste kinders familietwis of gesinsgeweld beleef het as die belangrikste oorsaaklike faktor vir hulle haweloosheid, terwyl drankmisbruik en armoede ook 'n groot rol gespeel het.

## 5.5.7 WOONAGTIG IN ANDER SORGSENTRUMS

Tabel 5.36 toon aan of die respondente ook al in ander sorgsentrums woonagtig was.

**Tabel 5.36 : Voorheen Woonagtig in Ander Sorgsentrums**

| KATEGORIE | HOEVEELHEID | % |
|---|---|---|
| Ja | 3 | 20.00 |
| Nee | 12 | 80,00 |
| TOTAAL (N) | 15 | 100,00 |

Die inligting in tabel 5.36 toon aan dat 20% van die kinders reeds al in meer as een sorgsentrum woonagtig was. Een kind het aangetoon dat hy/sy al in **drie** verskillende sorgsentrums woonagtig was.

### 5.5.8. WOONPLEK VOOR HAWELOOSHEID

Plek van verblyf voordat die kind en sy/haar gesin haweloos geraak het.

**Tabel 5.37 : Woonplek voor Hawelooshed**

| PLEK VAN VERBLYF | HOEVEELHEID | % |
|---|---|---|
| In 'n huis | 4 | 44,68 |
| In 'n woonstel | 1 | 29,79 |
| By familie | 4 | 21.28 |
| By ander mense | 1 | 4,26 |
| In 'n motorhuis | 1 | 29,79 |
| Op 'n plaas | 1 | 21,28 |
| Op 'n plot | 1 | 4,26 |
| In 'n losieshuis | 1 | 29,79 |
| In 'n karavaanpark | 1 | 21,28 |
| TOTAAL (N) | 15 | 100,00 |

Bogenoemde tabel 5.37 toon aan dat heelwat van die kinders by familie, ander mense of onder ongewenste omstandighede byvoorbeeld in 'n motorhuis woonagtig was, voordat hulle haweloos geraak het. Soos in die teorie in hoofstuk 2 (2.6) uiteengesit is, was hulle met ander woorde reeds aan 'n skadelike tipe haweloosheid blootgestel voordat hulle 'n toestand van totale haweloosheid beleef het.

### 5.5.9 INVLOED VAN OMGEWING OP 'N KIND SE LEWE

'n Vraag is aan die hawelose kinders gevra oor plekke van belang in hulle lewe, plekke wat hulle sal onthou en wat 'n indruk op hulle gemaak het.

**Tabel 5.38 : Plekke van Belang in 'n Kind se Lewe**

| KATEGORIE | HOEVEELHEID | % |
|---|---|---|
| Ja | 13 | 88,67 |
| Nee | 2 | 13,33 |
| TOTAAL (N) | 15 | 100,00 |

Motivering vir die positiewe antwoorde het aangetoon dat die plek wat hy/sy kon onthou as belangrik in hulle lewe, geassosieer kon word met 'n tyd toe dit met hulle goed gegaan het. Van die antwoorde was as volg :

* "op 'n plot waar ons gebly het voordat my eerste pa oorlede is;

* in 'n huis waar ons gebly het toe my ma nog gewerk het. Ons het nie gesukkel nie en ek het baie vriende gehad;

* toe ons nog ons eie huis gehad het - ons was ons eie baas en kon doen net wat ons wou. Partykeer het ons 8 keer op 'n dag geëet;

* toe ons hele gesin nog bymekaar was;

* by my ouma, ek was nog altyd baie gelukkig by my ouma en wil graag weer daar gaan bly;

* in die huis waar ons gebly het toe ons nog genoeg kos gehad het, my ma het vir ons kos gemaak."

Soos in hoofstuk 2 (2.5) aangetoon is, vind alle ervarings in 'n spesifieke omgewing plaas en het dit 'n belangrike invloed op die identiteitsvorming van 'n kind. Bogenoemde beskrywing van die kinders van 'n plek wat vir hom/haar belangrik was in hulle lewe, gaan duidelik gepaard met 'n aangename ervaring, met ander woorde 'n tydperk toe dit nog goed met hulle gegaan het.

### 5.5.10 OMSKRYWING VAN 'N SORGSENTRUM

Op die vraag oor wat hulle dink 'n "mission" of sorgsentrum is, was hulle antwoorde as volg :

* "dit is 'n plek waar mense kos en blyplek kry en elke aand kerk hou. As

mense dronk is word hulle uitgejaag en moet hulle vir 'n uur buite sit;

* dit is 'n plek waar swart en blanke mense kan bly;
* dit is 'n losieshuis;
* dit is 'n plek waar kerke mense na toe stuur wat nie werk en blyplek het nie;
* dit is 'n plek waar geskeide mense kan bly wat nie kos en klere vir hulleself het nie;
* dit is 'n plek waar hawelose mense bly;
* dit is 'n plek waar die baas van die plek mense probeer help;
* dit is 'n plek waar mens kos en klere kry;
* dit is 'n plek waar mens kom bly as jy nie kan betaal vir 'n huis nie;
* dit is 'n oom wat mense help;
* dit is 'n plek waar hulle mense probeer help om weer reg te kom, daarna kan die mense weer uitgaan;
* 'n "mission" is 'n plek waar arm mense bly wat nie vir hulleself kan sorg nie."

Die weergawe van die kinders se idee van 'n sorgsentrum is ten nouste gekoppel aan sy/haar belewenis en ervaring van hulle eie probleme en die rede waarom hulle in die sorgsentrum woonagtig was.

### 5.5.11 BLOOTSTELLING AAN TOTALE HAWELOOSHEID

Om te kan bepaal of die kinders al aan totale haweloosheid blootgestel was, is die vraag aan hulle gestel of hulle al ooit heeltemal sonder blyplek en 'n dak oor hulle kop was, sodat hy/sy in die straat, buite of in 'n motor moes slaap.

**Tabel 5.39 : Blootstelling aan Totale Haweloosheid**

| KATEGORIE | HOEVEELHEID | % |
|---|---|---|
| Ja | 2 | 13,33 |
| Nee | 13 | 86,67 |
| TOTAAL (N) | 15 | 100,00 |

Die twee kinders wat positief geantwoord het op die vraag, se belewenis was as volg :

* "ons het in 'n kar geslaap en dit was vir my lekker;

* ek was baie bang, ons het nie kos gehad nie en moes kos by die winkels vra, ons moes buite vuurmaak om warm te kry. Ons het water gaan vra by die garages. Dit was baie koud en ons het op kartonne onder 'n boom geslaap".

(Die verskaffing van die inligting het met baie emosie en duidelike ervaring van pyn gepaard gegaan).

Die twee kinders se belewenis van die episode was dus uiteenlopend, omdat die een kind slegs aan onskadelike haweloosheid blootgestel was, terwyl die ander kind ernstige ontbering, gepaard met baie swaarkry, ervaar het. Die inligting bevestig die teorie soos aangetoon word in hoofstuk 2 (2.2) waar die verskillende tipes van haweloosheid en die omstandighede wat daarmee gepaard gaan, beskryf word.

### 5.5.12 WERKSOMSTANDIGHEDE VAN DIE HAWELOSE KINDERS SE OUERS

Op die vraag of hulle ouers, wat beide ouers of net 'n vader of moeder wat werk insluit, was al 15 kinders se antwoord negatief. Sewe kinders het aangetoon dat sy/haar pa en/of ma werk, maar het verwys na die werk wat hulle in die sorgsentrum doen. Een dogter het gesê haar ma ontvang 'n pensioen, maar sy het nie geweet waarom sy dit kry of hoeveel nie. Die kinders kon nie sê hoe lank hulle ouers al werkloos was nie. Net een seun het gesê sy pa is al twee jaar werkloos, want hy was in die gevangenis.

### 5.5.13 MANIFESTERING VAN MAATSKAPLIKE PROBLEME

Die vraag is aan die kinders gestel of hulle gesin enige probleme ervaar. Meeste van die kinders het gesê hulle het nie probleme nie behalwe :

* twee kinders wat gesê het hulle word partykeer fisies gestraf as hulle kos uit die kamer vat of stout is;
* een kind het gesê sy vader is in die gevangenis; en
* twee kinders het gesê hulle ouers het huweliksprobleme.

### 5.5.14 BELEWING VAN MATERIëLE WELVAART

In tabel 5.40 word 'n uiteensetting gegee van die kinders se belewing van sy/haar gesin se materiële welvaart. Die vraag is aan hulle gestel of hulle dink hulle is arm!

**Tabel 5.40 : Belewing van Materiële Welvaart en Ervaring van Armoede**

| KATEGORIE | HOEVEELHEID | % |
|---|---|---|
| Ja | 6 | 40.00 |
| Nee | 8 | 53.33 |
| Onseker | 1 | 6.67 |
| TOTAAL (N) | 15 | 100.00 |

Uit die tabel kan afgelei word dat 8 (53,33%) van die hawelose kinders gevoel het dat hulle nie arm is nie. Die motivering vir sy/haar antwoord was interessant genoeg ook gekoppel aan voorsiening van voedsel en kleding en terwyl hulle in die sorgsentrum woonagtig was, het hulle nie ervaar dat hulle arm was nie, omdat daar in hulle basiese behoeftes voorsien is. Van die kinders het ook gesê dat hy/sy nie op daardie stadium arm was nie, omdat daar ander kinders was wat nie so bevoorreg soos hulle was nie en met minder moes klaarkom in die lewe.

## 5.5.15 OPVOEDKUNDIGE FAKTORE

### 5.5.15.1 Skoolbywoning

Al 15 respondente het gesê dat hulle op die tydstip toe die studie gedoen is, skool bygewoon het. Hulle skoolstandaard het gewissel van graad 1 tot standerd 9. Twee kinders was in 'n spesiale skool en een kind het 'n opleidingsentrum bygewoon.

### 5.5.15.2 Skolastiese Vordering

Die kinders is gevra hoe hulle op skool presteer en hulle antwoorde was as volg :

**Tabel 5.41 : Skolastiese Prestasie**

| KATEGORIE | HOEVEELHEID | % |
|---|---|---|
| Goed | 6 | 40,00 |
| Gemiddeld | 9 | 60,00 |
| Swak | 0 | 0,00 |
| TOTAAL (N) | 15 | 100,00 |

Ter aanvulling van bogenoemde inligting moes die kinders 'n aanduiding gee van wat hulle punte was om te kan bepaal of hulle antwoorde realisties was. Meeste antwoorde het goed vergelyk met hulle prestasies.

Die kinders is ook gevra om 'n aanduiding te gee of hulle al gedruip het en hoeveel keer.

**Tabel 5.42 : Aantal Kere Gedruip**

| AANTAL KERE | HOEVEELHEID | % |
|---|---|---|
| Geen | 10 | 66,67 |
| 1 Keer | 2 | 13,33 |
| 2 Keer | 2 | 13,33 |
| Onseker | 1 | 6,67 |
| TOTAAL (N) | 15 | 100,00 |

### 5.5.15.3 Aantal Skole deur Hawelose Kinders Bygewoon

Tabel 5.43 gee 'n aanduiding van die hoeveelheid skole wat al deur die hawelose kinders bygewoon is.

**Tabel 5.43 : Aantal Skole Bygewoon**

| AANTAL SKOLE | HOEVEELHEID | % |
|---|---|---|
| 1 | 1 | 6,67 |
| 2 | 2 | 13,33 |
| 3 | 3 | 20,00 |
| 4 | 2 | 13,33 |
| 5 | 3 | 20,00 |
| 6 | 0 | 0,00 |
| 7 | 1 | 6,67 |
| 8 | 2 | 13,33 |
| 8 + | 1 | 6,67 |
| TOTAAL (N) | 15 | 100,00 |

As die hoeveelheid skole wat deur die hawelose kinders bygewoon is, soos in tabel 5.43 weergegee word in aanmerking geneem word, blyk dit dat die hawelose kinders reeds aan baie ontwrigting blootgestel was gedurende hulle skoolloopbane. Dit is egter ook verbasend dat so min van die kinders nog gedruip het en dat volgens tabel 5.41 60,00% van die kinders gemiddeld op skool presteer. Uit die inligting kan die gevolgtrekking gemaak word dat indien die kinders meer stabiliteit en bestendigheid kan geniet, hulle potensiaal ook beter ontwikkel kan word, wat beter prestasie kan

verseker.

### 5.5.16 OMSTANDIGHEDE IN DIE SORGSENTRUM

Om te kan bepaal wat die omstandighede oor die algemeen in die sorgsentrum was, is die vraag aan die kinders gevra oor wat vir hulle die lekkerste in die sorgsentrum was, maar ook wat nie vir hulle lekker was nie. Hulle antwoorde oor wat vir hulle die lekkerste was, was as volg :

* "om met vriende te speel, niemand baklei met jou nie en die kos in die aande;
* om na die orkes te luister;
* alles is lekker;
* hier is baie kinders en ons kry lekker kos;
* al die maatjies, jy is nooit alleen nie;
* ek kan nie eintlik sê nie;
* niks is lekker nie;
* as ons klere kry;
* al die mense is vriendelik."

Op die vraag oor wat nie vir hulle lekker was nie, is die volgende kommentaar verkry :

* "Om huis skoon te maak en al die werk te doen;
* my ma vloek en skel op my;
* die ander grootmense hier vloek ons kinders altyd;
* om te sien hoe die mense dagga rook en by die sjebeens drink;

* hier is niks om te doen nie;
* as ons gestraf word, dan moet ons vir 'n hele week in ons kamers bly;
* die ander tannies wat baasspeel oor ons en dink hulle is ons ma;
* die swart mense wat saam met ons bly; en
* as die grootmense met mekaar argumenteer en baklei."

Volgens dié uiteensetting van die kinders blyk dit dat hulle slegs oppervlakkige probleme aangeraak het in die beskrywing van sy/haar belewing van hulle verblyf in 'n sorgsentrum. Enkele probleme het egter na vore gekom, byvoorbeeld die inmenging van ander volwassenes by die opvoedingsproses, wat kan bydra tot die disintegrasie van ouerlike rolle, soos bespreek word in die teorie in hoofstuk 2 (2.9).

### 5.5.17 VRYETYDSBESTEDING

Oor wat die kinders in hulle vryetyd doen, het al die kinders geantwoord dat hulle met maatjies speel en televisie kyk. Een seun het gesê hy loop saam met sy hond op die mynhope rond.

### 5.5.18 PERSOONLIKE FUNKSIONERING

#### 5.5.18.1 Ervaring van Probleme

Op die vraag of hulle enige probleme het, het slegs 2 van die 15 kinders positief geantwoord. Die aard van sy/haar probleme is as volg aangetoon :

* "Ek wil liewers koshuis toe gaan as om hier te bly;
* partykeer huil ek so baie, omdat my ma so siek is, sy het 'n drankprobleem. Die kinders by die skool spot my ook!".

### 5.5.18.2 Is die Kind Gelukkig?

Twee kinders het aangetoon dat hulle nie gelukkig was nie. Die een wou graag by haar ouma gaan bly en die ander een kon nie verbaliseer hoekom sy ongelukkig was nie, maar dit het met haar verblyf in die sorgsentrum te doen gehad.

### 5.5.18.3 Na Wie Toe Gaan Hulle as Hulle Probleme Het?

Die kinders moes aandui na wie toe hulle gaan as hulle probleme het, om te kan bepaal of hulle enige ondersteuningsisteme het.

**Tabel 5.44 : Hulpsisteme van Hawelose Kinders**

| KATEGORIE | HOEVEELHEID | % |
|---|---|---|
| Moeder | 6 | 40.00 |
| Ouma | 3 | 20.00 |
| Ma en pa | 3 | 20.00 |
| Sorgsentrumbestuurder | 3 | 20.00 |
| TOTAAL (N) | 15 | 100.00 |

Uit tabel 5.44 kan die afleiding gemaak word dat die meeste hawelose kinders steeds die meeste vertroue in sy/haar moeder het. Dit was ook interessant om te sien hoe belangrik die rol van die sorgsentrumbestuurder was en die mate van vertroue wat selfs die kinders in hom gehad het.

Die vraag aan die kinders vir wie hulle die liefste is, was ook om te dien as kontrole vir die vorige vraag oor ondersteuningsisteme. Die meeste kinders naamlik 40% het aangetoon dat hulle die liefste vir hulle ma was, 20% vir hulle pa en 13,33% vir hulle ouma, terwyl 6,67% gesê het dat hulle die liefste vir die sorgsentrumbestuurder was.

## 5.5.19 MAATSKAPLIKE WERK

Om te bepaal of die kinders kennis dra van die beroep maatskaplike werk en moontlik betrokke was by dienslewering, is hulle gevra of hulle weet wat 'n maatskaplike werker doen. Die kommentaar kan as volg weergegee word :

**Tabel 5.45 : Hulpverlening deur 'n Maatskaplike Werker**

| KATEGORIE | HOEVEELHEID | % |
|---|---|---|
| Ja | 7 | 46,67 |
| Nee | 8 | 53,33 |
| TOTAAL (N) | 15 | 100,00 |

As motivering vir hulle antwoord het die hawelose kinders die volgende verduidelikings gegee oor wat hulle gedink het die taak van 'n maatskaplike werker was :

* "Hulle gee vir mense kos wat buite bly;
* my ma sê hulle vat net kinders;
* hulle gee kos en klere;
* die welsyn is net daar om mense te help met probleme;
* hulle kyk na kinders wie se ouers hulle mishandel of as die kinders nie wil skoolgaan nie."

### 5.5.20 OORSAKE VAN HAWELOOSHEID EN OPLOSSINGS VIR DIE BEKAMPING VAN DIE PROBLEEM

Die kinders is gevra om hulle mening te gee oor wat hulle dink die belangrikste oorsake van haweloosheid was. Die wyse waarop hulle kommentaar gelewer het sal vervolgens in tabel 5.46 weergegee word :

**Tabel 5.46 : Oorsake van Haweloosheid**

| TIPE PROBLEEM | HOEVEELHEID | % |
|---|---|---|
| Werkloosheid | 5 | 33.33 |
| Werkskuheid | 1 | 6.67 |
| Drankmisbruik | 7 | 46.67 |
| Daggamisbruik | 2 | 13.33 |
| Finansiële probleme | 2 | 13.33 |
| Gevangenis aanhouding | 1 | 6.67 |
| Armoede | 3 | 20.00 |
| Huweliksprobleme | 1 | 6.67 |

(N < 15 omdat sommige kinders meer as een rede verskaf het).

Die antwoorde van die kinders was spontaan, eerlik en opreg en was dalk eerder die antwoord op die vraag wat vroeër in hoofstuk 5 (5.4.9) bespreek is, naamlik oor die teenwoordigheid van maatskaplike probleme in sy of haar eie gesin. Dit was duidelik dat die kinders die oorsake van haweloosheid beleef het vanuit hulle eie leefwêreld en die omstandighede waaraan hulle self blootgestel was.

Die volgende inligting wat in tabel 5.47 uiteengesit is sluit ook nou aan by hierdie bespreking, omdat dit ook vanuit die kind se belewenis perspektief beantwoord is.

**Tabel 5.47 : Oplossings vir die Probleem van Haweloosheid Soos Deur die Hawelose Kind Gesien**

| VOORSTELLE | HOEVEELHEID | % |
|---|---|---|
| Kan nie gehelp word nie | 1 | 6.67 |
| Weet nie | 3 | 20.00 |
| Werkverskaffing | 1 | 6.67 |
| Drankprobleme oplos | 4 | 26.67 |
| Beraad | 1 | 6.67 |
| Mense moet hulle self help | 1 | 6.67 |
| "Missions" kan hulle help | 1 | 6.67 |
| Geld oordeelkundig spandeer | 2 | 13.33 |
| Huwelike moet gered word | 1 | 6.67 |
| TOTAAL (N) | 15 | 100.00 |

Uit tabel 5.47 blyk dit dat die kinders nie werklik 'n oplossing het ter voorkoming van die probleem van haweloosheid nie.

## 5.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die resultate van die navorsingsonderhoude weergegee. Eerstens was 'n beskrywing verskaf van die vier sorgsentrums wat aan hierdie studie deelgeneem het, sowel as die kommentaar van die sorgsentrumbestuurders. Uit die navorsingsbevingdinge blyk dit dat daar 'n definitiewe behoefte aan sorgsentrums in die gemeenskap is, aangesien haweloses in 'n toenemende mate van dié behuisingsfasiliteite gebruik maak. Dit het ook geblyk dat meeste van die sentrums halsoorkop ontstaan het en dat die sorgsentrumbestuurders nie altyd opgewasse is vir hulle selfopgelegde taak nie. Finansieel is die sorgsentrums van die publiek afhanklik vir donasies en bydraes, anders sou hulle nie kon voortbestaan nie.

Uit die onderhoude met die hawelose volwassenes en kinders kon daarin geslaag word om 'n profiel van die respondente weer te gee. Dit het geblyk dat die haweloses ernstige maatskaplike probleme ervaar, wat dan ook die vernaamste oorsaak vir hulle haweloosheid was. Baie van die haweloses het verskansing gevind in die sorgsentrums, hulle voel veilig daar en sien nie kans vir die eise van die lewe buite die sorgsentrums nie. As gevolg van hierdie tendens word die kultuur van haweloosheid versterk en bied sorgsentrums as sulks nie werklik 'n oplossing vir die probleem van haweloosheid nie.

Die kinders van vandag is die volk van die toekoms en dit alleenlik regverdig elke moontlike beskikbare diens wat tot voordeel van die kind aangewend kan word. Die vrae in die onderhoudskedule aan hawelose kinders (Bylae C) het die belange van hawelose kinders pertinent na vore laat kom. Wanneer byvoorbeeld gekyk word na die oorsaaklike faktore van haweloosheid, was dit duidelik dat die kinders wat aan daardie probleme blootgestel was, ernstige ontbering en ontwrigting moes verduur,

wat ook negatief kan inwerk op hulle persoonlikheidsontwikkeling en uiteindelike funksionering as volwassene.

Indien die kringloop nie verder versterk wil word deur perpetuering van die probleem en versterking daarvan deur die omstandighede in sorgsentrums nie, sal die maatskaplikewerk-professie baie sterker na vore moet kom in die aanspreek van die probleem en die maatskaplike werkers moet betrokke raak by dienslewering in sorgsentrums.

# HOOFSTUK 6

# GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 6.1 INLEIDING

In die lig van die geweldige toename in die getal hawelose mense en die ingrypende effek wat haweloosheid op die bestaan van die mens het, is hierdie studie onderneem. Baie van die haweloses neem hulle toevlug na sorgsentrums, wat ook toeneem in getalle. Sorgsentrums as 'n behuisingsfasiliteit is 'n redelike nuwe verskynsel en daar is min van hulle bekend. Vanuit die professionele verantwoordelikheid van die navorser is besluit om die navorsing op 'n gebied wat nog 'n redelik onbekende terrein in Suid-Afrika is, naamlik haweloosheid, te onderneem.

Met die studie is ook gepoog om nuwe kennis tot die vakdissipline van die maatskaplikewerk-professie toe te voeg deur spesifiek te fokus op die maatskaplikewerk-praktyk en -dienslewering aan die hawelose persone.

## 6.2 DOELSTELLINGS

Die doel van die studie was om die maatskaplike problematiek van sorgsentrums te ondersoek deur 'n verkenning van die aard en behoeftes van die haweloses, woonagtig in sorgsentrums in die Germiston gebied te doen, sowel as van die faktore wat tot hulle haweloosheid aanleiding gegee het. Hierdie studie was dus hoofsaaklik verkennende navorsing ten einde 'n kennisbasis van die hawelose persoon te verkry. Ten einde die doelstelling te bereik, is die volgende doelwitte daargestel :

* Om 'n verkenning van haweloosheid as 'n relatief onbekende terrein deur 'n oorsig van bestaande en toepaslike literatuur te onderneem;

* Om die probleme en behoeftes van die inwoners woonagtig in sorgsentrums, die faktore wat aanleiding tot hulle haweloosheid gegee het, sowel as hulle belewenis daarvan, te ondersoek;

* Om die aard en doelstellings van sorgsentrums as versorgingsoorde te ondersoek;

* Om nuwe hipoteses aan die einde van die studie te ontwikkel; en

* Om aanbevelings vanuit bogenoemde doelwitte te maak, met die oog op die ontwikkeling van 'n intervensieprogram vir welsynsorganisasies op 'n latere stadium.

Ter samevatting sal elke doelwit kortliks hanteer word.

### 6.2.1 VERKENNING VAN HAWELOOSHEID AS 'N REDELIK ONBEKENDE TERREIN DEUR 'N TOEPASLIKE LITERATUURSTUDIE TE ONDERNEEM

'n Deeglike literatuurstudie is uitgevoer, wat aan die lig gebring het dat ander oorsese lande, veral Amerika reeds verskeie studies onderneem het om die verskynsel van haweloosheid te ondersoek. Uit die teorie het dit ook geblyk dat daar 'n groot ooreenkoms tussen haweloosheid as verskynsel in Suid-Afrika en die res van die

wêreld is, veral met betrekking tot die oorsake en gevolge van haweloosheid. Dit het ook geblyk dat verskeie oorsese modelle reeds die lig gesien het, in 'n poging om die verskynsel van haweloosheid te ondersoek, waarvan vier in hoofstuk 3 bespreek is. Uit al vier modelle het die navorser gepoog om 'n geïntegreerde model saam te stel wat in hoofstuk 3, Figuur 3.2, weergegee word. Die model kan in 'n later stadium gebruik word om verdere en meer omvangryke navorsing oor die verskynsel van haweloosheid te doen.

### 6.2.2 EKSPLORERING VAN DIE PROBLEME EN BEHOEFTES VAN DIE INWONERS WAT IN SORGSENTRUMS WOONAGTIG IS

#### 6.2.2.1 Profiel van die Haweloses

* Uit die navorsingsbevindinge is ook 'n profiel geskets van die hawelose persoon en het dit geblyk dat die haweloses uit beide geslagte bestaan, verteenwoordigend is van alle ouderdomsgroepe en dat veral vrouens en kinders 'n groot deel van die hawelose gemeenskap uitmaak. Die haweloses is omtrent almal werkloos, met 'n onstabiele werksrekord en moontlik werksku ook en hoewel meeste aangedui het dat hulle graag sou wou werk, is baie van hulle nie regtig gemotiveerd nie en is daar nie daadwerklike pogings aangewend om werk te kry nie. In die literatuurstudie het dit geblyk dat die meeste haweloses ernstige maatskaplike probleme ervaar. Hierdie inligting is tydens die navorsingsonderhoude bevestig.

* Oor die algemeen het dit ook geblyk dat hoewel baie van die haweloses nie tevrede met die fisiese omstandighede in die sorgsentrums was nie, hulle verkies het om daar aan te bly. Uit die inligting kon dus afgelei word dat

baie van die haweloses nie kans sien vir blootstelling aan die eise van die lewe buite die sorgsentrums nie. Grigsby et al. (1990:142) het aangetoon dat affiliasie van 'n hawelose persoon met ander haweloses die kultuur van haweloosheid kan versterk en aanleiding kan gee tot perpetuering van die probleem waardeur 'n gemeenskap van kroniese haweloses tot stand gebring kan word. Dit is gewoonlik diegene wat 'n heenkome in sorgsentrums vind.

### 6.2.2.2 ONDERSTEUNINGSISTEME

* 'n Belangrike bevinding wat ook geïdentifiseer is, was die feit dat haweloses oor die algemeen 'n algehele gebrek aan ondersteuningsisteme het en kan die navorser gevolglik met Kraljic (1992:26) saamstem wat gekonstateer het dat : "the homeless are decidedly different from other poor persons in at least one significant respect : **they are profoundly alone**".

* Uit die navorsingsbevindinge het dit ook geblyk dat hulpverleningsprofessies as deel van maatskaplike ondersteuningsisteme glad nie betrokke is by die aanbied van programme aan die haweloses wat in sorgsentrums woonagtig is nie. Tydens die onderhoudsvoering het die meeste haweloses, asook sorgsentrumbestuurders die behoefte uitgespreek dat hulle graag van maatskaplike werkers gebruik sou wou maak, wat dus as 'n uitdaging vir die professie kan dien.

### 6.2.2.3 Hawelose Kinders

* Haweloosheid as verskynsel raak ook die kind se leefwêreld direk. Uit die

navorsingsbevindinge blyk dit dat hawelose kinders aan ernstige probleme blootgestel is, wat hulle persoonlikheidsontwikkeling negatief kan beïnvloed. Die omstandighede in sorgsentrums speel ook 'n bepalende rol in hulle lewens en om die bose kringloop te breek, moet daar juis vanuit die maatskaplikewerk-professie uitgereik word na hierdie kinders.

## 6.2.3 EKSPLORERING VAN DIE AARD EN DOELSTELLINGS VAN SORGSENTRUMS AS VERSORGINGSOORDE

### 6.2.3.1 Sorgsentrums as Versorgingsoord

* Uit die bevindinge blyk dit dat daar 'n groot behoefte aan behuising vir die haweloses is en dat sorgsentrums tot 'n groot mate in die behoeftes voorsien. Haweloses kom op hulle eie na sorgsentrums, maar word ook deur gemeenskapsorganisasies soos byvoorbeeld welsynsorganisasies, kerke en staatsdepartemente daarheen verwys. Sorgsentrumbestuurders sit ook met die dilemma dat hulle in sommige opsigte man-alleen vir die versorging van talle hawelose mense wat ook kinders insluit, verantwoordelik is, met 'n bestuur wat uit mede-haweloses bestaan. Behalwe vir finansiële bydraes is die gemeenskap nie werklik betrokke by enige dienslewering nie. Vir baie sorgsentrumbestuurders is die bestuur van die sentrum 'n selfopgelegde taak, waarvoor hulle nie altyd opgewasse is nie. Daar was ook nie doelgerigte beplanning vir die stigting van die sentrums nie en bestuur en beheer vind steeds op 'n impulsiewe wyse plaas, omdat sowel die eienaar as die bestuurslede nie oor voldoende kundigheid oor die problematiek van die hawelose mense beskik nie.

* Baie van die sentrums het 'n Christelike inslag en is daarom in die algemeen bekend as "missions". By sulke sorgsentrums word dit van inwoners verwag om bereid te wees om hulle aan godsdienstige be-arbeiding te onderwerp. Inwoners is verleë en afhanklik vir sy/haar en selfs hulle gesin se verblyf in die sentrum en moet hulle aan die voorwaardes vir verblyf neerlê. Aangesien daar geen beheer deur owerheidsweë neergelê word nie, kan dit aanleiding tot uitbuiting van sowel die individu asook die gemeenskap gee.

### 6.2.3.2 Programme wat aangebied word

* Al die sorgsentrums is aktief betrokke om vir die inwoners werk te vind, hoewel nie een van hulle 'n doeltreffende program in die verband het nie. Baie van die inwoners is ook nie gereed om die ope-arbeidsmark te betree nie en vorm eers deel van die sorgsentrum se eie werkskeppingsprogramme. Behalwe dat dit inkomste genereer, help dit inwoners ook om sekere vaardighede en werksetiek aan te leer, om hulle gereed te maak om die arbeidsmark later te betree. Behalwe vir godsdienstige bearbeiding en werkskepping is daar geen ander programme wat aangebied word vir die opheffing van die haweloses nie.

### 6.2.3.3 Finansies

* Finansiering is ook 'n groot bron van kommer, aangesien die meeste sorgsentrums nie oor voldoende fondse beskik om die sentrums doeltreffend te laat funksioneer nie. As deel van hulle werkskeppingsprogramme moet

inwoners fondse van die publiek insamel. Fondsinsameling is deur baie van die inwoners as negatief en vernederend beleef en daar kan met een van die sorgsentrumbestuurders saamgestem word wat gesê het dat inwoners by sorgsentrums leer om bedelaars te word. Ander haweloses vind egter uit dat dit 'n redelike winsgewende bedryf kan wees en van hulle het al besluit om hulle eie sorgsentrum te begin.

### 6.2.3.4 Sorgsentrums as Gemeenskapsbron

* Soos reeds bespreek maak baie gemeenskapsorganisasies van sorgsentrums gebruik vir die plasing van hawelose mense en kom dit voor asof dit net as 'n aflaaiplek dien om haweloses weg te kry uit die oë van die gemeenskap, om dan daarna van hulle te vergeet. Daar kan dus met reg tot die gevolgtrekking gekom word dat die hawelose persone woonagtig in sorgsentrums, verwaarloosde lede van die samelewing en meer spesifiek die maatskaplikewerk-professie is.

### 6.2.3.5 Tydperk van Verblyf

* By al die sorgsentrums is daar geen spesifisering van die tydperk van verblyf nie en kan inwoners selfs onbepaald daar aanbly. Uit die bevindinge blyk dit dan ook dat sommige inwoners vir lang tye, selfs permanent, daar aanbly, omdat hulle nie kans sien om weer in die gemeenskap opgeneem te word nie. Dit blyk dus dat sorgsentrums nie net ten doel het om huisvesting aan haweloses te bied nie, maar ook om losies teen vergoeding aan persone wat

verkies om op 'n permanente basis daar aan te bly, te verskaf. Op grond daarvan kan die definisie van 'n sorgsentrum soos volg verander word : 'n Sorgsentrum kan beskou word as 'n residensiële fasiliteit wat huisvesting aan haweloses, sowel as ander persone bied wat uit hulle eie keuse teen vergoeding daar bly, met die oog op verbetering van hulle maatskaplike funksionering. Hierdie definisie verskil dus van die begripsomskrywing van 'n sorgsentrum wat in hoofstuk 1 (1.8.2) weergegee is.

Ten einde ag te slaan op die bevindinge en gevolgtrekkings uit die betrokke studie, wil die navorser sekere aanbevelings voorlê.

## 6.3 AANBEVELINGS

### 6.3.1 NAVORSING

Aangesien haweloosheid as verskynsel nog 'n redelike onbekende terrein in die Suid-Afrikaanse konteks is, terwyl dit onrusbarend toeneem in getalle, word aanbeveel dat verdere intensiewe navorsing onderneem word om die omvang van die fenomeen meer volledig te ondersoek en dat dit aan die hand van die voorgestelde geïntegreerde model (sien hoofstuk 3, Figuur 3.2) gedoen word.

### 6.3.2 SORGSENTRUMS AS VERSORGINGSOORDE

Uit die gevolgtrekkings het dit geblyk dat daar 'n definitiewe behoefte aan fasiliteite soos sorgsentrums bestaan, aangesien daar geen ander behuisingsfasiliteite vir hawelose persone beskikbaar is nie. Op grond daarvan word aanbeveel dat :

* Sorgsentrums as versorgingsoorde meer volledig ondersoek word;

* Regulering in die vorm van wetgewing oorweeg word en dat sekere standaarde as riglyne gestel word met minimum vereistes aan sorgsentrums, veral ten opsigte van bestuur en beheer. Die aanbeveling is veral gefokus op meer en beter beskerming van haweloses, sowel as die gemeenskap;

* 'n Vorm van subsidiëring of staatsteun word ook aanbeveel, wat kan voorkom dat inwoners sowel as die publiek finansieel ten koste van persoonlike gewin van sorgsentrumbestuurders, uitgebuit word.

### 6.3.3 MAATSKAPLIKEWERK-PROFESSIE

Omdat nie een van die hulpverleningsprofessies betrokke by dienslewering in die sorgsentrums is nie, word aanbeveel dat die maatskaplikewerk-professie indringend aandag sal gee aan die ontwikkeling van 'n intervensieprogram wat nie net alleen die probleme van die hawelose sal aanspreek as hulpverleningsaksie nie, maar ook as voorkomingsprogram op individuele- sowel as nasionalevlak moet dien. As die kringloop gebreek wil word sal die maatskaplikewerk-professie baie sterker na vore moet kom in die aanspreek van die probleem van haweloosheid.

### 6.3.4 HIPOTESES

Uit die navorsingstudie kan 'n algemene hipotese geformuleer word dat maatskaplikewerk-intervensie 'n positiewe verandering by haweloses teweeg kan

bring. Hierdie geverifieerde hipotese gee aanleiding tot 'n aantal hulpverlenings proposisies wat saamgevat kan word in die intervensiemodel van Ziefert en Brown (1992:215). Volgens die model moet die rol van die maatskaplike werker hoofsaaklik dié van pleitbesorger namens die haweloses wees. Die maatskaplike werker behoort reeds met individue en gesinne vanaf aanmelding, by die sorgsentrum te begin werk, totdat hulle permanente behuising bekom het.

In die intervensieproses is die volgende stadiums van belang :

(a) Assesseringsfase waar die kliënt se behoeftes en stadium van haweloosheid bepaal word, ten einde kort- en langtermyn intervensie strategieë te beplan.

(b) Die maatskaplike werker moet betrokke raak in direkte dienslewering deur praktiese aktiwiteite saam met die hawelose persone uit te voer. Die gevoel van afhanklikheid van die hawelose persoon moet aanvaar word as deel van die proses van ontwikkeling van 'n vertrouensverhouding.

(c) Die maatskaplike werker moet probeer om hawelose persone weer met familie en ander ondersteuningsisteme in verbinding te bring.

(d) Terapeutiese intervensie- en verrykingsprogramme moet aangebied word om vaardighede te ontwikkel soos verbetering van die selfbeeld, ouerskapvaardighede, werketiek, vaardighede om 'n huis te bekom en versterking van ander positiewe gedrag.

(e) Verwysing van hawelose persone wat gespesialiseerde behandeling benodig soos byvoorbeeld alkoholiste, na ander hulpverleningsdienste moet ook

gedoen word.

Maatskaplikewerk-intervensie kan 'n verskil maak en 'n bydrae lewer om die hawelose persoon weer op die pad van selfstandigheid terug te plaas.

## 6.4 SLOTGEDAGTES

Ten slotte wil die navorser meld dat die navorsing gedien het as 'n verkennende studie van 'n redelik onbekende terrein, naamlik haweloosheid, maar dat dit ook gedien het om 'n wye veld vir toekomstige navorsing op 'n verskeidenheid van gebiede, te open.

